

# BETOOG

**STAAT vs BALEKA  
EN ANDERE**

*Vol. 1*

1. DIE VRYHEIDSTRYD

In die onderhawige saak is die konsep van die Vryheidstryd waaraan die UDF, geaffilieerdes en aktiewe ondersteuners deelneem van kardinale belang. Ook by die ANC en SAKP is dit van wesentlike belang. Die uitstaande kenmerk by al hierdie deelnemers aan die vryheidstryd is die identiese aard van hierdie Vryheidstryd.

Die basiese kenmerk is dat almal van hulle hul dit ten doel stel om die breë massas en veral die Swart massas in Suid-Afrika daarby wil betrek om aktief die stryd teen die gesag in Suid-Afrika op te neem en te voer.

Al hierdie instansies propageer dit dat die massas streef na vrede en dat vrede in Suid-Afrika alleen moontlik is na vernietiging van die bestaande Regeringstelsel en na 'n magsoorname deur massas en die vestiging van 'n sogenaamde Demokratiese regering van die massas volgens die voorskrifte van die "Freedom Charter".

Al hierdie instansies en veral binnelands die UDF en sy geaffilieerdes verkondig gedurig dat hulle vreedsame organisasies is wat vreedsame veranderinge nastreef en in hierdie verband word verwys na die talle persverklarings deur die verdediging by hierdie Hof ingehandig. Die kern van die

beskuldigdes en die tersaaklike organisasies is dat die Regering en regeringsamptenare die oorsaak van geweldpleging is wat in die land voorgekom het.

Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie basiese verweer h absolute leuen is wat deur UDF en aktiviste in UDF en ge-affilieerde organisasies aangewend word vir doeleindes van selfbehoud en voortbestaan ten einde die rewolusionere oorlogvoering teen die Staat en staatsinstellings binnelands te organiseer, koördineer en voort te sit.

Weens die belangrikheid van die konsep van h vreedsame vryheidstryd in hierdie saak, word pertinent hierop ingegaan en die getuienis intensief nagegaan om te bewys dat die konsep van h vreedsame vryheidstryd van UDF en sy trawante h doelbewuste leuen en verdraaiing van die werklikheid is.

Dit is ons respekvolle betoog dat die getuienis voor hierdie Agbare Hof oorweldigend bewys die vryheidstryd en verenigde aksie wat UDF en sy trawante uitvoer en bevorder in wese gewelddadige oorlogvoering is waar die massas en veral die Swart massas betrek was in verenigde aktiewe aksie vir die uiteindelijke omverwerping van die bestaande Regering en die gewelddadige oorname van gesag.

Primêre Doel:

Wanneer die totaliteit van die getuienis voor hierdie Agbare Hof beoordeel word, bestaan daar hoegenaamd geen twyfel dat

UDF en sy trawante, syne <sup>d</sup>samesweerders geaffilieerdes en aktiewe ondersteuners se primêre doel is om die bestaande Regering in die RSA omver te werp en te vervang met 'n sogenaamde Demokratiewe Regering van die massas geskoei volgens die beginsels van die "Freedom Charter". Dikwels ook genoem 'n "Peoples Government" en die vestiging van "Peoples Power". Hieroor bestaan daar geensins enige twyfel nie en is dit werklik gemenesaak. 'n Paar bewysplase word nogtans aangehaal.

#### 1.1 Bewysstuk C1 - sien ook Bewysstuk J1 & 3

Op p. 1 paragraaf 2.1 OUR OBJECTIVE is to dismantle apartheid and replace it with a more just and democratic system (as in the Freedom Charter, for those of us who subscribe to it)."

Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat hierdie dokument so belangrik geag was dat dit versprei was onder die verskillende geaffilieerde organisasies vir hulle kennisname en behels verskeie belangrike beginsels van UDF strategie. So was dit gestuur aan VCA per Bew. C2.

#### 1.2 Bewysstuk C130 The Struggle is (our) Life - Brief aan ANC van Curtis Nkondo Gevind in besit van Curtis Nkondo

Curtis Nkondo beklee 'n belangrike pos in die leierskap van UDF. In UDF is hy ook in beheer geplaas van Onderwys en daarmee gepaardgaande die jeug en hulle deelname aan die vryheidstryd. Dit terwyl hy klaarblyklik 'n lid van die ANC is en hier in Suid-Afrika baie aktief is in die organisering en uitbreiding van die vryheidstryd.



Dit is belangrik dat hy alreeds in 1981 met die ANC kommunikeer en die wenslikheid van 'n "National Organisation" om die vryheidstryd binnelands te lei. Dit is ook belangrik dat hy destyds beginsels waarop UDF sy stryd fundeer aan die ANC oordra soos bv. geen gesprekvoering met die owerhede. 'n Vryheidstryd vir gesagsoorname waar "the people shall govern" en 'n regering van die massas ooreenkomstig die voorskrifte van die "Freedom Charter".

p.2 "I totally reject P.W. BOTHA'S 'total strategy' because it means a 'total' and perpetual subjugation, and enslavement of the Black majority. I reject any dialogue with the oppressor because it is a false premise. I reject any consultation with the oppressor because it is a fruitless exercise, and an attempt to defuse, and delay the struggle for liberation.

Both education systems are strictly a capitalist facade to inculcate in pupils and students all the false values that the colonialists/imperialists/capitalists have used for more than 300 years. A rejection of all these false values will quickly bring us nearer liberation than all the clap trap about 'black is beautiful', and all those mouthings about how black we are. What the people should know is that we are fighting for genuine liberation. We are fighting for complete political rights in which 'the people shall govern', in which 'the land shall belong to those who live in it'. Adhering to 'The Freedom Charter' is the only way in which we can mobilise the masses. Any deviation from this, is in my humble opinion, a complete betrayal of the struggle for liberation.

When I initiated the formation of COSAS, and AZASO, the intention was to create the 'Congress Youth League' with the hope that an National organization would be formed to contain, and work fruitfully with the league. I am, as you know, in constant contact with the Youth League. A genuine or relevant National Organisation is bound to emerge in the foreseeable future."

Insiggewend is die feit dat niemand van die COSAS-bestuur geroep was deur die Verdediging om Nknodo se bewerings te betwis nie.

### 1.3 Bewysstuk A1

Hierdie dokument is van baie groot waarde geskat deur UDF en die binnelandse leiers van die sameswering en was duisende eksemplare gedruk en versprei, nasionaal en internasionaal. Wat veral belangrik is, is die feit dat toesprake van verskeie leiers in die geledere van UDF en sameswering in hierdie bewysstuk opgeneem is waarin UDF se beleid en strategie en doelstellings uiteengesit word. In dié verband word verwys na hoe Boesak hulle primêre doel stel:

"So our struggle is not only against the White Government and their plans, but also against those in the black community who through their collaboration seek to give credibility to these plans."  
Bewysstuk A1, p.50 kolom 2.

Abdul-Hamid Gabier stel dit as volg:

"We demand the establishment of a democratic government representing all the people for the people."  
Bewysstuk A1 p.44 kolom 2.

George Sewpersadh stel dit sō:

"This gathering here shows that the people of South Africa are not merely asking for change but they, by their activities and their struggle, they will actually change South Africa and bring about a South Africa in which power will be in the hands of the people. We will never rest, we will continue with the struggle until leaders like Nelson Mandela are free to govern this country."  
Bewysstuk A1 p.40 kolom 2.

Frank Chikane, vise-President van UDF stel die doel as volg:

"And, I want to call upon you all peace loving people in South Africa to put hands together, to walk side by side to fight against the implementation of these reform proposals so that we can then destroy the system, so we can put up a government by the people where people shall govern according to their will." Bewysstuk A1 p.37, 2de kolom, laaste paragraaf.

1.4 In Gemeenskapspublikasie en wat versprei word in verskillende Swart gemeenskappe word die volgende prominente boodsak van Frank Chikane namens UDF publiseer:

"The formation of the UDF was one of the most significant developments of the year, bringing for the first time in decades all pockets of resistance throughout the country into one united front, and thus presenting the Government with the sum total of resistance reinforced and strengthened by 'unity in action'.

This was also a negotiation of the 'divide and rule' tactics of the government.

After years of forced separation between White, Coloured, Indian and African, and in the last two decades between African on tribal lines, the government found all these people together at Mitchell's Plain saying a big NO to Apartheid.

Our task now is to make sure that we are not carried by the euphoria of the power of unity in action, but use this opportunity to strengthen our organisations, resuscitate those which are declining, and create new grassroots organisations where there are none.

This means that each organisation must reassess its position, programmes, strengths and weakness as this year ends.

Ask yourself these questions: What have we achieved this year? How are the structures of the organisation affected? Have we come out stronger or weaker? Have we been able to keep a balance between our short term and long term goals?

From here you can then say how you are going to heal the negative aspects of the year and venture into a new democratically agreed upon programme for the following year.

Consider the experience of other affiliates in the UDF and see whether you cannot learn from others to improve your situation.

All this has to be done with our immediate goal kept in mind: to organise and mobilise the oppressed masses in South Africa, and create such structures and networks that will enable the liberation movement to break this system of Apartheid.

That shall be the time when it will not be the leaders calling people into action but the masses taking it up themselves.

That is a people's struggle towards a people's victory, giving birth to a people's government.  
Bewysstuk W69 p.7, 3de kolom.

### Die Vyand:

Dit is my respektvolle betoog dat die Staat oorweldigende bewys voor hierdie Agbare Hof geplaas en bewys het dat UDF en sy trawante, <sup>die doel</sup> om die Staat omver te werp, die hele situasie benader as 'n fisiese stryd teen 'n gemeenskaplike vyand. Die getuienis en bewys is dan ook oorweldigend dat dit by herhaling by ondersteuners van UDF en trawante en ondersteuners asook be-oogde ondersteuners ingeskerp word dat die Staat, Regering, Regeringsinstellings en beamptes die gemeenskaplike vyand is wat vernietig moet word. Hierdie getuienis van die Staat is nie weerlê of weerspreek nie.

Juis die feit dat 'n gemeenskaplike vyand identifiseer word wat deur die magte van UDF en trawante aktief aangepak moet word in verenigde aksie en vernietig moet word, bied bevestiging daarvoor dat dit 'n gewelddadige konfrontasie moet wees.

## 2.1 Bewysstuk C1

60 2 par 2

Gevind in UDF hoofkantoor

Sien ook J3.

## P.2 paragraaf 2

Die gemeenskaplike vyand wat vernietig moet word, is nie alleen apartheid nie maar die hele apartheid sisteem wat hul vyand is en wat vernietig moet word.

"2. Our Objective is:

To dismantle apartheid and replace it with a more just and democratic system (as in the Freedom Charter, for those of us who subscribe to it).

Often in the day to day heat of the struggle, we forget that our enemy is the apartheid system and not those whose views differ with ours."

## 2.2 Bewysstuk C5. - Sien ook J1 en 5 p.4 paragraaf H

"As far as other political tendencies are concerned, our most serious consideration should be those which have a mass base. By now we should be able to be realistic about the areas and nature of co-operation which is possible. It is our task to ensure that we and those not affiliated never lose sight of the fact that the apartheid state is the enemy ..."

2.3 Op 16 Junie 1984 herdenkingsdiens te Regina Mundi, Soweto, het Frank Chikane namens UDF die massas soos volg ingelig oor die sg. "Common enemy":

"You can rest assured that our common enemy, controlled by Pretoria, is not happy at all with this achievement ..."

Bewysstuk V10 p.5, 2de paragraaf.

2.4 Op 'n gesamentlike UDF/AZAPO protesvergadering op 3 November 1983 het Oupa Monoreng van SOYCO die massas onder geen wanindruk gelaat oor wie die massas se vyand is nie.

"... to realise that our struggle is .. eh .. going on and the enemy is trying its level best to cause division within the oppressed and exploited masses."  
V.3 p.2 (begin van toespraak)

2.5 Op dieselfde vergadering bring Frank Chikane dit wat beveg word, soos volg uit:

"And therefore we should understand that there cannot be reconciliation in South Africa, as long as if apartheid is there, as long as if injustices are there, there will be more and more conflict until people face the truth and say, this is an unjust system, let's dismantle it and put a just system, then people shall be reconciled, thank you".  
V3 p.14 paragraaf 1

2.6 Op dieselfde vergadering bring Oupa Monareng dit soos volg by die massas tuis:

"We together with the rest of the entire progressive forces, freedom lovers in our country and the world over, identify the enemy in terms of his violent, brutal and eh merciless actions. We ti..., we shall tirelessly fight all symbols and manifestations of oppression and exploitation.

In this era of darkness and brutality; our revolution cadres and comrades are prepared to chase (sic) attack and destroy the enemy from all areas, levels and corners of the world. Despite the fact that they are Black, White, Yellow or Green.  
Bewysstuk V3 p.18

2.7 Tiego Moseneke, President van AZASO laat geen twyfel by die massas wie hul vyand is nie.

"This man above all, above all the noise that he masks this man is a Bantustan Leader (Audience: Hear! Hear!). This man serves to reproduce an unjust system that we find in this country. This man is part of the system and when we all go out and destroy this system he shall be part of the enemy and we shall destroy the system together with him (Applause).  
Bewysstuk V3 p.24

2.8 Sien ook Bewysstuk AB.37 p.1 en Bewysstuk AB.7, dokument 6, p.3, 1ste en laaste paragrawe.

2.9 Graag vestig ons die Agbare Hof se aandag daarop dat in verskeie bewysstukke na verwys in hierdie hoofstuk, word 'n definisie van die "vyand" gegee wat ons nie weer na verwys onder hierdie sub-hoof nie.

2.10 Beskuldigdes 19, 20 en 21 en ander verdedigingsgetuies het hul bes probeer om hierdie hof te oortuig dat hul vryheidsstryd gemik is teen Apartheid synde die abstrakte beleid en nie teen die Regering en gesag in die Staat per se nie. Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie getuies van die verdediging doelbewus 'n powere poging aangewend het om hierdie Agbare Hof te mislei. Dit word verder betoog dat dit onomstootlik bewys is dat UDF en vername leiers soos beskuldigdes 19, 20 en 21 te alle tye die massas opgesweep het tot konfrontasie en geweldpleging teen die Staatsgesag en die Regering.

Die leuenagtigheid van beskuldigdes 19, 20 en 21 en ander verdedigingsgetuies word opmerklik bewys deur die feit dat in die praktyk was die aanvalle in die vryheidstryd doelgerig uitgevoer teen Raadslede, polisiebeamptes, en hul eiendomme, Raadseiendomme, skole en ander Staatseiendomme. Verder, in die aanvalle is padversperrings opgerig en is direkte aanvalle gerig teen die polisie en ander wetstoeppers.

### Strydmagte van UDF en Trawante

Die strydmagte wat die gemeenskaplike vyand moet aandurf en vernietig is nie die leiers in die verskillende organisasies nie, maar die verenigde massas en veral die Swart massas. Dit is my respekvolle betoog dat die Staat oorweldigende getuienis tot hierdie effek aangebied het wat nie deur die verdediging weerlê is nie maar in werklikheid erken het.

Die feit dat dit veral die Swart massas is wat hul gemeenskaplike vyand aktief en in verenigde aksie moet konfronteer en nie die leiers nie is 'n verdere bevestiging van die gewelddadige aard van die stryd vir die omverwerping van die Regering.

#### 3.1 Bewysstuk C1 - Sien ook J3

"The ..... question on which we require clarity is the question of how this change will come about?"

par. 3.1 Firstly - is it through the actions and work of the few like ourselves - or the many, the masses?

##### Our View -

The masses are the makers of history. It is they who must become active participants in the struggle - without this there cannot be any successful victory.

It therefore becomes imperative to evaluate our organisational activities in such a way that we draw the maximum participation of the broad masses - through mobilization, education and by stating in clear terms, the need for unity, the need to reject attempts by the enemy to divide us on racial lines."

#### 3.2 Bewysstuk C6

UDF Border: Extra-Ordinary Regional General Council Meeting: Rhodes University: June 10, 1984.

p.1, 2e paragraaf: "... When we have seen that, it becomes clearer to us that we are caught up in the classic situation of the exploiter versus the exploited; of the bourgeois versus the proletariat; of the capitalist versus the worker. These two are therefore the two major actors in the situation.



....

So the youth is an actor in the Liberation Struggle not as a distinct class but as a member of the working class ...

The nature of our struggle in this country is also basically two-fold. The main content of the present stage is the national liberation of the most oppressed group - the Black people. This national character of the struggle must therefore dominate our approach. The second aspect is the complete economic emancipation of the oppressed."

### 3.3 Bewysstuk C8 - What is the UDF Gevind UDF kantore Vryburg

"Because the UDF is a tactical alliance it has the capacity to unite a broadest possible spectrum of people across class and colour lines. Organisations must simply accept the UDF Declaration and be prepared to oppose the New Deal'. The autonomy of organisations is abrogated only in so far as opposition to the 'New Deal' is concerned." Ofcourse there must be organisations operating outside government structures - such as community councils, Bantustans/Homelands systems Black Local Authorities, Coloured Management Committees, South African Indian Council etc.

The nature of front formation of the UDF does not deny organisations the right to retain their programmes, policies and ideologies. 'Instead they unite on the basis of a common cause of anguish and a common threat to the hard won unity of the oppressed and all other freedom loving South Africans who are prepared to state their privileged positions by fighting side by side with the oppressed majority. It means the sport bodies, youth organisations, cultural groups, womans organisations, trade unions, professional organisations, church and political organisations would have a broad basis for unity in action and under the banner of one Front. This the UDF has proven, it is possible.

### 3.4 Bewysstuk C102/138 Secretarial Report - Part One: Overview of Work done.

Daar word besonder baie gesteun op die autonomiteit van die geaffilieerde organisasies. Tog roem die UDF self op die

nasionale gekoördineerde stryd deur die militante geaffilieerde organisasies as 'n besondere belangrike deurbraak en sukses van UDF.

p.2 "This awareness has stretched throughout the breadth of our land. It has reached into areas where no organisation existed before - and the presence of delegations from the rural areas here today bears testimony to this. In many areas, UDF structures have given birth to strong and militant grassroot organisation. The UDF has awakened our people's determination to fight back, it has become the symbol of our people's will throughout the country.

So today we can talk of a national political response and movement against apartheid. Slowly, we can begin to talk of a nationally co-ordinated struggle. This comrades, is important. Firstly we tend to become caught up in our work and our problems to the point where we forget that we extend beyond Du Toits Kloof mountains, and secondly, because this national movement has only been made possible by the UDF. Our organisations as they existed could never have achieved what they have now, united in the UDF."

3.5 Sien ook C99 p.4 en 5:  
Ook C102, Sekretariële verslag paragraaf 8.1.

3.6 Op die Krish Rabilal Herdenkingsdiens van 25 Februarie 1985 word daar geen twyfel gelaat by die massas dat hulle stryd voer aan die kant van die ANC nie. Die spreker was

M J Naidoo:

*submitteer by in UDF - leen*

"But I want to make one thing very clear, my objection to defending this country. I would like to be the first person to say that I am loyal to my country, I want to be patriotic until death to my country. But that patriotism is for my country, not for white racist South Africa and I want to say that very clear that there are people who are fighting against this country, not because they are terrorists, because they feel they are fighting a patriotic front of this country, for the freedom of this country, and that is the difference. You have people who are here fighting against people who are on the other side of the border. But I want to

*Q. Het by gebruik 12 leen UDF as representant of Name IC Dit is a telephone UDF*

say that those who are on the other side of the border are fighting for the freedom of this country, they are fighting for our freedom, and you've got to make that choice, whether you are going to fight for the people who are making the laws in this country and to preserve the racist system in this country to keep the black people oppressed or whether you are going to fight for those people who are fighting for freedom and justice. You've got to get to understand that, and in order to increase the number of people who are needed to defend the system in this country, the apartheid structure, the white government is going to try and needle, get (inaudible) get more and more."

*Dit is* → Magstryd

Die stryd waarvoor UDF en trawante hulle beywer is h stryd vir die oorname van Staatsgesag en nie net verwesenliking van burgerregte nie. Dit is die massas en veral die Swart massas wat verenig moet word en ooreed moet word om aktief tot die stryd toe te tree en die gemeenskaplike vyand fisies aan te durf te vernietig en gesag oor te neem.

Dit is ons respekvolle betoog dat die feit dat die Swart massas self aktief h totale magsoorname moet bewerkstellig en wat nie die verkryging van burgerregte behels nie is h verdere bevestiging van die fisiese geaardheid van die stryd teen die Staat en daar is geen poging aangewend om hierdie getuienis te weerlê nie.

Dit is ons respekvolle betoog dat die feit dat die Swartmassas self aktief h totale magsoorname moet bewerkstellig, en wat nie die verkryging van burgerregte behels nie is h verdere bevestiging van die fisiese geaardheid van die stryd

teen die Staat en daar is geen poging aangewend om hierdie getuienis te weerlê nie.

#### 4.1 Bewysstuk C.102 (Sekretariële verslag)

p.17 paragraaf 8 .....

"8.1 The Transformation of mass support to active participation in the day to day activities of our organisations: we must deepen our organisation. Out of the mobilised mass support our current organisations must develop cohesive structures capable of analysing their own situation and dealing with any challenge at any time of the day. Our affiliates must develop the capacity to identify and to address the needs of the masses of our people. We must increase mass participation in our organisations. Skills must not be limited to a few people, but rather spread and shared. The level of cadreship and leadership must be enhanced.

Our organisations and regional structures develop differently under various situations. Our perceptions and approaches to certain questions may also differ, however our task is to develop a common understanding of issues and to create the basis for cementing our unity. In the key note address to this conference, it was distinctly clear that two camps exist in our society, the one camp being the people, and the other camp being the enemy. From the side of the people, there will be those who differ with us from time to time, but it is nevertheless our duty to continue persuading them to participate in our programmes. We cannot afford to alienate anybody or any organisation. We must win more and more organisations into our Front. Outside the UDF there are hundreds of organisations which form part of the peoples' camp, and it is essential that we provide a space for them to contribute effectively to the peoples' struggle for power. We must develop an active programme to meet these priorities.

#### 4.2 Bewysstuk A1 p.40: George Sewparsingh aan die woord tydens UDF stigting:

"This gathering here shows that the people of South Africa are not merely asking for change but they, by their activities and their struggle, they will actually

change South Africa and bring about a South Africa in which power will be in the hands of the people. We will never rest, we will continue with the struggle until leaders like Nelson Mandela are free to govern this country.

- 4.3 Bewysstuk A1 p.38  
Steeds stel Francis Baard die volgende o.a.:

"That means South Africa is our mother land and South Africa is going to be free even if the government does not want it."

- 4.4 Bewysstuk A1 p.37 laaste paragraaf

In sy openingstoespraak tydens die nasionale UDF stigting stel Frank Chikane:

"And, I want to call upon you all peace loving people in South Africa to put hands together, to walk side by side to fight against the implementation of these reform proposals so that we can then destroy the system, so we can put up a government by the people where people shall govern according to their will."

- 4.5 In 'n persverklaring deur COSAS is o.a. die volgende gesê:

"We therefore say to Constable Louis Le Grange, Viljoen and their adopted babies by the name of councillors meet these demands or else, we have been long voicing out these grievances verbally now we are taking the first step practically.

But the call still remains adapt or die. Meet our demands or face the wrath of the people. The ball is now rolling on the courts of the Authorities. The Powers that be the Government. For we are on the offensive, on the march towards a democratic future."  
Bewysstuk AB 7 dok. 6 p.3. Eerste en laaste paragraawe.

### Kapitulاسie

Die enigste wyse waarop 'n gewelddadige en bloedige vryheidsstryd deur die Swart massas afgeweer kan en sal word, is

deur h totale kapitulasie deur die Staat en Regering. Niks minder as dit sal UDF en sy trawante aanvaar en tevrede stel nie. Dit is ons respekvolle betoog dat die Staat hierdie feite oorweldigend en sonder enige sweem van twyfel bewys het sonder dat die verdediging dit kon weerlê of in twyfel getrek het.

#### 5.1 Bewysstuk C18 en AL1

Dit is gemenesaak dat UDF en trawante voorstaanders is van h Nasionale Konfensie. Nieteenstaande die ontkenning van Beskuldigde 19, blyk dit dat hulle in UDF die strategie en politieke voordeel tot die fynste besonderheid bespreek en oorweeg het. <sup>oors 20</sup> h Spesifieke dokument is daarvoor opgestel en versprei onder samesweerders tewete Bewysstuk C18.

#### p.6 paragraaf 3

"We need to develop an understanding of how far we still have to go. We need to know what balance of forces is needed before we can draw up a real peoples' constitution so that, in the words of the Freedom Charter, The People Shall Govern.

It is in the light of all this that the discussion of a National Convention (NC) call has arisen in our ranks. Now we can in the UDF and organisations begin to set the political pace? Will we always just be reacting to the government's new recipes. Or can we begin to spell out our own political demands and preconditions?

To get a better understanding of these issues it will be useful to begin with a look at the history of the NC tradition in S.A.

Ons onderstreping.

h Bespreking volg van hoedat die Nasionale Konvensie sy oorsprong by die ANC het en dus stam uit die tradisie van UDF en trawante.

Op p.8 word die volgende gestel:

"NC and the 1984 Constitution

In the past few months now that a third constitution is being put into practice, there has been discussion of the NC call within the ranks of the UDF. While there is no commonly agreed, official position, those arguing for a NC call see it as being:

- (i) elected on the basis of unlimited, non-racial adult franchise;
- (ii) sovereign - ie, having the power to put into practice the constitution it draws up;
- (iii) public - ie, its meetings must be open to public observation, it is not a meeting behind closed doors.

There are also several NON NEGOTIABLE PRECONDITIONS that would have to be met for such a NC to occur: (Let op beklemtoning).

- (i) The suspension and demobilisation of the police and army.
- (ii) The unbanning of political organisations.
- (iii) The freeing of all political prisoners, the unbanning of all those banned, the unconditional return of all those in exile. All of these people should be free to participate in the proceedings of the NC, and also in the preparation for such a NC.
- (iv) The immediate suspension of all racist and unjust laws (like the pass laws, Group Areas, the Land Act, etc). The attempted revival of these laws will be made a punishable crime.
- (v) The suspension of the current racist constitution, and the dissolution of the bantustans". (Ons onderstreping)

Dit blyk dat die voorstanders van 'n Nasionale Konvensie in die geledere van UDF reeds vroeg al 'n baie duidelike en ondubbelsinnige konsep het van die totale en onvoorwaardelike abdikasie deur die Suid-Afrikaanse Regering.

Op p.12 word dit duidelik gestel.

"Given the preconditions demanded, why bother with a NC. This question is based on the misconception that the NC is designed as a round table negotiation with the present government and ruling classes. If the police and army are to be demobilized then a very different situation will have to be present in S.A. In these circumstances the NC will be the gathering at which the constitutional form in which the people are to govern will be worked out. It is not a sit-down with the P.W. Bothas and Oppenheimers."  
 Ons onderstreping

*Handwritten notes:*  
 Huid...  
 5.2 Bewysstuk H1

Die laaste aanhaling supra beklemtoon die leuenagtigheid van beskuldigdes 19 en 20 se getuienis oor die Nasionale Konvensie en die vooraf konsultasie en onderhandelinge. Die ware aard van die totale kapitulasie van die Suid-Afrikaanse Regering sonder enige voorbehoud word bevestig wanneer die Nasionale Uitvoerende Komitee van UDF op hul vergadering van 21 en 22 Julie 1984 in Bloemfontein vergader het.

Nou word die minimum vereistes soos hierbo uiteengesit die amptelike beleid en eise van UDF en trawante as geheel. Die metode van hoedat dit op Suid-Afrikaanse Regering afgedwing moet word, word ook duidelik uitgespel nl. ekstra-parlementêr deur die massa aksie van die gemobiliseerde en georganiseerde massas. Dit is nie deur gesprekvoering en onderhandelinge van die leiers nie, maar aktiewe fisiese aksie deur die massas wat uit die aard daarvan noodwendig alleen deur geweldpleging kan geskied.



Paragraaf 10 van Bewysstuk H1 lees soos volg:

"10 OUR POLITICAL ALTERNATIVES

It was noted that calling on people to boycott elections is not enough.  
The UDF has to offer alternatives.

10.1 MINIMUM DEMANDS

- a non-racial Democracy arising out of participation by all the people
- a Society based on justice, equality for all, health, education, etc.
- the release of all political prisoners
- the return of all exiles
- a National Convention
- disarming of the armed forces
- scrapping of Bantustans and puppet local authorities
- meeting of authentic leaders
- end to gst and removals and relocations

METHODS

- through extra parliamentary opposition
- mass mobilisation, mass action and building of organisation of people

10.2 CONDITIONS FOR A NATIONAL CONVENTION

- authentic leaders by mutual agreement
- return of exiles
- unbanning of the banned organisations
- conditions allowing propagation of different views
- release of all political prisoners
- suspension of racist constitution
- disarming and disbanding of the current army and police
- repeal of all unjust laws - pass laws, land act, the Internal Security Act.
- elected leaders of the people must participate fully in the planning of the convention.

10.3 We must draw a clear distinction between a National Convention and Talks. The above must be referred to Regions. Feedback must be given before 18/8/84 (14 days).

Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat dit hier beklemtoon word dat dit nie gaan oor onderhandelinge en gesprekvoering met die owerhede nie. Dit vind volle aansluiting met die uiteensetting in Bewysstuk C18.

### 5.3 Bewysstuk C102 - UDF National General Council 1985

Die Algemene Raad van UDF laat hoegenaamd geen twyfel bestaan omtrent hulle eis vir die totale kapitulasie van die Suid-Afrikaanse Regering en die oordrag van mag aan hulle nie. 'n Ondubbelsinnige ultimatum word gestel deur hulle:

#### p.6 Die Verklaring van die Algemene Raad van UDF

"There is still time for the racist minority regime to consult with the authentic leaders of the people, with the sole objective of making the necessary arrangements for the speedy and effective dismantling of the apartheid state and the transfer of power to the people."

"The precondition for the achievement of peace in this country is the removal of the evil apartheid system.

That is why we say that our struggle for liberation is a struggle for peace

Not one more drop of blood need be shed

Not one more family need live in misery and starve

No man or woman need go without work

Not one more family need go without shelter

if these conditions are met." (Ons onderstreping)

Die implikasies van hierdie ultimatum van UDF is helder en duidelik. As die regering nie bereid is om te kapituleer en gesag oor te dra aan die massas nie, is geweldpleging en bloedvergieting noodwendig onvermydelik in die stryd vir vryheid. Dit en die totaliteit van die abdikasie van die Regering word verder uitgespel.

#### p.7 (Verklaring - Algemene Raad van UDF)

"Finally we pledge to organise the masses of our people to effectively challenge the apartheid state by frustrating its efforts, preventing its advances, forcing its retreat and if possible to cut off all its lines of retreat.

We therefore make the following immediate demands as the beginning of a process of transition from the prevailing oppressive and exploitative order to a democratic state:

1. the immediate scrapping of the 1913 and 1936 Land Acts and all Group Areas Laws, and an end to any form of forced removals
2. the dissolution of the bantustans and the ending of the migratory labour system
3. the scrapping of the tri-cameral parliament and all other puppet bodies created under the Black Local Authorities Act and other instruments of racist rule
4. a unified and democratic education system
5. the repeal of the pass laws and all other restrictions on freedom of movement
6. the right of workers to freely organise in trade unions, to collectively bargain and the right to strike without being penalised, the right to security of employment, housing, social welfare, pensions and maternity benefits, as laid down in the United Nations Human Rights Govenants and the Charters of the International Labour Organisation
7. the release of all political prisoners, the unbanning of banned individuals and organisations, the return of exiles and the lifting of all restrictions on freedom of speech and assembly
8. the disbanding of the SADF, Koevoet, the SAP and all other repressive apparatuses
9. the scrapping of all barbaric 'security' laws which violate the fundamental freedoms set out in the Universal Declaration of Human Rights.  
(Ons onderstreping)

Die feit dat hier "immediate demands" gemaak word as die begin van die proses vir die oordrag van mag, bevestig nogmaals dat UDF hoegenaamd nie bereid is tot gesprekvoering en onderhandelinge nie en slegs tevrede sal wees met h

onvoorwaardelike en totale kapitulasie van die Regering. Hierdie beleidsverklaring van UDF se Algemene Raad, bewys onteenseglik die valsheid van beskuldigdes 19 en 20 se getuienis dat die kwessie van die Nasionale Konvensie nog nie behoorlik uitgepluis was nie en dat gesprekvoering en onderhandelinge met die Regering deel van die proses was.

5.4 Die onrealistiese "eise" wat UDF stel, dui ook op wat die Organisasie onder die begrip "Peaceful Change" verstaan. Dit is ons respekvolle betoog dat "peaceful change" vir hulle slegs een betekenis het en dit is kapitulasie deur die owerheid òf geweld:

"B. Peaceful Change Now or Never

Since its inception the UDF has constantly called for a peaceful solution to the South African problem. What we reject most emphatically is for the Nationalist Party to unilaterally dictate the conditions and terms of such negotiations. In our 1983 letter to Mr P W Botha, we stated:

- i that a meaningful process of change must be based on the unconditional release of Nelson Mandela and other imprisoned leaders of the people;
- ii that the banned and restricted should be unbanned:
- iii that Oliver Tambo and all the exiled should be allowed to return home unconditionally, and
- iv that such Apartheid structures as bantustans must be dismantled to allow for a non-racial and democratic constitution to be worked out.

We must make the point that any solution that excludes the participation of the ANC and its followers has no future. This is because such a settlement would not be terminating the present armed confrontation between the state and a growing portion of the country's population." Bewysstuk C109 p.2 onder paragraaf B.

5.5 Die valsheid van beskuldigdes 19 en 20 se getuienis t.o.v. die aard van die onderhandelinge vir 'n Nasionale Konvensie, die sg. vreedzaamheid van UDF se vryheidstryd, en die doel daarvan, word duidelik bevestig deur Cedric Kekana wanneer hy op UDF se Youth Rally op 28 Julie 1984 die massas direk inlig oor die aard van hul stryd en die waarde van enige onderhandelings. Hierdie vername UDF spreker laat hoegenaamd geen twyfel by die massas van hul verbondenheid aan die ANC en sy gewelddadige stryd:

"We are putting clearly to this enemy that we are not negotiating any form of settlement within apartheid, in the apartheid system.

We are not negotiating for any special deal, nor are we impressed by any form of resolve. Comrades and compatriots we are telling this enemy now that we are determined as never before to work towards the destruction of this apartheid based constitution and install the people's power where the people shall form their own government based on their own will.

Audience : Applause

After the total destruction of this apartheid based constitution and its government, we shall install our own government where the people shall govern, and we are there to say that, and here as we are gathered here to fight for our own liberation and to work towards the total seizure of power. The present condition and development at this stage of our revolution dictate upon the entire democratic and patriotic forces of our country to adapt our strategies and tactics to the prevailing material conditions presented by the enemy. To move from our own (inaudible) struggle, moving from the defensive onto the offensive. Young as we are, militant as we are, committed as we are, dedicated as we are, and determined as we are, we shall through our organised militancy and organised resistance, consolidate all the victories thus far scored by our struggling people (inaudible) ... sustained unity of the masses under the banner of the popular United Democratic Front and the proud tradition of combat and resistance of the oppressed (lot). We the youth, we the young people of our land Black and White shall organise to take an unequivocal liberation all code of national responsibility, to fight and win the struggle under the banner of our popular vanguard structures, lead by our own people through decades of process of bitter struggle against the change of perpetuual slavery."

Bewysstuk V15 p.23-24

5.6 Die valsheid van UDF blyk uit die feit dat waar UDF  
ookal in die kommersiële pers, of met die buitewêreld praat  
 oor sy eise vir 'n Nasionale Konvensie, net 3 van sy eise  
genoem word - ooglopend om aan die eenkant valslik voor te  
 hou dat UDF redelik en ernstig is in sy pogings om die  
 Regering op vreedsame wyse tot ander insigte oor te haal, en  
 terselfdertyd aan die anderkant voor te hou dat die Regering  
 onredelik is.

Waar UDF egter, met sy eie aktiviste deel, word die hele  
 prentjie geskilder en blyk die onredelikheid van UDF se eise  
duidelik. - Sien bewysstuk A1, p.2.

*Op verskeie plekke*

5.7 Ook word soms in die kommersiële pers deur UDF net  
 verwys na die hou van 'n Nasionale Konvensie maar dan word  
 geensins verwys na enige voorwaardes nie. - Sien AL 8 p.2.

### Ultimatum

Dit is ook sonder enige twyfel deur die Staat bewys dat UDF  
 en trawante 'n berekende ultimatum aan die Regering stel om  
 aan hul eise te voldoen of anders die gevolge te dra.

Die ironiese feit is dat nieeenstaande hierdie ultimatum  
 vir kapitulasie word die Staat verantwoordelik gehou vir  
 enige weerstand en gevolge wat hul beplande aksie mag  
 veroorsaak. Die bewese feite bewys sonder twyfel dat  
 geweldpleging deur die Swart massas voorsien en vooraf

beplan en verbloem word deur 'n propaganda set dat die Staat gewelddadig gaan optree. Hierdie getuienis is nie deur die verdediging weerlê of weerspreek nie en bied onweerlegbare bewys van die gewelddadige aard van die vryheidstryd.

6.1 Bewysstuk C102 (Verklaring van UDF Algemene Raad)

p.6 "There is still time for the racist minority regime to consult with the authentic leaders of the people, with the sole objective of making the necessary arrangements for the speedy and effective dismantling of the apartheid state and the transfer of power to the people.

The precondition for the achievement of peace in this country is the removal of the evil apartheid system. That is why we say that our struggle for liberation is a struggle for peace.

Not one more drop of blood need be shed  
 Not one more family need live in misery and starve  
 No man or woman need go without work  
 Not one more family need go without shelter

if these conditions are met.

The state and its agents are engaged in the wholesale letting of blood in the townships, billions of rands are spent maintaining apartheid structures; while subsidies for essential food are reduced or withdrawn, raised GST pays for SADF aggressions. Instead of homes at affordable rent, adequate recreational facilities, equal, democratic education, the people experience ever increased misery and oppression."

en verder op p.7.

"We recognise the need to encourage the increased and dynamic participation of progressive trade unions within our Front and to build the UDF so that it accurately reflects the centrality and leadership of the African masses in our struggle.

C/F  
 ANC  
 power

Finally we pledge to organise the masses of our people to effectively challenge the apartheid state by frustrating its efforts, preventing its advance, forcing its retreat and if possible to cut off all its lines of retreat."

N.B.  
 C102

6.2 Sien ook die aanhaling onder paragraaf 4.5 supra (Bewysstuk AB7).

6.3 Ook Eerwaarde A Boesak van UDF beklemtoon dat daar geen vrede in Suid-Afrika sal wees voordat die Regering nie ingestem het tot UDF se eise nie - die implikasies is duidelik -

(a) geweldpleging in Suid-Afrika is die skuld van die Regering; en

(b) geweldpleging word geregverdig omdat die Regering nie ingee aan UDF se eise nie.

"The demands are there and are clear : Release the political prisoners unban the organisations scrap all of these laws that have made SOUTH AFRICA a hell for so many people to live in, stop killing our children and our people on the streets. Let us participate in an open democratic society and then there will be peace in SOUTH AFRICA. Before that there will be no peace in this country (handeklap) and that is true. - So the state threatens to ban organisations and they threaten to ban the UNITED DEMOCRATIC FRONT, it will be a little difficult because the U.D.F. - I have often said, is the people of SOUTH AFRICA and they cannot ban the people."

Die toespraak is gemaak by UDF se massavergadering te Claremont op 26 November 1984.

Bewysstuk V6 p.25.

6.4 Sien ook bewysstuk V.15 en die aanhaling in paragraaf 5.5 supra.



6.5 Ook die Sekretariële verslag wat by CAHAC, 'n UDF-geaffilieerde se 3de jaarvergadering gelewer is, spel dit duidelik uit dat die ultimatum wat aan die Regering gestel word, is oornam van die Staatsgesag aan 'n sg. "peoples government" en dat die gewelddadige stryd sal voortgaan totdat die Regering toegee. Dat 'n gewelddadige stryd bedoel word, blyk duidelik uit die feit dat na die stryd in die Vaal, Grahamstad en Graaff-Reinet verwys word - waar die getuienis duidelik aantoon dat gewelddadig opgetree was teen die Staat en staatsgesag.

"We have seen the various responses of the state (P.C., Koornhof Bills, scrapping of the coloured labour preferential policy and Local Councils). And more recently bills like the Local Authority to give more legitimacy and make acceptable the government policy of divide and rule. The people's determination was not stopped by these vicious attacks; instead it has grown in a massive response, like in the Vaal Triangle, <sup>Local</sup> Community Councils in these areas. The people's message to the illegitimate government is loud and clear: The people shall govern and we will accept nothing less than this. This was also displayed in the Coloured and Indian elections. In the Cape, only 4% of eligible voters went to cast their votes."

Bewysstuk W72 p.5.

*Local Councils*  
*increase has led to the decision*  
*7*

6.6 In die SASPU National se Redaksionele Kommentaar van Desember 1984 word weereens die ultimatum aan die Regering gestel dat aan die eise van die "Freedom Charter" toegegee moet word om 'n herhaling van die gebeure in 1984 (wat, soos die getuienis duidelik bewys), gewelddadig was, te voorkom.

- (w) "One of the key forms of struggle employed in recent years has been the consumer boycott. The weapon's potency lies in the fact that it requires the organisation of the entire community in order to be effective. To sustain it requires strong, deeply-rooted organisational structures. Its success in

the Eastern Cape lay in the street committees which facilitated the effective anticipation of most residents. This proved very effective in the Eastern Cape in the people's campaign to get the troops out of the townships." (p.29)

- (x) "Other dramatic and often-utilised weapon is the stayaway. Where it is based on strong organisation, it is powerful and builds unity not only within the community, but also between community and trade union organisations. Where such organisation is not present, where such stayaways are not adequately prepared, they tend to produce, as with consumer boycotts, intimidation instead of persuasion, disunity instead of growing unity of the people. The adequate preparation for such a tactic requires careful discussion amongst all sections of the community, including hostel dwellers, and especially between community and worker organisations. Only then is this weapon powerful and effective." (p.3)

10.19 As daar gekyk word na hoe die georganiseerde verenigde aksie in die vryheidstryd in die werklikheid realiseer het, kan daar na ons respekvolle mening hoegenaamd geen twyfel bestaan oor die gewelddadige aard daarvan nie.

In hierdie verband word die Agbare Hof verwys na die insidente beliggaam in bewysstukke AAS 1 bylae F en AAS 3 op die plekke aldaar genoem en deur die verdediging erken.

Dit word verder met respek betoog dat hierdie insidente die resultaat is van die verenigde aksie deur die massas op die verskillende plekke en georganiseer en bevorder deur UDF en sy trawante en soos gestaaf deur die getuienis aangebied.

As die totaliteit van al die getuienis en bewysmateriaal soos supra uiteengesit in ag geneem word, is dit ons respekvolle betoog dat die sg. verenigde aksie van die massas baie meer uitgebreid is as blote vreedsame protesaksie en oontseglige bewys dat die genoemde verenigde aksie gerig was op die gewelddadige omverwerping van die Staatsgesag.

## 2. VOOR STIGTING VAN VCA

1. Die Staat het prima facie getuienis aangebied dat die VCA tot stand gekom het a.g.v. die UDF kampanje teen die Swart Plaaslike Besture.

Bewysstuk C110 p.6.

2. Dit word bevestig deur die verslag van lede van die "Vaal Action Committee" aan UDF waar erken word dat UDF en ander UDF geaffilieerde organisasies soos SCA aan hulle hulp verleen het om VCA tot stand te bring.

Bewysstuk L2 p.2.

3. Die vroeëre verbintenis met UDF word verder bevestig deur die feit dat voordat VCA met UDF geaffiliseer het, het lede van die "Vaal Action Committee" die vergadering van Transvaal UDF se Algemene Raad bygewoon en volgens UDF se vereistes vir koördinasie, verslag gedoen het aan die Algemene Raad.

Bewysstukke L1 en L2 p.2.

AN 14  
 No 20  
 (Lede van UDF)  
 VCA se  
 Algemene Raad  
 se vergadering  
 op 12/11/77



4. In die verslag word gewys dat UDF se kampanje teen Swart Plaaslike besture deur VCA opgeneem was en dat 'n reeks huisvergaderings beplan word om te kulmineer in massa-vergaderings voor die verkiesings.

Bewysstukke L1 en L2.

5. Voordat VCA amptelik gestig was, was skriftelike resolusies deur die Aksie Komitee opgestel wat op die stigtingsvergadering voorgelees en aanvaar was. Dit was deur die verdedigingsgetuies erken.

Vol. 208 p.10901.

6. Voordat VCA amptelik gestig was, het die Aksie Komitee beplan en gereël watter aanvaarbare en geskikte persone op die bestuur verkies moes word. Dit word deur die verdedigingsgetuies erken.

Vol. 348 p. 1990 f

7. Op 8 Oktober 1983 het Esau Raditsela, Beskuldigde 22 en Curtis Nkondo saam met getuie McCamel vergader en die program van die vergadering van 9 Oktober 1983 opgestel.

Dit is betekenisvol dat Curtis Nkondo synde op die bestuur van UDF-Tvl saam met die mense in die Vaal vergader het om die program te reël.

Vol. 33 pp. 1486-1487.

8. Op hierdie betrokke vergadering van 8 Oktober 1983 het Curtis Nkondo deelgeneem en saam met die ander besluit dat Esau op die stigtingsvergadering sou toesien dat die regte persone op die bestuur van VCA verkies word.

Vol. 33 p.1487

9. Die Aksie Komitee het die plakate opgestel wat met die hulp van UDF gedruk was en wat die stigtingsvergadering adverteer het. Dit is bewysstukke AN3 en AN5 en 'n belangrike feit is, dat beide bewysstukke AN3 en AN5 gevind was in die UDF kantore te Johannesburg.

Vol. 33 pp.1485-6.

Bewysstuk AS5 bls 43944.

Bewysstukke AN3 en AN5.

10. Uit bewysstukke AN3 en AN5 word die samewerking wat daar reeds bestaan het tussen UDF en die Aksie Komitee sowel as UDF se leidende rol openbaar.

(1) Reëlins was getref dat nie minder nie as drie vername UDF aktiviste die vernaamste sprekers op hierdie stigtingsvergadering optree om UDF denke te versprei.

(2) Reeds voor die stigting van VCA word UDF se kampanje t.o.v. Swart Plaaslike Besture en UDF voorgeskrewe knelpunte - huurkwessie - die sentrale tema van die vergadering selfs voordat daar nog enige sprake van huurverhogings was.

Bewysstukke AN3 en AN5.

11. Dat UDF en SCA aktiewe hulp aan die Aksiekomitee verleen het om die VCA te stig. Veral was hulp verkry vanaf Dr Motlana, Curtis Nkondo en ene Kgasapo.  
Vol. 33 pp.1485/6.

### 3. STIGTING VAN VCA

#### 1.

Die Staat het oor hierdie deel, twee getuies nl. IC8 en Lord A R Mc<sup>Camel</sup>~~Learnel~~ geroep om te getuig. Dit is ons respekvolle betoog dat hulle bevredigende getuienis gelewer het.

#### 2.

Hulle het oor die volgende aspekte getuig. Dit is ook gemenesaak of nie betwis nie.

1. McCamel was weens sy hoë aansien en populariteit in die gemeenskap deur Esau Raditsela gevra om as voorsitter op die stigtingsvergadering op te tree. Dit was sekerlik gedoen om aansien aan die gebeure te gee en mense te trek.
2. Die vergadering het plaasgevind op 9 Oktober 1983 te Roomse Kerk, Gebied 12, Sebokeng.
3. Die genooide gassprekers was Dr Motlana, Curtis Nkondo en E Shabangu wat Frank Chikani vervang het.

4. Beskuldigdes 3, 5, 8, 9, 10, 13, 14, 15, 16, 17 en 22 was teenwoordig.
5. VCA is gestig en beskuldigde 10 was daarop verkies as die verteenwoordiger vir gebied 3 en beskuldigde 22 as tesourier. Die bestuur was verkies soos vooraf beplan was.
6. Die vergadering het resolusies aanvaar soos beliggaam in bewysstuk AN13. Beskuldigde 22 het 'n belangrike rol gespeel tydens die aanvaarding daarvan.
7. Deel van die resolusies soos aanvaar, was vooraf uitgeskryf om seker te maak dat dit aanvaar word en die lys resolusies is deur beskuldigde 22 uitgelees en dit is aanvaar.
8. Die saal was opgemaak met baniere van UDF en COSAS en pamflette van RMC was opgeplak.
9. Die vernaamste drie sprekers, die gassprekers, het toesprake gelewer waarin hulle vernaamste teiken die Regering en regeringstrukture was.
10. Op die vergadering is die gehoor direk en doelbewus gemobiliseer en gepolitiseer om aktief tot die vryheidstryd toe te tree en in die proses die ANC en UDF aktief te steun.

Elliot Shabangu:

Hy is 'n spreker wat namens UDF op die stigtingsvergadering praat.

Hy populariseer die ANC en dié se vryheidstryd pertinent by die gehoor en skets die geskiedenis van die Vryheidstryd wat noodwendig ook die geskiedenis van die ANC is. Hy skerp dit by die gehoor in dat hulle onderdruk word en as sulks 'n deel is van die vryheidstryd. Hy moedig en stig die gehoor aan dat hulle moet verenig en deelneem aan die vryheidstryd. Hy bring dit by die gehoor tuis dat UDF besig is om die massas te verenig om aktief deel te neem aan die vryheidstryd en moet hulle in die Vaal aansluit by UDF.

Vol. 34 p.1519/21.

Hy het verder spesifiek die UDF/ANC kampanje teen Swart Plaaslike Besture op hierdie stigtingsvergadering bevorder en 'n aanval geloods teen die Raadstelsel en die mense van die Vaal aangestig om nie deel te neem aan die raadsverkiesings nie, maar om hul eie mense te verkies en sodoende die rewolusie te bevorder. Hy het die gehoor aangestig om in opstand te kom teen onderdrukking en om te veg vir hul regte. Hy het die gehoor volgens die bestaande UDF resep wat landswyd gebruik word, Raadslede aangeval en in onguns gebring deur hulle voor te hou as "puppets" van die Regering.

Vol. 16 pp.744/5 en Vol. 34 p.1521.

Dr Motlana

Hy het ook van die UDF propaganda gebruik gemaak om die Swart Plaaslike Besture onder die gemeenskap in die Vaal in onguns te bring. Nadat hy swakhede in die stelsel uitgewys het, het hy die gehoor uitgelok om nie aan die verkiesings deel te neem nie, want daardeur sou hulle iets kies om hulle te onderdruk. Dinge waaroor die inwoners ontevrede is sal na die Raadslede oorgedra word i.p.v. na die Administrasie Raad en dit sal meebring dat Swartmense onder mekaar baklei.

Vol. 34. pp.1517/18.

Motlana dit bevorder dat hulle 'n gemeenskapsorganisasie stig wat met ander gemeenskapsorganisasies moet saamwerk teen onderdrukking in die Vryheidstryd en dus moes hulle organisasie met UDF affilieer.

Vol. 16 p.749/52. Vol. 20 p.911.

In verslae oor die stigtingsvergadering, het UDF geaffilieerdes verslag gedoen dat Motlana die gehoor gewaarsku het dat die bewering dat die Raadstelsel kragtens die Wet op Swart Plaaslike Besture, munisipaliteite is, vals is. Hy het UDF propaganda versprei dat die sg. Koornhof Wette 'n metode skep om die Swartmense te skei op stedelike en landelike vlakke.

Hy het dit ook by die gehoor ingeskerp dat hulle slegs belangstel in die oornam van gesag in die land en nie

in n platform om griewe te lug nie. Die mag waarvoor hulle veg, is die mag om die land te regeer.

Bewysstuk W23 p.8 kolom 1.

Bewysstuk W69 p.6 kolom 2-3.

Curtis Nkondo

In sy toespraak het hierdie selferkende aktivis van die ANC (sien bewysstukke C129 ) op die gebied van Swart Onderwys en jeug en ook in dieselfde hoedanigheid in UDF, die ANC/UDF knelpunt oor Swart Onderwys bevorder op hierdie stigtingsvergadering van VCA. Hy het dit by die skoliere ingeskerp dat hulle inspraak behoort te hê in onderwys. Verder het hy dit beklemtoon dat die prefek-sisteem onaanvaarbaar is en dat hulle geregtig is op studenterrade i.p.v. prefekte. Hy het die gehoor aangestig om te aanvaar dat die Regering die Swartmense onderdruk.

Vol. 34 p.1518 en Vol.16 p.749, Vol. 20 p.896.

Nkondo het ook die ANC/UDF se kampanje teen Swart Plaaslike Besture opgeneem. Hy het beklemtoon dat die raadslede oor geen magte sou beskik nie en slegs boodskappers van die Regering sou wees wat die opdragte van die Administrasieraad sou uitvoer. Ook het hy die gehoor aangestig om die komende verkiesings te boikot.

Vol. 34 p.1519 en Vol. 20 p.897.

In bewysstuk W23 word gerapporteer dat Nkondo gesê het dat indien onderwys demokraties en relevant was, sou die mense deur die Regering se bose planne gesien het. Bewysstuk W23 p.8. (Verslag van slaggelyke)

11. Gedurende die vergadering was die ANC, ANC-leiers en rewolusionêre oorlogvoering gepopulariseer en bevorder deur die sing van vryheidsliedere en uitroep van slagspreuke.

Vol. 16 p.741 en Vol. 34 p.1513.

Die verdediging het die sing van vryheidsliedere probeer afmaak as die sing van kerlike gesange. Dit is met alle respek 'n ~~belangrike~~ <sup>beslissende</sup> benadering want hoe daar ooit geargumenteer kan word dat terreurleiers en dade van geweld en terreur ooit 'n godsdienstige kleur kan kry, gaan alle verstand te bowe.

In wese is bogemelde getuienis nie ernstig in geskil geplaas nie en selfs bevestig deur die getuies vir die verdediging. Daar bestaan ook geen rede waarom hierdie Agbare Hof nie hierdie getuienis sal aanvaar as die waarheid nie.

IC8 het ook getuig dat Curtis Nkondo dit by die gehoor tuisgebring het dat hulle in UDF Blankes in hul geledere toelaat. Vir die mense in die Vaal verduidelik hy dat hulle dit moet toelaat om daardie Blankes te gebruik om Blankes te



dood net soos die Blankes Swartmense gebruik om Swart mense te dood.

Vol. p

Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie getuienis logies en aanvaarbaar is as gelet word op die ware betekenis van die verenigde aksie en die vryheidstryd soos elders blyk.

Verder was Curtis Nkondo nooit geroep om dit te weerspreek nieteenstaande h stelling tot daardie effek nie. Ons voer aan dat hierdie self-beskrewe ANC aktivis nie geroep was as getuie nie omdat hy die gewraakte woorde nie met oortuiging kon weerlê nie.

Vol. p.

#### 4.

As hierdie getuienis ontleed word, tree h klompie baie belangrike feite na vore wat hoegenaamd nie deur die verdediging uitgeskakel is of kon word nie.

1. Hierdie vergadering was veronderstel of voorgegee h vergadering te wees om h organisasie te stig wat probleme op h plaaslike vlak moes oplos.
2. Die hoof tema van die vergadering word skielik die popularisering en uitbou van die vryheidstryd waaraan al die Swartes moet deelneem.

3. Nou word dit h vergadering waar UDF/ANC knelpunte Swart Plaaslike Besture en Swart Onderwys gebruik word om die mense van die Vaal op te sweep teen die Staat en staatsinstellings.
4. Dit word h vergadering waar UDF gepopulariseer word om die massas te lei in die vryheidstryd vir die oorname van staatsgesag - saal word opgemaak met UDF baniere - vernaamste sprekers verteenwoordig UDF-sprekers propageer UDF-affiliasie met UDF-resolusies.
5. Dit word h vergadering waar die ANC baie subtiel bevorder word omdat dit nie openlik gedoen kan word nie.
  - (1) Deur die sing van vryheidsliedere word ANC leiers en terreur teen die Staat aanvaarbaar gemaak en as oplossing vir hul probleme aangebied.
  - (2) Deur die geskiedenis van die vryheidstryd te skets en dit by die gehoor te skets dat die ANC en ANC-leiers die vernaamste komponente van die stryd is wat vir hulle, die gehoor se vryheid veg.
  - (3) Die gehoor word daarop attent gemaak dat hierdie vryheidstryd steeds voortgaan en word die massas uitgenooi, omdat hulle onderdruk word, moet hulle aktief deelneem aan die vryheidstryd.

- (4) Die koppeling aan die ANC word onbetwisbaar geskets, want die vryheidstryd van die ANC is ook die identiese stryd van UDF en ook presies dieselfde stryd waaraan die massas moet deelneem en dat almal in hierdie vryheidstryd deelneem om die gesag om te regeer oor te neem.
- (5) RMC plakate was in die saal opgeplak.
6. Dit is 'n opvallende kenmerk hoedat hierdie plaaslike vergadering, nasionale dimensies aangeneem het en dit word verder bevestig deur die resolusies wat op die vergadering aanvaar is.
7. 'n Baie belangrike feit wat bewys was, is die feit dat 'n lid van AZAPO in die Vaal gekies was op die bestuur van VCA. Dit is sterk bevestiging vir IC8 se getuienis.
- (1) Lede van AZAPO moes Swart Plaaslike Besture beveg. Eerstens die verkiesings moes geboikot word en later moes hulle agiteer vir die bedanking van Raadslede.  
Vol. 16 p.738.
- (2) Die besluit van AZAPO was dat hulle met ander organisasies moes saamwerk solank samewerking nie indruis teen AZAPO beginsels nie. Die kampanje vir die vernietiging van Swart Plaaslike Besture bots nie met AZAPO beginsels nie.  
Vol.            p.

- (3) Die waarheid van sy getuienis word bevestig deur die Voorsitter van AZAPO se tak in die Vaal nl. beskuldigde 2 se aktiewe deelname in die reeks vergaderings gehou gedurende Augustus 1984 in beskuldigde 3 se kerk in Sharpville.
- (4) Die vernaamste staving word verskaf deur die feit dat beide beskuldigde 2 en IC.8 op 3 September 1984 VCA se hoof optog te Small Farms bygewoon het en hulle daar openlik geassosieer het met die VCA aktiwiteite.

#### 4. TYDPERK NA STIGTING VAN VCA

##### 1.

VCA se volkome assosiasie met UDF en hul volkome gebondenheid aan die doelstellings en vryheidstryd van die ANC/UDF word baie sterk bewys en bevestig die werklike aard van die vryheidstryd.

1. Na die stigtingsvergadering het die gekose komitee vir die eerste keer gesamentlik vergader.
2. Dit was gesê die gebiedsverteenvoordigers moet vergaderings in gebiede organiseer, mense werf en komitees stig.
3. Daar moes massavergaderings en huisvergaderings gehou word. Die mense moes gemobiliseer en

gepolitiseer word deur gebruik te maak van knelpunte soos hoë bustariewe, hoë huur, broodpryse en koopbelasting. Dit sou verseker dat mense hulle steun.

Vol. 16 pp.754/5.

4. Dit word bevestig deur beskuldigde 10 in sy getuienis.

Hierdie getuienis bied bewys daarvoor dat VCA van meet af UDF/ANC se doelstellings om die massas aan die hand van daaglikse knelpunte te organiseer, mobiliseer, politiseer en te aktiveer tot deelname in die vryheidstryd, prakties uitgevoer het.

## 2.

Die VCA het besluit op kleure vir die organisasie wat identies is met die van die van die ANC nl. geel, groen en swart. Dit kan nie slegs 'n toevallige besluit wees nie, maar is 'n berekende keuse.

Vol. 16 p.757

Sekerlik kan h argument nie aangevoer word dat ook Inkhata se kleure geel, groen en swart is nie, want dit is bekend dat Inkhata en die ANC voorheen goeie vriende was. Ons is ook bekend met die UDF en trawante se houding jeens Inkhata. Niemand sal ernstig argumenteer dat hierdie UDF geaffilieerde vir Inkhata vereer met identiese kleure nie.

## 3.

VCA bevestig self hoedat hulle met volle oorgawe deelneem aan die sameswering om die massas te betrek in die vryheidstryd teen die Regering en regeringsinstellings.

1. Op 12 November 1983 woon hulle UDF-Tvl se Algemene Raadsvergadering by waar hulle verteenwoordigers deelneem aan die beplanning en koördinasie van kampanjes en aktiwiteite in die vryheidstryd. Hul affiliasie word aanvaar.

Bewysstuk M.2 paragrawe 2 en 3.1.

VCA was verteenwoordig deur: *J Motete*

Bewysstuk 26.

VCA doen verslag oor hul vordering in die UDF/ANC kampanje teen Swart Plaaslike Besture.

Bewysstuk M.2 paragraaf 9.

Dit word bevestig deur die getuienis dat VCA hierdie ANC/UDF kampanje gebruik in Vaal om mense daar te mobiliseer en te politiseer.

Vol. p.1554.

2. Op 10 Desember 1983 woon VCA die vergadering van UDF-Tvl by en neem deel aan die beplanning en koördinasie van kampanjes. Spesifiek was die kampanje teen Swart Plaaslike Besture op die agenda.

Bewysstuk N.2 paragrawe 1 en 5.

Bewysstuk N.3 paragrawe 4, 7, 8 en 9.

In paragraaf 8 word spesifiek gemeld dat hul doelstelling vryheid is. VCA was verteenwoordig deur

Bewysstuk 26.

3. VCA woon UDF-Tvl se vergadering by op 14 Januarie 1984. Hulle word verteenwoordig deur Esau Raditsela en Lord McCamel.

Bewysstuk 0.1

Bewysstuk 26.

In paragraaf 7 van bewysstuk 0.2 word dit bespreek dat lede van UDF aktief moet deelneem aan UDF se kampanjes.

Bewysstuk 0.2

VCA lewer dan ook skriftelike bewys daarvan dat hulle UDF beleid uitvoer en aktief deelneem aan UDF se kampanje en die massas mobiliseer.

Bewysstuke 0.3 en 4.

VCA lewer ook bewys daarvan dat hulle UDF se kampanje teen die Drie-kamer Parlementêre stelsel onderskraag en bevorder.

Vol. p.1554

Bewysstuk 0.6

4. VCA afgevaardigdes, beskuldigde 10 en Johny Motete woon ook die UDF konferensie in Port Elizabeth by waar hulle direk deelneem aan die beplanning van UDF strategie in die kampanje teen die Regering se planne vir 'n nuwe parlementêre stelsel.

Vol. p.

Na die konferensie vind terugvoering plaas na VCA en hulle standpunt word beliggaam in Bewysstuk 0.4.

Hieruit blyk duidelik hoe volkome VCA deel geword het van die UDF/ANC se strategie en vryheidstryd wat so in besonder by hulle ingeskerp was op die stigtingsvergadering. Begrippe soos "total boycott", "This is imposed upon the People by an undemocratic and illegitimate government", "... furthers aims and objects of apartheid", "... non-citizen idea on the masses" van



UDF en die ANC word openbaar as aanvaarde begrippe van VCA.

Bewysstuk 0.4.

In bewysstuk 0.3 word duidelik bevestig hoedat VCA die UDF beplanning en strategie uitvoer en bevorder.

- (1) Nuwe organisasies word gestig en in Bophelong was 'n "Youth Congress" gestig. Gereelde vergaderings word gehou om die mense van die gemeenskap te mobiliseer vir groter aktiewe deelname.
- (2) In gebied 7 Sebokeng was 'n werkskomitee gevorm wat aktief besig is om die massas in huis-vergaderings te mobiliseer.
- (3) Die gebied 7 komitee ~~het~~ 'n groep georganiseer om die onderwys kwessie en knelpunte op te neem en verder te voer in skole in Evaton en Sebokeng. Hierdie groep organiseer om "Parents Action committee and SRC's" in hierdie gebied sowel as in Bophelong en Boipatong te stig.
- (4) 'n Beroep word gedoen op UDF om hierdie komitees te orienteer ten einde onderwys knelpunte effektief te bevorder.
- (5) Curtis Nkondo en lede van UDF het positiewe hulp verleen aan VCA en hulle word in besonder bedank.

Dit is veral die einde van die verslag wat openbaar dat dit by VCA nie gaan oor plaaslike probleme per se nie, maar dat dit gaan oor die gebruik van plaaslike probleme vir mobilisasie van die inwoners vir deelname aan 'n nasionale vryheidstryd.

"We hope for real mobilisation and success in the new year.

...

The Struggle continues."

Bewysstuk O.3.

5. VCA het die UDF-Tvl Algemene Raadsvergadering van 14 April 1984 bygewoon en daar aktief deelgeneem aan UDF beplanning en koördinasie van hul aktiwiteite. VCA was verteenwoordig deur Esau Raditsela en Mike Kgaka.

Die vergadering het die volgende besluite geneem wat die praktiese werking van die sameswering verder bevestig.

- (1) Om met AZAPO saam te werk vir taktiese redes. Dit is verdere bevestiging vir IC.8 se getuienis.
- (2) Dat lede van UDF in hulle verslae moet konsentreer op UDF kampanjes. Dit is nodig vir beter koördinasie.

(3) Dat UDF se Opleidingskomitee 'n opleidingskursus beplan vir geaffilieerde organisasies op 28 en 29 April 1984 te Daleside. Dit is vir effektiewe leiding vir die voer van die kampanje teen Swart Plaaslike Besture en die effektiewe vernietiging daarvan.

Bewysstuk P.1-3.

Bewysstuk 26.

6. Die Daleside kursus het werklik plaasgevind op 27/28/-29 April 1984 onder die leiding van beskuldigde 21 en sy "education committee of the UDF".

(1) Onder sy persoonlike uitnodiging bevestig hy dat die doel van die kursus is:

(i) Die kampanje teen Swart Plaaslike Besture te evalueer.

(ii) Te beplan vir die toekoms hoedat gemeenskaps-organisasies die stryd teen Swart Plaaslike Besture kan voortsit.

Bewysstuk U4-a.

2 Die getuienis vir die verdediging het hierdie Agbare Hof probeer wys maak dat die kampanje teen Swart Plaaslike Besture aan die einde van November 1983 ten einde geloop het. Dit word deur hierdie gebeure duidelik vals bewys, want hierdie kursus word doelbewus

beplan vir die voortsetting van die stryd en soos sal blyk is die doel die vernietiging van Swart Plaaslike Besture.

3. Die program van die kursus bevestig dat hierdie kursus met groot sorg en doelgerigtheid beplan was om duidelike leiding te bied aan organisasies van hoe hulle te werk moes gaan om die raadstelsel te vernietig.

Bewysstuk U4-a.

4. Dit word aan UDF gerapporteer dat gemeenskapsorganisasies soos volg die kursus bygewoon het: Soweto 18 - lede; Oos Rand - 2 lede; Alexandra - 2 lede; Pretoria - 3 lede; Vaal - 5 lede; en vyf lede van UDF se uitvoerende komitee.

Bewysstuk U4-b p.1.

Volgens die bywoningsregister het die volgende persone vanaf die VCA die kursus bygewoon: Edith Lethlake, Esau Raditsela, Beskuldigde No. 7, Beskuldigde No. 17, en Matlakala Moeng.

Bewysstuk U4-c.

Beskuldigde No. 7 het in hierdie Hof getuig dat hy en beskuldigde No. 17 nie tot aan die einde van die kursus gebly het nie. Dit is ons respekvolle betoog dat beskuldigde No. 7 vir die Hof leuens vertel het in sy getuienis.

(1) In die eerste plek word spesifiek verslag gedoen dat daar 35 deelnemers aan die kursus was en ook spesifiek dat daar bo en behalwe die 35 nog 10 ander was wat gekom en gegaan het.

Bewysstuk U4 - b p.1.

- (2) Beskuldigdes 7 en 17 het reeds tydens die registrasie daar aangemeld en geregistreer en dit is hoogsonwaarskynlik dat hulle al die moeite sou doen om daarheen te gaan, te registreer en dan weer weg te gaan sonder deelname.
- (3) Klaarblyklik was die bywoning van die kursus goed beplan en bespreek in VCA-kringe en het Esau Raditsela geen rede gehad om valse inligting aan beskuldigde 7 te verskaf nie.
- (4) Beskuldigde 7 kon weens sy handtekening op die bywoningsregister nie betwis dat hy die kursus bygewoon het nie en die enigste ander metode om lastige vrae te ontduik is die flou verskoning dat hy die kursus verlaat het. Dit was opmerklik hoedat lastige vrae gedurende die verhoor ontduik was deur skielike swak geheues, laat kommer en vroeg wegganery. Hierdie geval is 'n tipiese voorbeeld.

*Voor 11 v. 116 die 11, 31  
35 het gekom  
10 kom + gegaan  
Q. 7 + 5E gekom*

- (5) Beskuldigdes 7 en 17 se prominente deelname aan die aktiewe aksie in die Vaal om die massas te mobiliseer en te betrek aan die stryd om die Raad daar te vernietig, loënstaaf sy getuienis.

5. Gedurende die kursus het die UDF aktiviste 'n duidelike beeld uitgespel aan die verteenwoordigers van die gemeenskapsorganisasies van hoe hulle die stryd moet voer teen die Swart Plaaslike Besture.

- (1) Hulle volgende taak is -

"The next tasks are to destroy the Black Local Authorities and to strengthen our civics."

Bewysstuk U4 - b p.3.

- (2) Die gemeenskapsorganisasies moes weet hoedat hulle stryd inpas by ander strydvoerings.

"The comrades explained that they see a separation between the type of struggle fought by a civic and those fought by a political organisation like the TIC.

They feel that a civic has the potential to mobilise a broad base of people in the community around some of their immediate problems i.e. rent/transport/poor living conditions etc.

The role of the political organisation is to bring out the political content of these basic struggles and to make sure that these struggles are co-ordinated into an assault on the State at all levels - local as well as national.

Those activists who have this level of political understanding would involve themselves in civic affairs with a view to ultimately politicizing these local struggles via the TIC."

En op p.5 word uitgewys hoedat die Regering verantwoordelik is.

"Mike's talk tried to summarise a lot of what had already been discussed. He pointed out that we need to try and understand the link between the struggles in different areas in terms of the government's strategy in those areas.

When we try to draw the links between the struggles of youth/women/trade unions/civics/political struggles etc. we must stress the way these problems are caused by united strategy on the part of the enemy.

The problems we face in youth organisations, in civics, in rural areas, in trade unions in political struggles are all linked because they are all caused by the government in its attempts to recognise oppression in this country."

Dit word dan uitgewys hoedat hulle effektief kan optree.

"The only way to oppose them effectively is if we make sure that our struggles are united. The struggles on the youth front, the womens front, the union front, the rural front and the civic front must all be linked together and united in a common attack on oppression and exploitation." Bewysstuk U4 - b. pp. 5, 6 en 7.

(3) Vervolgens word dan leiding gegee vir toekomstige aktiwiteite:

"... (11) Civics must coordinate with other organisations and groupings.  
 - churches, taxi associations, hostels, sporting organisations cultural organisations, artists etc.  
 - these groups should be involved in our work.

...  
 (12) Propagate UDF values.

(13) Politicize people.  
 - symbolize the link in our struggle e.g. by using different speakers like students, workers etc. on platforms expose powerlessness of local government using day to day issues."

Bewysstuk U4 - b pp.8 en 9.

Wat belangrik is, is om daarvan kennis te neem van hoe getrou die leerstellings van UDF op hierdie kursus daarna daadwerklik toegepas was in die Vaal. So bv. was die sg. magteloosheid van die Raadstelsel gekoppel aan daaglikse knelpunte voortdurend verkondig. Samewerking met ander organisasies soos AZAPO, ERPA, vroue organisasies, vakunies, kerkgroepe, jeugdiges was getrou nagevolg soos in die geval van die massa vergadering van UDF op 26 Augustus 1984 sowel as die wegbly aksie en aktiwiteite van 3 September 1984.

7. VCA het op 30 Junie 1984 die UDF-Tvl se raadsvergadering bygewoon en was verteenwoordig deur beskuldigde 17 en Esau Raditsela. Daar het hulle aktief deelgeneem aan die beplanning en koördinasie van UDF se kampanjes en aktiwiteite. Vaal Organisation of Women was tydens die vergadering toegelaat as UDF geaffilieerde. Bewysstuk Q.2 paragraaf 1.1 en 3.2.

Die sekretariële verslag is ter tafel gelê, bespreek en aanvaar en daar was by die deelnemers aan hierdie vergadering geen twyfel oor wie hul vyand is en oor wat hulle moet doen nie.

- (1) Hulle moes die "Milion Signature Campaign" voltooi.
- (2) Hulle moes die "fraudulant apartheid constitution" verslaan.



- (3) Stygende koste en koopbelasing moet aandag kry.
- (4) Gedwonge verskuiwings, die Bantoe-tuisland beleid en die "dummy black local authorities" trotseer steeds die woede van die mense.
- (5) Werkersaksie en daaruit vloeiende sterftes toon die werkers se vasberadenheid om hulself te bevry.

Hierdie besondere vergadering was deur beskuldigde 6 as verteenwoordiger van ERPA bygewoon. Na die vergadering het hy en Raditsela en beskuldigde 17 van VCA saam gereis en het hulle bespreek en besluit hoe om die UDF - MSC posifief te gaan uitvoer in die Vaal.

8. VCA het die UDF-Tvl vergadering van 14 Julie 1984 bygewoon en was verteenwoordig deur Esau Raditsela, beskuldigde 7 en beskuldigde 17 en het sodoende deelgeneem aan die beplanning en koördinasie van UDF kampanjes en aktiwiteite.

Bewysstuk R2.

Bewysstuk 26.

Dit is insiggewend dat beskuldigde 7 wat soos hy voorheen beweer het, belieg was deur Esau Raditsela t.o.v. die Daleside kursus nou weer saam met Raditsela hierdie vergadering bygewoon het. Op hierdie vergadering is 'n werkstuk - "The nature and content of the struggle" gelewer.

Veral ook was aksie in die Swart woongebiede bespreek en beplan. Hulle het ook op die vergadering 'n gesamentlike beplanningskomitee van UDF bespreek en daaroor besluit en wat belangrik is, dat geaffilieerdes uit die Vaal sitting daarop sou hê.

Bewysstuk R2 paragrawe 3.4, 6 en 8.1.

9. ~~VCA en ERPA het 'n gesamentlike komitee gestig om die~~ UDF se "Million Signature" Kampanje in die Vaal te bedryf en om handtekeninge in te samel.
  - (1) In die proses het hulle gebruik gemaak van jeugdiges om handtekeninge in te samel.
  - (2) Hulle het 'n blits gehou om handtekeninge te versamel.
  - (3) Ook op die ERPA vergadering het Esau Raditsela, Edith Lethlaka en beskuldigde 17 die insameling van handtekeninge bevorder.
10. VCA het ook gebruik gemaak van UDF en UDF se geaffilieerdes om hulle pamflette en plakate te druk.
11. Dit is egter veral met die uitvoering van die UDF/ANC se kampanje teen die Swart Plaaslike Besture in die Vaal dat VCA se ongekwalifiseerde aanvaarding van

UDF/ANC se beleid en strategie sterk op die voorgrond tree en die getuienis van die verdediging dat hulle hul hoofsaaklik toegespits het op die oplossing van plaaslike probleme, *wegvaal*.

(1) Eerstens wil ons verwys na die ANC dokument wat gekry was in die besit van die getuie.

(a) Die oproep van die ANC is dat die verkiesings van Raadslede geboikot moet word. Dit is presies ook UDF se oproep. Dit is dan ook presies wat VCA in die Vaal georganiseer en toegepas het.

(b) Die ANC bevestig dat dit die jaar van "United Action" is en doen 'n beroep vir aksie teen die Rade. UDF propageer "United action" baie sterk en beywer hom vir aksie teen die Rade. In die Vaal het VCA die wekroep vir verenigde aksie aktief opgeneem en die inwoners aangestig tot verenigde aksie en werklike aksie teen die Rade.

(c) Die ANC se oproep is om nou te begin met die boikot teen die "Sham Community Councils" en dat hulle die "whole community council system unworkable" moet maak. Dit is presies die beleid van UDF om Swart Plaaslike Besture te vernietig. Dit is presies wat VCA in die Vaal gedoen het deur die Rade te tipeer as

waardelose liggame en om hulle te vernietig en onwerkbaar te maak.

- (d) Dit bevestig dat die boikot hulle nader sou bring aan vryheid en dat die boikot 'n deel is van hul vryheidstryd omdat al die "puppet bodies" hulle onderdrukking en uitbuiting vergroot. Dit is presies wat UDF verkondig. Dit is wat VCA in die Vaal gedoen het om die Rade uit te maak as "puppet bodies" wat die mense onderdrukking en uitbuiting vergroot.
- (e) Die ANC verkondig dat dit 'n bedrog is om die naam te verander van "community councils to local authorities", want hulle funksioneer steeds om te onderdruk en te eksploiteer. Dit is presies wat UDF verkondig en dit is wat VCA prakties in die Vaal toegepas het bv. op die stigtingsvergadering.
- (f) Die ANC stel dit dat gemeenskapsrade beteken: die ontsê van burgerskap aan die Swart gemeenskap; die versterking van die tuislandsisteen; die uitbuiting deur hoë huur en diensgelde; die verdeling van die Swart gemeenskap in die rewolusionêre aanslag teen die wit minderheidsbewind. Dit is presies ook wat UDF verkondig en wat VCA prakties in

die Vaal aanwend. Sprekers op die stigtingsvergadering het dit gestel dat dit burgerskap ontsê aan die Swart gemeenskap. Die resoluksie teen tuislande wat aanvaar is bevestig dat dit bedoel is om die tuisland sisteem te versterk; die propaganda was altyd verkondig dat die hoë huur en diensgelde die gemeenskap uitbuit; dit was verkondig dat die raadstelsel die Swart gemeenskap landelik en stedelik verdeel.

- (g) Die oproep van die ANC is "Organise! Mobilise! Fight on!". Dit is presies ook die doel van UDF om die massas te organiseer en te mobiliseer en om die stryd voort te sit. Prakties het die VCA die inwoners in die Vaal georganiseer deur verskillende komitees te stig, die massas gemobiliseer rondom knelpunte en hulle aangestig om aktief deel te neem aan die vryheidstryd.
- (h) Die ANC se oproep is om 'n front te vorm teen gemeenskapsrade. Die UDF organiseer en beplan om in die woongebiede die inwoners te betrek in verenigde aksie teen gemeenskapsrade. VCA het op verskillende massa vergaderings die mense aangestig om te verenig en

verenigde aksie te neem teen die plaaslike besture.

- (i) Die ANC se oproep is om die "collaborators" wat aan die gemeenskapsrade deel neem bloot te stel en te isoleer. Dit is presies die beleid wat UDF volg en in die verband word verwys daarna dat enigiemand wat deel van die sisteem is, nie welkom is in die geledere van UDF nie. In die Vaal is hierdie wekroep prakties toegepas en h persoon wat slegs hulp verleen het aan Raadslede tydens die verkiesings was nie toegelaat om te praat op die vergadering van 26 Augustus 1984 nie.

*Magersa*

- (j) Die ANC se opdrag is om verhoogde huur en water tariewe en sloping van kaias te gebruik om die massas te mobiliseer in die stryd teen Swart Plaaslike Besture. Dit is h oproep wat UDF tot h baie groot mate bevorder en toepas. Kyk in die verband hulle opleiding van aktiviste tydens die Daleside opleidingskursus. In die Vaal was daaglikse knelpunte huur, uitsettings ens. oorvloediglik gebruik in die massa vergaderings om die massas te mobiliseer en te aktiveer tot aksie teen die Raadslede.

- (k) Die oproep van die ANC is om organisasies te stig - in woonbuurte, op streeksvlak en uiteiendelik op nasionale vlak. Dit is presies die beleid wat UDF voorstaan en toepas. In die Vaal is organisasies gestig. VCA het bv. verskeie gebiedskomitees gestig en het self by UDF geaffilieer.
- (l) Die ANC se oproep is vir die vermeerdering van die tempo van die stryd veral in gemeenskappe. Dit is presies wat UDF hom voor beywer het en gedoen het.
- (m) Die ANC se oproep is om alle liggame deur die Regering geskep soos adviesrade, gemeenskapsrade en ander outoriteite te vervang met sg. demokratiese organisasies om hulself te regeer. Dit is presies wat UDF gedoen het om te beplan en daarvoor te organiseer. In hierdie verband kan gekyk word na hul beleid van alternatiewe strukture en die vestiging van "peoples power, liberator zones and street committees" soos onder die Hoof: Die Vryheidstryd meer volledig bespreek word. Sien bewysstuk CA.22.

2. Wanneer die verskillende massa vergaderings later behandel word, sal dit duideliker uitkom hoedat VCA nie

plaaslike probleme wou oplos nie, maar veral daarop toegespits het om die massas te betrek om Swart Plaaslike Besture te vernietig.

5. VERGADERING VAN 27 NOVEMBER 1983

1.

Dit is duidelik dat Esau Ralitsela die eintlike dryfkrag agter VCA was en 'n prominente rol gespeel het in die organisasie en koördinasie van VCA se aktiwiteite. Dit word dan ook deur getuie McCamel bevestig dat hy al meer onaktief geraak het as Voorsitter van VCA as gevolg van probleme wat hy ondervind het met Esau Ralitsela.

Vol. p.1485 en Vol. p.1570.

2.

Op 25 November 1983 het Esau Ralitsela vir getuie IC8 geskakel om 'n VCA georganiseerde massa vergadering in die Roomse Kerk, Gebied 12 Sebokeng by te woon. Die doel van die vergadering was om teen die komende raadsverkiesings te agiteer.

Vol. 16 pp.758/9.

Die vergadering was gehou op 27 November 1983. Sien in hierdie verband bewysstuk AN15(8). Volgens hierdie pamflet was die inwoners van die Vaal uitgenooi na VCA vergaderings sodat hulle daar kan hoor hoe die Wet op Swart Plaaslike Besture hul lewens gaan beïnvloed. Dan word dit uitdruklik



gemeld dat "It is a lie that municipal status would be better." Dit kan vergelyk word met die ANC opdragte supra behandel toe bewysstuk CA22 behandel is.

Hierdie pamflet stel die volgende knelpunte en koppel dit aan eise wat weereens ooreenstem met die ANC opdragte in CA22.

"Vaal Civic Association:

- . demands decent houses for all
- . demands low rents that we can afford
- . demands adequate schools for our children
- . condemns the community councils as puppet bodies
- . asks our people not to vote because nothing would be achieved"

"Do not vote for people who are interested in their pockets."

Bewysstuk AN15(8).

### 3.

Die gassprekers wat wel op die vergadering toesprake gelewer het, is Elliot Shabangu en Curtis Nkondo en wat die inwoners ingelig het hoe Swart Plaaslike Besture hulle lewens sou raak. Daar was ook plaaslike sprekers.

Vol. 34 p.1531 en Vol. 15 p.761.

#### Elliot Shabangu

Hy het in sy toespraak dit aan die gehoor oorgedra dat hulle gladnie aan die verkiesings moes deelneem nie, want deur aan die verkiesings van Swart Plaaslike Besture deel te neem is om aan die verkiesing van onderdrukking deel te neem.

Vol. 16 p.761.

Curtis Nkondo

Nkondo in sy toespraak het gehandel met Swart onderwys. Nogmaals was hy besig om hierdie UDF knelpunt te gebruik om die mense in die Vaal op te sweep en te mobiliseer teen die Staat. 'n Verdere beginsel van UDF wat hy effektief toegepas het, was om onderwys te koppel aan die verkiesings van Raadslede om verenigde aksie tussen die jeug en die ander inwoners te bevorder.

Hy het die geykte COSAS/UDF argumente aangevoer dat die prefekte stelsel 'n maaksel van die Rgering is wat tot niet gemaak moet word en vervang moet word met Studente Rade van hul eie keuses. Hy het aangevoer dat deur die behoud van die prefektestelsel onderdruk die Regering Swartmense. Verder het hy gesê Studente Rade kan die leerlinge verteenwoordig rakende skoolsake of sake rakende onderwys.

Hy het ook oor die Swart Plaaslike Besture gepraat.  
Vol. 20 p.926.

Beskuldigde 22

Beskuldigde no. 22 het ook deel gevorm van die groep op die verhoog en het self ook 'n toespraak gelewer.

In sy toespraak het hy ook te velde getrek teen die verkiesing van Raadslede. Hy het die mense aangestig om nie aan die verkiesings deel te neem nie en as beweegrede

aangevoer dat deur aan die verkiesings deel te neem stem die mense vir onderdrukking.

Vol. 16 p.762.

## 4.

Op hierdie vergadering was UDF, COSAS, VCA en RMC prominent geadverteer en gepopulariseer deur baniere, plakkate en pamflette. Daar was handgeskrewe sowel as gedrukte plakkate. Hierdie plakkate se bewoording het die aard van UDF/ANC se kampanje bevestig: "Away with councillors", "away with high rents" en "Away with Black Local Authorities".

Vol. 16 p. 759 en Vol. 209 p.10967.

Esau Raditsela het buite die saal gereël met beskuldigde 5 dat no. 5 daar orde sal handhaaf en om plakkate daar te dra.

Vol. 208 p.10948.

+ VCA  
C/A

Esau Ralitsela het plakkate uit sy motor gaan haal vir hulle om te hou voor die saal.

Vol. 208 p.10952.

Die doel om die plakkate deur persone te laat hou was om die mense in te lig waaroor die vergadering gaan.

Vol. 208 p.10953.

Johnny Motete (h lid van die VCA bestuur) het met h groep persone vanaf Bophelong daar opgedaag met h banier.

Vol. 208 p.10953.

Die Polisie het daar observasie gehou en 'n reeks fotos van die plakkaatdraers en plakkate geneem. Die reeks fotos word ingehandig by die Hof as bewysstukke CA8(a) tot (h) en hy erken dat dit fotos is van hulle en die plakkate sowel as van die banier.

Vol. 20 p.10959.

Die banier self was ook voor die Hof. Aan die linkerkant van die banier staan VCA onder mekaar, regs is in 'n sirkel die UDF logo. ... bo staan "Hare vote!!" Daar onder geskryf "unite against Bothas plans". Daaronder groot geskryf "VCA Peoples Rally". Daaronder "Sun Nov. 27 1 pm". Daaronder "Bophelong Youth Congress" in rooi letters en dan "We do not vote". Heel regs onder mekaar die letters "B.O.Y.C.O". Die voorkoms van die fisiese banier voor die Hof is identies met die banier op foto bewysstuk CA8(F).

Vol. 208 pp. 10960/62.

Die plakkaat voor Hof CA10 is soos die plakkate op fotos. Dit is 'n gedrukte plakkaat met bo aan "UDF unites - apartheid divides", die UDF logo en onder "United Democratic Front" en heel onder geskryf "Hare Vote" - 'n foto is geneem bewysstuk CA 10.

Vol. 208 p.10962.

Bewysstuk CA11 is 'n foto van 'n selfgemaakte plakkaat wat beskuldigde 5 die betrokke dag gehou het. Bewoording: "We support Vaal Civic Association and UDF. "Dont Vote!"

Daarop geel plakker met woorde "Dont Vote for Community Councils. Support VCA". Hierdie plakkertjies was uitgereik deur UDF.

Vol. 208 p.10963.

Op bewysstuk CA8(c) staan "All the Town council candidates all oppressors".

Vol. 208 p.10965.

Die doel met die hou van die plakkate was o.a. om die mense te oortuig dat die Raadslede onderdrukkers is sodat die mense hulle moet verwerp en dit was ook die doel met die vergadering wat plaasgevind het.

Vol. 208 pp.10969/70.

Die rede waarom die Raadslede as onderdrukkers uitgemaak was, was omdat hulle sou deelgeneem het aan die raadsisteam wat hulle lewenslank sou onderdruk. Die Koornhof-wette sou beteken dat hulle teruggestuur sou word tuislande toe. Die Raadslede sou dit doen en hulle hul politieke regte ontnem. Raadslede neem deel aan die onderdrukking - Vergelyk dit met wat die ANC sê in bewysstuk CA22.

Vol. 208 p.10970.

Dit is ook so dat lede van VCA, lede van COSAS en lede van die Bophelong Youth Congress hierdie demonstrasie met plakkate en die banier gehou het met plakkate wat deur VCA verskaf was.

Vol. 208 pp.10966/97.

In die saal self het 'n UDF banier 'n ereplek gekry bokant die verhoog met die sprekers.

Vol. 16 p.759.

5.

Tydens die vergadering is die ANC, ANC leiers en terreur gepopulariseer en bevorder deur die sing van vryheidsliedere. Slagspreuke was ook geskreeu.

Vol. 16 p.760, 761, p.762.

6. VERGADERING VAN 19 FEBRUARIE 1984

1.

Die dag voor die vergadering het Esau Ralitsela vir getuie IC8 by sy huis kom haal en hom geneem na die huis van McCamel sodat hulle finale reëlings kon tref vir die middag van die 19de se vergadering.

Vol. 16 p.7614.

Die doel van die vergadering was om 'n Aksiekomitee vir gebied 7 te kies.

Vol. 16 p.765.

Op hierdie vergadering was vryheidsliedere gesing waarin die ANC, ANC-leiers en terreur gepopulariseer en bevorder was.

Vol. 16 p.765.

Die volgende beskuldigdes het die vergadering bygewoon:  
 Beskuldigde 5, beskuldigde 7 terwyl getuie IC8 opgetree het  
 as voorsitter.

Beskuldigde 7

Hy het 'n toespraak gelewer en hom toegespits op huur en hoë bustariewe. Hy het die gehoor aangestig en gesê hulle moet die hoë bustariewe boikot en dat hulle moet veg vir hulle regte.

Dit is belangrik om kennis te neem dat beskuldigde 7 reeds op hierdie stadium toe daar nog geen sprake was van enige verhoging van tariewe nie, reeds gebruik maak van breë algemene knelpunte om die mense van die Vaal te politiseer en te mobiliseer vir strydvoering. Wat nog meer opmerklik is, is dat hy nie hier probeer om enige oplossings voor te stel vir plaaslike probleme nie. Dit beantwoord volkome aan UDF en die ANC se beplanning en leiding dat die massas gemobiliseer en gepolitiseer word aan die hand van knelpunte.

Sien bewysstuk CA22 Vol. 16 pp.765/66.

2.

Die Aksiekomitee vir gebied 7 was verkies en beskuldigde 7 was verkies as vise-voorsitter.

7. AZAPO BESTUURSVERGADERING 10 JUNIE 1984

## 1.

Op 10 Junie 1984 het AZAPO 'n bestuursvergadering gehou by die huis van beskuldigde 2 wat die voorsitter van die vergadering was.

Op die vergadering het hulle die boikot bespreek asook die aktiwiteite van die Raadslede. Op die vergadering het die leiding gekom van beskuldigde 2 dat AZAPO-Vaal met die ander organisasies in die Vaal soos VCA, COSAS en UDF moet saamwerk.

Hulle het ooreengekom om 'n vergadering te organiseer om te wys dat die organisasies kan saamwerk om een en dieselfde doel te bereik en dit is "to disturb all the things that have got to do with the local authorities." Dit het beteken hulle wil nie die Raad hê nie, hulle moet nie die kans kry om behoorlik te funksioneer nie en moet geheel en al geboikot word.

Wat hulle na gestreef het, is dat as die Raad huurgeld verhoog, moet hulle eers die gemeenskap ken. Ons wou hulle gladnie gehad het nie en hulle moes bedank. As hulle huurgelde verhoog sonder om die gemeenskap te ken, moes die verhogings nie betaal word nie.

Vol. 16 pp.767/69.



2.

Dit is ons respekvolle betoog dat dit n belangrike deel getuienis hierdie is soos gelewer deur IC8. Dit gaan saam met IC8 se getuienis dat beskuldigde 3 ook lid was van die AZAPO-Vaal se bestuur. Hierdie getuienis verklaar ook beskuldigde 2 se optredes waar hy telkens opgetree het en so n leidende rol gespeel het in die reeks vergaderings gehou in beskuldigde 3 se kerk.

Dit is ons respekvolle betoog dat IC8 se getuienis korrek is in hierdie opsig en die verdediging se ontkenning van samewerking in die Vaal n blatante leuen is. Die waarheid van IC8 se getuienis en die valsheid van beskuldigde 2 en die verdediging se ontkenning word deur AZAPO se president Isamael Mkhabela self gedoen.

"Mkhabela and other national officials regularly attend meetings of the Vaal Civic Association Sebokeng 'as an act of solidarity and to take the opportunity of sharing perspectives with them'. He and his fellow office bearers are all members of the Soweto Civic Association or their local equivalents, and some provide leadership at branch level.

True, Mkhabela agrees, 'issues tackled on the civic level are not the same as those that concern us at a national or political level. But we see it as our duty to infuse political implications and perspective into civic matters'."

"Asked about relations with the UDF, he says that in some recent campaigns, such as those against the town council elections and the tri-cameral parliament, AZAPO has when feasible - for example in Nelspruit in the Eastern Transvaal - shared a platform with the UDF. 'And on other civic issues, we rub shoulders and work with them. At that level, it's the issue that's important. If an issue affects the whole community, there isn't a UDF zone and an AZAPO zone.'"  
Bewysstuk W9 p.16.

8. STIGTINGSVERGADERING - VROUE ORGANISASIE

Aan die begin van 1984 was daar 'n massa-vergadering gehou in die Vaal om 'n vroue-organisasie te stig.

## 1.

Hierdie vergadering was georganiseer deur Esau Ralitsela, vise-voorsitter van VCA, Edith Letlhaka tesourier van VCA en Dorcas Raditsela die vrou van Esau. Dit is belangrik om kennis te neem dat die inisiatief vir die organisering en mobilisering van die vroue in die Vaal geneem is deur belangrike aktiviste in VCA. Dit beklemtoon ook die feit dat Esau Ralitsela die werklike dryfkrag in die Vaal was en dat hy daadwerklik die voorskrifte van die ANC soos beliggam in bewysstuk CA22, uitvoer.

Vol. 34 p.1534.

*Vge ook AAJ*

## 2.

Die doel was om 'n vroue organisasie te stig wat met VCA sou saamwerk. Vroue organisasies wat bestaan het, het niks te doen gehad met daaglikse knelpunte van die gemeenskap nie.  
Vol. 34 p.1534.

## 3.

Die sprekers op die vergadering was:

Lord McCamel

Hy het die vroue aangemoedig dat hulle in VCA die vroue nodig het om te veg teen knelpunte, maar veral kan die vroue

help met die probleme wat die kinders raak weens rondlopery en drankmisbruik.

Vol. 34 p.1535.

Amanda Kwadi

Sy het gepraat namens FEDSAW -

Eerstens het sy uit die verlede geskets hoedat die vroue in opstand gekom het teen bestaande probleme destyds, en deelgeneem het aan die stryd. Sy het vertel hoedat die vroue jare gelede masjeer het na Pretoria.

Vervolgens het sy die vroue aangemoedig om in opstand te kom en aktief deel te neem aan die stryd.

Vol. 34 pp.1535/6.

Edith Letlhaka

Sy het gepraat namens VCA.

Die kern van haar toespraak het gegaan oor die hoë huur en beklemtoon dat huur verhoog, maar dat die mense se inkomste nie verhoog nie.

Sy het ook uitgewys hoedat ouers moet betaal vir die skoolopvoeding van hulle kinders en hoedat skoolgelde gedurig verhoog.

Dat alles verarm die ouers en daarom benadruk sy dit dat vroue hulself moet identifiseer met wat gebeur en saam met die mans moet veg.

In haar toespraak het sy 'n aanval op die Raadslede gedoen en gesê hulle is verantwoordelik vir die huur verhogings. As hulle die Raadslede ondersteun, ondersteun hulle hul eie onderdrukking.

Vol. 34 p. 1536.

Aubrey Mokoena

Hy het gepraat namens die "Release Mandela Committy". Hy het breedvoerig uitgewy oor die "Release Mandela" kampanje en gesê hierdie kampanje gaan oor hulle leiers wat in die tronke opgesluit is. Dit gaan verder om dit wêreldkundig te maak dat hulle leiers steeds in die tronke is en dat die gemeenskap wil hê hulle moet vrygelaat word.

Op sy versoek het die gehoor Senzenina saggies geneurie terwyl hy sy voordrag gelewer het wat te doen het met die name van die persone wat opgesluit is - mense soos Nelson Mandela, Walter Sisulu, Govin Mbeki en ander.

Vol. 34 p.1536/7.

4.

Daar is besluit om 'n vroue-organisasie te stig wat bekend sou wees as "Vaal Organisation of Women" (V.O.W.). Daar is besluit dat VOW met VCA sou saamwerk en dit is verder besluit dat VOW moes affilieer met FEDSAW en met UDF.

Die besluit was ook geneem dat VOW sou saamwerk met ander progressiewe organisasies. Progressiewe organisasies het

met knelpunte te doen om die mense te verenig bv. VCA en Vakunies. Dit kan gesê word, dit is die organisasies wat met UDF geaffilieer het.

Vol. 34, pp. 1537/8.

VCA self as 'n progressiewe organisasie werk vir eenheid. Dit is egter 'n lang proses. Daarom is dit nodig om die mense bymekaar te bring en hulle daarvan bewus te maak dat hulle 'n eenheid vorm. Getuie en Esau Ralitsela het bespreek hoe om eenheid te verkry maar <sup>hulle</sup> ons kon nie saamstem nie.

Getuie se standpunt:

Stel die probleme vas. Raadslede kan hulle nie verteenwoordig, maar hulle was die oorsaak van die probleme. Getuie se gevoel was dat die Raadslede met die probleme genader word omdat hulle dit veroorsaak het en daarom moet hulle dit oplos. Dit is op laaste standpunt dat Raadslede genader word waar hulle verskil het en Esau Ralitsela het standpunt ingeneem dat om met Raadslede te onderhandel beteken dat hulle die Raadstelsel erken.

Die oorheersende gesindheid in VCA was dat daar geen onderhandelings met Raadslede moes wees nie.

Vol. 34 p.1537/44.

Die vernaamste feit is dat hulle Raadslede en die Raadstelsel totaal verwerp en daar moet weggedoen word met die stelsel.

Vol. 34 p.1547.

## 5.

Die bestuur van VOW wat verkies is, het die volgende ingesluit:

Edith Letlhaka	-	Voorsitster
Dorcas Ralitsela	-	Sy is die vrou van Esau

Vol. 34 p.1548.

## 6.

Op die vergaderings wat deur Lord McCamel bygewoon was (dus ook by hierdie vergadering) deur Thembekile Sahluko synde die leier van die VCA komitee oor publikasies, verskeie publikasies verkoop. Die publikasies verkoop was "SASPU National", "Speak", "Work In Progress", traktate van die "Black Sash".

McCamel het die publikasies ontvang van -

- (1) Publikasies van UDF vanaf UDF.
- (2) SASPU National van hulle af.

Kan ander nie onthou.

Vol. 34 pp.1549/50.

9. HUISVERGADERINGS - VOOR 26 AUGUSTUS 1984

Verskeie huisvergaderings het plaasgevind soos georganiseer deur beskuldigde no. 10, waar georganiseer is vir die stigting van 'n gebiedskomitee vir Gebied 3 en ook vir die massavergadering op 26 Augustus 1984 te Small Farms.

1.

Die vergadering het plaasgevind op 16 Augustus 1984 aan huis van beskuldigde no. 10.

1. Die vergadering was bygewoon deur beskuldigde 8, ene Maruping, verdedigingsgetuie Martha Olifant, en getuie (Mahlatsi).
  
2. Beskuldigde 10 wat ook die gebiedsverteenvoordiger van Gebied 3 op VCA se bestuur was, het voorgesit en het verduidelik dat hulle n gebiedskomitee moet stig as deel van VCA.  
Vol. 40 pp. 1909-1910.
  
3. Hy het gevra dat die mense hul griewe aangaande die verhoogde huur moet lug sodat VCA dit kan gebruik (in die kampanje teen plaaslike besture).  
Vol. 40 p.1910.
  
4. Beskuldigde no. 8 het die raadslede aangeval en gesê hulle werk nie reg nie, maar verhoog huurgeld gedurig.  
Vol. 40 p.1911.
  
5. n Ander spreker het ook die raadslede aangeval en gesê n raadslid het vraestellers gedreig met n vuurwapen omdat hy vrae gestel het.  
Vol. 40 p.1911.

Nadat die griewe gelig was, het die vergadering verdaag en sou hulle weer op 21 Augustus 1984 bymekaar kom saam met lede van Gebied 7 se komitee.

## 2.

h Tweede huisvergadering is soos afgespreek, gehou op 21 Augustus 1984 by beskuldigde no. 10 se huis.

1. Die volgende persone was o.a. teenwoordig:

Beskuldigde no. 8 (Gebied 3)

Maruping (Gebied 3)

Mev Olifant (Gebied 3)

Essau Raditsela (Gebied 7)

Edith Letlhaka (Gebied 7)

Dorcas Raditsela (Gebied 7)

Beskuldigde no. 17 (Gebied 7)

2. Beskuldigde 10 het die persone van gebied 7 aan die vergadering voorgestel.

Vol. 40 p.1913.

3. Essau het gesê hy is dankbaar dat die mense van Gebied 2 bymekaar gekom het en die mense moet nie skrik indien hulle gearresteer word nie, want VCA werk soos h vakunie wat die mense help. Hy het hulle ingelig van die vergadering van 26 Augustus 1984 te Small Farms waar die huurkwessie volledig bespreek sou word.

Vol. 40 p.1914.



4. Essau het gesê die vergadering sou geadverteer word deur pamflette wat versprei sou word en dat hy die pamflette sou verskaf.
  
5. Verder sou die vergadering geadverteer word deur 'n luidsprekerstel op 'n motor wat deur die strate sou ry.
  
6. 'n Spreker het gerapporteer dat hy 'n Raadsvergadering bygewoon het waar Raadslid Matjila in sy toespraak gesê het van die Raadslede is ontevrede met die verhoging van die huurgeld en het voorgestel dat 'n petisie in die gemeenskap rondgeneem word om hul goed- of afkeuring van die verhoging bekend te maak. Die petisie moes dan aan hom terugbesorg word en hy sou dit dan verder geneem het.  
Vol. 40 pp.1914-1916.
  
7. Die vergadering het aanvaar om 'n petisie uit te stuur. 'n Petisieform is deur die teenwoordiges onderteken en aan die spreker oorhandig.
  
8. Edith Letlhaka het gesê die vrouens moet ook die vergadering van 26 Augustus 1984 bywoon om o.a. 'n komitee van vroue-organisasies te kies.  
Vol. 41 pp.1918-1919.
  
9. Beskuldigde no. 10 het 'n pak papier aan Essau oorhandig vir die maak van die pamflette.

## 3.

Op 24 Augustus 1984 was 'n gesamentlike gebiedskomitee vergadering van Gebiede 3 en 7 in Gebied 7 gehou aan huis van beskuldigde no. 17.

1. Teenwoordig was:

Getuie, beskuldigde 10,  
mnr en mev Olifant van Gebied 3,  
en beskuldigde 17, Essau Ralitsela,  
Edith Letlhaka, en  
mev Mokoena.

Vol. 41 p.1921.

2. Die doel van die vergadering was om die gesamentlike vergadering van 26 Augustus 1984 te beplan.

(a) Wie geskikte sprekers sou wees.

(b) Wie die voorsitter sou wees.

Vol. 41 p.1922.

3. Daar was besluit op Lord McCamel as eerste voorsitter. Verder dat die vroue van die VCA hul uniforms moes aantrek.

Vol. 41 p.1922.

4. Beskuldigde 10 het voorgestel dat Gebied 3 se gebiedskomitee op 26 Augustus 1984 gekies moes word.

5. Daar is besluit dat op 26 Augustus 1984 moet die saal binne opgemaak word met plakkate en Essau het aangebied om die plakkate te verskaf.

Vol. 41 p.1923.

6. Getuie Mahlatsi het die vergadering verlaat terwyl hulle nog besig was.

Vol. 41 p.1924.

In die bespreking was besluit dat die tema van die vergadering sou verhoogde huur wees. Daar sou aangedring word op die bedanking van Raadslede weens hul misbruik van huurders se geld vir eie gewin.

4.

Op 25 Augustus 1984 het beskuldigde 10 by getuie Mahlatsi opgedaag en versoek dat hy die luidspreker sowel as die pamflette in die lokasie moes vervoer vir aankondiging en verspreiding in Gebied 3 Evaton. Beskuldigde 3 het aan hom R10 oorhandig vir brandstofkoste.

Vol. 41 p.1925.

1. Die oggend van 26 Augustus 1984 het beskuldigde 10 en Mahlatsi die luidspreker bo-op die dak van Mahlatsi se voertuig gemonteer.

2. Beskuldigde 10 het 'n hoeveelheid gedrukte pamflette, soos deur Essau Ralitsela gemaak in die motor geplaas. Getuie kan nie lees nie en kan nie getuig oor die bewoording van die pamflette nie.

3. Hulle het beskuldigde 8 en mev Olifant gaan oplaai en is daarna in Gebied 3, Evaton in.

Vol. 41 p.1927.

Beskuldigde 10 het aankondigings oor die luidspreker uitgesaai dat inwoners uitgenooi word na 'n VCA-vergadering te Small Farms Roomse Kerk. Hy het gesê dit gaan oor die huurverhogings en mense wat ontevrede is moet daarheen gaan. Hy het gesê die mense het die Raadslede gekies wat hul (die inwoners se) geld gebruik vir eie gewin. Die pamflette was versprei.

Vol. 41 p.1928.

5.

#### KRUISONDERVRAGING

1.

Dit blyk uit die kruisondervraging t.o.v. al die huisvergaderings waaroor getuie getuig het, dat dit alles saamgevat was. In hoofsaak kom dit dan daarop neer dat die verdediging in wese met die getuie saamstem in hierdie verband.

Vol. 43 p.2035.

2.

Die volgende verskille deur die verdediging gestel word gemeld:

Dit was gestel dat Esau Ralitsela, Edith Letlhaka en beskuldigde 17, kortstondig die eerste vergadering bygewoon het

omdat hulle besorg was omrede die mense van Gebied 3 nie 'n geskikte lokaal kon vind vir die hou van 'n massavergadering nie.

Vol. 43 p.2038.

Dit is ons betoog dat die getuie se getuienis in hoof die korrekte weergawe bied aangesien dit voor die handliggend is dat Esau Ralitsela en sy maats op daardie stadium nie kon geweet het dat die mense van Gebied 3 'n massavergadering sou hou nie. Hulle het immers toe vir die eerste keer vergader volgens die verdediging se eie relaas.

Vol. 43 p.2038.

3.

'n Stelling word aan die getuie gemaak dat die mense van Gebied 3 het die mense van Gebied 7 gevra om hulle lokaal met hulle te deel.

Vol. 43 p.2039 reëls 18 en 19.

Dit bots met die latere getuienis van die verdediging dat dit deur Edith Letlhaka en die mense van Gebied 7 aangebied was dat hulle saam vergadering hou.

Vol. 160 p 7871

4.

Die getuie erken dat op een van die vergaderings het mnr Kobe Chibase voorgestel dat hulle 'n tent by sy huis moes

opslaan vir die hou van die massavergadering omdat hulle nie n geskikte lokaal kon kry nie.

Vol. 43 p.2043.

5.

Dit was aan die getuie gestel dat beskuldigde no. 17 slegs teenwoordig was by die eerste huisvergadering en die getuie het bevestig dat beskuldigde 17 teenwoordig was by die tweede vergadering waar ook Dorcas Ralitsela, Esau Ralitsela en Edith Lethlake teenwoordig was.

Vol. 43 p.2044.

6.

Die getuie bevestig in sy getuienis onder kruisverhoor dat Esau Ralitsela dit op die 21ste Augustus 1984 se vergadering bevestig het dat n geskikte lokaal gevind is vir die massavergadering op 26 Augustus 1984.

Vol. 43 p.2044-45.

Die verdediging het die stelling gemaak dat beskuldigde 18 teenwoordig was op die vergadering toe daar bekend gemaak was dat n lokaal vir die massavergadering gevind was.

Vol. 43 p.2045.

7.

Dit was deur die verdediging gestel dat n komitee aangestel was bestaande uit beskuldigde no. 15, mev Olifant, beskul-

digde no. 18 en Jacob Selebalo om die voorgestelde petisie op te trek. Dit word deur die getuie ontken.

Vol. 43 p.2046.

Dit is ons respekvolle betoog dat die getuie se getuienis korrek is want hoewel daar 'n beweerde komitee aangestel is, was daar absoluut niks gedoen om hierdie petisie tot stand te bring nie. Dit word betoog dat dit slegs opgehaal word om hierdie getuie in diskrediet te probeer bring.

Volgens beskuldigde 18 se getuienis, Vol. 347 p.19847 reël 22 en 23 dat daar klaarblyklik niks van gekom het nie.

8.

Die verdediging het dit gestel dat op die gesamentlike huisvergadering (.... 24.8.84) besluit was dat die volgende persone sprekers op 26 Augustus 1984 massa-vergadering sou wees:

1. Mev Olifant
2. Beskuldigde no. 17
3. Getuie (Mahlatsi)
4. Rina Makoena
5. Beskuldigde no. 7
6. Beskuldigde no. 8

Vol. 43 pp. 2051-2053.

Die rede waarom die getuie nie bewus was van hierdie sprekers nie, is omdat hy die vergadering vroeg verlaat het (lg. feit gemene saak).

Vol. 43 p.2053).

9.

Die Staat se bewering is dat hierdie reeks huisvergaderings deel is van die sameswerings en dat dit uitgevoer was deur VCA om die sameswering te bevorder. Verder dat Esau Ralitsela en VCA 'n leidende rol gespeel het in die beplanning, koördinasie en uitvoering hiervan ten einde die massas bymekaar te kry op 3 September 1984 vir gewelddadige aksie.

Dit is ons respekvolle betoog dat die verdediging dit probeer weerlê met 'n verweer waar die getuienis wat aangebied was deur hulle so ernstig en wesentlik weersprekend van aard is dat dit die verweer totaal vernietig en terselfdertyd die getuienis van die Staat se getuie Mahlatsi versterk en kan geen grond gevind word op grond waarvan die verdediging die Agbare Hof kan versoek om sy getuienis onbetroubaar te bevind nie.

Die volgende word ter ondersteuning aan hierdie Agbare Hof voorgelê ter ondersteuning:



1.

Soos reeds uitgewys word dit aan getuie Mahlatsi gestel:

"Do you recall whether Mr Esau Ralitsela and Mrs Edith Lethlake and Mr Matlole accused No. 17 made a brief appearance at the first meeting."

.....

Court: Is that put?

Mr Bisoz: It is put yes. And their concern was that the zone 7-people had difficulties in finding a venue for a meeting. My lord, the it was a strange figure on my instructions, it could be either a 7 with a cross or a, a continental 7 or a 3.

Court: Yes, so what you are putting is their concern was zone 3 people had difficulty ....

Mr Bisoz: "Had trouble in finding a venue".  
Vol. 43 p.2038.

2.

Die getuienis van beskuldigde no. <sup>10</sup>~~20~~ is dat hulle op hierdie eerste huisvergadering vir die eerste keer besluit het om 'n massa-vergadering te hou. 'n Moontlike datum nl., die 19de Augustus 1984 was genoem en dat daar 'n lokaal vir die hou van die vergadering gekry moes word in Evaton of Residentia. Vol. 160 p.7859.

3.

Beskuldigde 10 se getuienis is t.o.v. hierdie eerste huisvergadering:

"... towards the end of the meeting the vice chairman of the VCA, Mr Esau Ralitsela together with the area representative for Zone- 7 Mrs Edith Lethlake and a member of the Zone- 7 Area Committee.

Court: Accused no. 17? - Accused no. 17.

Mr Bisoz: Did they participate in the deliberations of the house meeting or not?  
They did not. When they arrived I was chairing the meeting and I asked to be excused to be able to talk to these people and they mentioned that they had come by

just to check that the people they had directed to my house for the meeting who were residents of Zone-3 had found the place."  
Vol. 160 p.7864.

## 4.

Die eerste keer toe ten minste Gebied 7 se mense gehoor het dat Gebied 3 se mense nie 'n geskikte lokaal vir die hou van 'n massa-vergadering kon vind nie, was op 20 Augustus 1984.

Beskuldigde 10 se getuienis:

"Between the second and the third meeting did you meet anyone on the VCA executive? - Yes on the 20th.

Who did you meet? - On my way to work I boarded the same train with Miss Edith Lethlake.

Did you discuss any problem with her? - Yes, I indicated to her that we had thought by now we would have held our mass meeting for Zone-3, but because of the problems we had with the venue, we had not been able to do so."

Vol. 160 p.7870.

## 5.

Die voorstel vir 'n massa-vergadering was volgens die verdediging se weergawe op 21 Augustus 1984, op die derde huis-vergadering vir die eerste keer te berde gebring.

"At the meeting of the 21st, the third housemeeting did anyone from the executive arrive at your house?

COURT: Just a moment. I thought the third housemeeting was on the 22nd?

MR BIZOS: The 21st. We could just ask the witness. On what date was the third housemeeting? -- The 21st.

Did any member of the executive arrive? -- Miss Edith Lethlake arrived in the evening.

Did she make a report to you or say anything to you?

.....

MR BIZOS: As a result of a discussion between you and Miss Edith Lethlake was any discussion as to whether or not your meeting of the 26th should take place at any venue?

-- According to Miss Lethlake's report was that the Zone 7 area committee had offered us to share the venue they had booked for their own meeting on the 26th of August 1984.

Did Miss Lethlake and Mr Raditsela take part in the discussions at this housemeeting? -- No. What I know is that Mr Raditsela as they were leaving only wished us well."

Vol. 160 p. 7870 en 7871.

## 6.

h Verdere kinkel in die kabel kom na vore wanneer die volgende aan getuie Mahalatsi gestel word:

"Yes. And as there was talk about Zone 3 also wanting a mass meeting? -- Yes we wanted to hold a meeting in Zone 3 but because of the lack of a venue we then agreed that we are all going to hold one meeting, that is Zone 3 and 7, at Small Farms.

Yes and that you would ask the Zone 7 people to share their venue with you? -- That is so."

Vol. 43 p. 2039.

Nie een van die verdedigingsgetuies het oor hierdie belangrike feit getuig nie en dit is ons respekvolle betoog dat dit die verskillende weergawes van die verdediging soos hierbo uiteengesit, nog meer onder verdenking plaas.

## 7.

h Feit wat h mens vreemd opval is dat getuie Vilakazi (voorheen beskuldigde no. 18) blykbaar slegs die derde huisvergadering bygewoon het en die doel vir die hou van die vergadering gee as dit wat gebeur het op die eerste huisvergadering.

Ten opsigte van die eerste huisvergadering getuig no. 10 dat die vergadering gegaan het oor:

"Was the rent only issue that was discussed at this first meeting? -- There were two issues. The issue of the forthcoming increase in rentals and the question of establishing an area committee."  
Vol. 160 p.7859.

Daarteenoor en terwyl geen ander getuie hetsy van Staat of die verdediging dit getuig het nie, is hierdie getuie Vilikazi se getuienis soos volg:

"What was the purpose of that meeting? -- I would not say exactly what the purpose of the meeting was, but at the time of the meeting the following was discussed there. The question of the coming increase on rent was discussed and the formation of the local organisation or group of people living in that area was also discussed.

COURT: What do you mean by that -- By that I mean, what was discussed there is a formation of the area meeting.

OF VCA? -- Yes, that is so."  
Vol. 347 p.19845.

8.

Die verdedigingsgetuie wat terloops al die huisvergaderings bygewoon het nl. mev Martha Olifant se getuienis is dat dit eers op die gesamentlike gebiedsvergadering bekend gemaak was dat daar 'n gesamentlike massavergadering gehou moes word.

"And what did you discuss at this joint meeting? -- It was told to us by the Zone 7 people that they have acquired a venue for the meeting and they are therefore suggesting that we also come to the same venue. We are going to share the venue with the meetings that are to be held there."  
Vol. 328 p.18771-2.

delm1.65

Verdere verskille kan nog uitgewys word soos bv. dié in die verdedigingsgetuienis waar Edith Lethlake en haar makkers na bewering sou gestaan het toe hierdie mededeling aan Gebied 3 se mense gemaak was. Ons is egter van mening dat dit oorbodig is om verdere voorbeelde aan te haal.

Die vraag bly, wat wil die verdediging hê moet deur hierdie Agbare Hof aanvaar word.:

1. Dat Edith Lethlake en Esau Ralitsela reeds voor die eerste huisvergadering geweet het van die beoogde massavergadering en gebrek aan lokaal.
2. Dat Edith en Esau reeds op die eerste huisvergadering samesprekings kom voer het oor die massavergadering en gebrek aan 'n lokaal.
3. Dat die boodskap vir die deel van 'n lokaal oorgedra was deur Edith op die huisvergadering van Gebied 3, gehou op 21 Augustus 1984.
4. Dat die mededeling vir die massavergadering eers oorgedra was op die gesamentlike huisvergadering van 24 Augustus 1984.
5. Dat Edith Lethlaka en VCA vir die eerste keer op 21 Augustus 1984 op die trein gehoor het dat Gebied 3 nie 'n lokaal kon kry nie.

Massavergadering: Small Farms 26 Augustus 1984A. Inleiding

Dit is ons respekvolle betoog dat VCA met Esau Raditsele aan die spits bygestaan deur Edith Lethlaka pertinent leiding geneem het en koördinasie gedoen het van 'n verskeidenheid stappe om die massas in die Vaal op 3 September 1984 byeen te bring met die doel om hulle tot verenigde aksie te aktiveer.

1. Beskuldigde 10 bevestig dat Esau Raditsela 'n belangrike koördinerende funksie vervul het.

"Did you have any feeling from anything that you saw or heard by the middle of August that Esau Raditsela had hijacked the VCA away from McCamel? -- There was no feeling like that. I must point out that after Reverend McCamel's employment problems and his inactivity in the Vaal Civic Association, Esau Raditsela took up a more active role simply because Esau had no problems like Reverend McCamel had and Esau Raditsela was the only person who could be active as he was the vice-chairman, thirdly Esau Raditsela had a car, so he could co-ordinate the affairs of the Vaal Civic much easier as Reverend McCamel could."  
Vol. 160 p.7862.

Beskuldigde 8? bevestig hierdie sienswyse.

2. Esau Raditsela het eensydiglik op die vergadering besluit wie voorsitter moet wees toe beskuldigde 6 nie beskikbaar is nie.

3. Esau het eensydiglik besluit dat Edith wat notule moes neem op hierdie vergadering na 'n vergadering te Boipotong moes gaan.

4. Drie vergaderings onder die leiding van VCA was vir dieselfde dag gereël bv. Boipatong, Small Farms en Bophelong en op al drie hierdie vergaderings is die besluite geneem dat daar 'n wegblyksie en opmars op 3 September 1984 sou wees. Esau het al drie vergaderings besoek om seker te maak dat hierdie resolusies aanvaar word.

(Vgl. bv. p.8550 Vol. 167: Beskuldigde no. 10 se getuienis sien ook bv. bewysstuk AT12).

5. Esau Raditsela het gesorg dat kennisgewings van die resolusies versprei word.

6. Esau het ook die voortou geneem in die advertering van die vergaderings van 26 Augustus 1984 deur die luidsprekerstelsel en verspreiding van pamflette.

7. Hy het ook daarvoor gesorg dat die nodige kennisgewings uitgaan aan besighede en vervoerdienste. (Vgl. AT12).

8. Esau het die leiding geneem op die vergadering van 3 September 1984 en die skare toegespreek.

9. Esau het gesorg vir plakkate vir gebruik tydens die optog.

10. Hy het die leiding geneem by die opstel van die mars.

11. Hy het die leiding geneem om die mense na Raadslid Ceaser Motjeane se huis te neem.

12. Ook het hy leiding geneem om verslag te doen aan UDF.

13. Esau het die vergadering van ERPA gekoördineer en toegespreek t.o.v. UDF se MSC.

*Hy het ook gesorg vir sprekers by ERPA oop.*



B. Die Vergadering

1.

Getuie Mahlatsi het getuig dat Esau Raditsela met die aanvang van die vergadering opgedaag het en aangekondig het dat beskuldigde 8 die voorsitter op die vergadering sal wees aangesien hyself ook nog elders vergaderings moet bywoon nl. Sharpeville, Bophelong en Sirela (Boipatong). Esau het verduidelik dat die rede was die verhoogde huurgeld en h poging om raadslede uit hul poste as Raadslede te laat bedank.

Vol. 41 p.1937.

Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie weergawe gestaaf word deur die volgende feite:

1. Dit is korrek dat Lord McCamel asook beskuldigde no. 6 nie beskikbaar was vir die vergadering nie.
2. Dit is korrek dat Esau werklik na vergaderings gegaan het soos deur getuie beweer.
3. Die getuie se getuienis word in hierdie verband bevestig deur h verweer wat gestel was deur mnr Bizos.

"As people from both zone 3 and zone 7 were there it would not be right to have a chairman either from the one zone or the other and that the meeting should indicate a neutral chairman

..... Yes but are you in a position to deny it?

- No I can not."

en verder gestel:

"Do you recall that there was any announcement that a completely impartial chairman had been appointed for the meeting, that is Mr Mokoena, that is acc. no. 6, but that he had not turned up."  
Vol. 13 pp.629-630.

Dit is opmerklik dat hierdie verweer drasties verander het namate die verhoor gevorder het en soos die meeste ander verwerre nooit gerealiseer het nie.

Geen verdedigingsgetuie het hierdie aankondiging gestaaf nie.

## 2.

Dit is gemenesaak dat geselekteerde sprekers wat verskillende groepe in die gemeenskap verteenwoordig tv. VCA, ERPA, VOW, Vakunies en die jeug moes optree by die vergadering.

Dit is van besondere belang om daarvan kennis te neem dat die persone wat die leiding geneem het op die vergadering van die vernaamste aktiviste was wat Esau Raditsela aktief gehelp het in hul aktiwiteite.

1. Beskuldigde 17 was van gebied 7 se aksie-komitee en het saam met Esau die Daleside kursus en ook UDF-vergaderings bygewoon.

2. Beskuldigde no. 5 die jeugverteenvoordiger is deur Esau gekry om op beide vergaderings op 26 Augustus 1984 tw. ERPA en VCA vergaderings op te tree. Dit is ook insiggewend dat hy vroeër 'n leier in COSAS

*Esau got his name to speak at meet after new meet Raditsela got to speak at meet.*

797/8

was en ook die leiding geneem het in die organisering van die Vaal Youth Congress.

3. Beskuldigde no. 10 is van VCA-bestuur en verteenwoordiger van die werkers.

4. Rina Mokoena, Martha Olifant asook mevrou Matsaneng het die Vroue Organisasie verteenwoordig wat tot stand gekom het hoofsaaklik deur bemiddeling van Esau en Dorcas Raditsela en Edith Lethlase tw. VOW.

5. Beskuldigde no. 8 het reeds sedert die vergadering van 19 Februarie 1984 aktief deelgeneem aan aktiwiteite van VCA en was ook aktief tydens huisvergaderings.

6. Maruping het 'n aktiewe rol gespeel tydens die huisvergaderings en die beplanning van strategie en was ook verkies op die gebiedskomitee van Gebied 3.

7. Caswell Kabi voorsitter van ERPA wat op die stigting van VCA die vergadering van 27 November 1983 en ook op hierdie besondere vergadering direkte samewerking met VCA bewys het.

Dit is ons respekvol betoog dat al die aktiviste wat so 'n prominente rol gespeel het met die organisering en uitvoering van die vergadering dit gedoen het met 'n voorafbeplande strategie om die massas in die Vaal te organiseer,

7 Not / ... by 26/1/84  
 208 : 10 9 12 - 3.12  
 337 19342  
 347 : 1984  
 423 : 24720  
 P. ...

te mobiliseer en te betrek om op 3 September 1984 fisies en aktief oor te gaan tot geweldpleging teen die Staat en sy instellings.

Dit is ons respekvolle betoog dat die genoemde aktiviste in die uitvoering van hierdie taak werklik gebruik gemaak het van knelpunte volgens die leiding van UDF en die ANC soos bv. beliggaam in bewysstuk CA22 ten einde "United Action" te verwesenlik.

#### 4.

Ons betoog respekvol dat hierdie Agbare hof die volgende as bewese kan bevind na oorweging van al die getuienis en bewysmateriaal veral in die lig van die feit dat die Verdedigingsgetuienis tot groot mate die Staat se weergawe versterk en bevestig:

1. Die belangrikste sprekers soos hierbo genoem het oorwegend die plaasslike bevolking in die Vaal opgeroep en aangestig om te aanvaar dat die raadslede en trouens die stelsel van Swart Plaaslike Bestuur nie aanvaarbaar is nie en dat daar van hulle ontslae geraak moes word of weg mee gedoen behoort te word sodat hulle nie kan funksioneer nie.
2. Dit is by herhaling deur die genoemde sprekers by toehoorders ingeskerp dat die Raadslede en die raadstelsel verwerp en vernietig moes word omrede:

- (i) Die raadslede "puppets" van die Owerheid is;
- (ii) die raadslede verraaiers van die Swart gemeenskap is;
- (iii) die raadslede "sell outs" is wat die Swart gemeenskap verkoop het vir eie gewin;
- (iv) die raadslede oneerlik en onbetroubaar is deur gemeenskapsfondse vir eie gewin aan te wend;
- (v) die raadslede die Swart gemeenskap onderdruk deur die toepassing van bestaande wetgewing toeseëging van behuising en uitsettings;
- (vi) raadslede beloftes, aan die gemeenskap gemaak, nie nakom nie;
- (vii) raadslede arbitrer en na willekeur huurgelde verhoog en daardeur die gemeenskap verarm en onderdruk;
- (viii) die raadslede die vyand van die gemeenskap is.
- (ix) raadslede hul posisies misbruik vir eie en familie gewin;
- (x) die stelsel a.g.v. gebrek aan fondse nie lewensvatbaar is nie;

- (xi) die stelsel nutteloos is omrede raadslede in praktyk nie werklik uitvoerende magte het nie;
- (xii) die sogenaamde rasistiese minderheidsregering die stelsel van plaaslike besture op die Swartgemeenskap afgedwing het sonder voorafgaande raadpleging van die gemeenskap.
3. Ons betoog respekvol dat die aktiviste in VCA en ondersteuners gebruik gemaak het van werklike sowel as fiktiewe knelpunte. Dit word nie betwis dat daar ware knelpunte bestaan het nie, maar wat van besondere belang is, is die feit dat hulle alle moontlike knelpunte (eg en fiktief) misbruik het om die massas emosioneel op te sweep teen Raadslede, Raadstelsel en die owerheid in die algemeen.
- h Sprekende voorbeeld van hoe hulle daarin geslaag het om die gramskap van die massas teen Raadslede, Raadstelsel en die owerheid op te sweep blyk uit die Masenya-insident tydens die vergadering. Dit word elders vollediger bespreek.
4. Aan die hand van die knelpunte word die Swart gehoor opgesweep en aangestig en aangemoedig om te verenig en verenigde aksie te neem tēn einde ontslae te raak van die Raadslede en die stelsel.

1. Hulle word aangestig tot burgelike ongehoorsaamheid deur nie die verhoogde huur te betaal nie.
2. Hulle word aangestig tot wegbly aksie op 3 September 1984. Dit geld almal insluitende werkers en skoliere en slegs verpleegsters sou toegelaat word om hul gewone dienste te lewer.
3. Hulle word aangestig om aan h opmars deel te neem wat noodwendig h onwettige aksie sou meebring.
4. Hulle word aangestig om die Raadslede se besighede te boikot.
5. Hulle word aangestig om te verseker dat geen vervoerdienste beskikbaar sou wees op 3 September 1984 nie. Slegs een tipe noodvervoer om nooddienste deur gesondheidspersoneel te verseker, sou toegelaat word - ambulansdienste.

Dit bly nie net beperk tot die mense wat die vergadering bygewoon het nie, maar was uitgebrei tot die hele Vaal gebied soos bevestig word deur identiese vergaderings deur VCA georganiseer en gekoördineer wat dieselfde dag in ander woongebied plaasgevind het waar identiese aanstigtings aan die hand van dieselfde knelpunte plaasgevind het en identiese besluite geneem was. Dit

word verder bevestig deur die kennisgewings wat VCA daarna in die hele Vaal gebied versprei het.

(Vgl. bewysstuk AT12).

5. Die getuienis deur die Staat aangebied, het getuig dat op hierdie vergadering was vryheidsliedere gesing waarin die ANC en ANC leiers en terreur gepopulariseer was. Die feit dat sodanige liedere gesing was, word ook bevestig deur etlike van die verdedigingsgetuienis.
  
6. Die getuienis vir die Staat het getuig dat UDF en ander organisasies soos COSAS geadverteer en gepopulariseer was op hierdie vergadering deur 'n UDF banier en UDF en COSAS plakkate binne en buite die saal asook COSAS en UDF-T-hemde. Dit is gemeensaak dat Esau Raditsela en Edith Lethlaka gedurende die loop van die vergadering weer teruggekom het en dat hulle UDF baniere ~~agter~~ agter die sprekers op die verhoog gedrapeer het. Wat van belang is dat ook in hierdie groep wat vanaf die ander vergaderings gekom het COSAS kleure sigbaar was en Edith 'n UDF pet opgehad het. (Sien bv. Ratibisi se getuienis (Vol. 306 p.17572)).
  
7. 'n Ander faset in die getuienis en wat veral sterk deur die getuienis van die verdediging uitgebring was is die feit dat die aktiviste in beheer van hierdie vergadering



groot erns aan die dag gelê het om te verseker dat die massas in groot getalle versamel sou word vir deelname aan aksie.

- (i) Dit was baie ernstig beklemtoon dat slegs ambulanse toegelaat sou word.
- (ii) Net so ernstig beklemtoon dat slegs verpleegpersoneel toegelaat sou word om te gaan werk.
- (iii) Dit word deur hulle op die vergadering pertinent ingeskerp dat as daar deur die vergadering besluite geneem was dat hulle moes wegbly op 3 September 1984. ~~en dit die enigste vervoer sou wees~~ dan word verwag dat hierdie besluite uitgevoer moes word.
- (iv) Beskuldigde no. 17 het dit pertinent gestel dat hulle nie lafaards moes wees nie en die wat lafhartig is moet dit daar op die vergadering bekend maak sodat hulle dit vooraf kan weet.
- (v) Dit is selfs voorsien dat probleme ondervind kan word met die Polisie op 3 September 1984. In hierdie verband het beskuldigde no. 10 bevestig dat die gemeenskap en die organisasies wat die vergadering gereël en beheer het, die nodige bystand sou verleen het in sulke gevalle. Hy het in hierdie verband VCA en VOW uitgesonder. Dit het ook UDF ingesluit.

"Court: Which organisations were referred to? Well I would take it they were referring to the Vaal Civic Association and the Vaal Organisation of Women which were the Organisations that were mentioned that for at that meeting."  
Vol. 168 p.8607.

8. Die verdediging was, dat daar nie op die 3de moeilikheid verwag was nie, en dat dit n vreedsame opmars sou wees. Die feite genoem in paragraaf 7 supra is alreeds n aanduiding daarvan dat die getuies van die Verdediging nie eerlik was tydens getuienislewering nie en dat hulle getuienis aangepas was soos die verhoor gevorder het. Dit word verder bevestig deur die volgende:

(1) Getuie Ratibisi, n verdedigingsgetuie, het getuig hoedat hy sonder enige rede weggehardloop het vanaf die prosessie wat die verdedigingsgetuies probeer voorstel het as n vreedsame rustige opmars. Dit bevestig dat alles nie pluis was met die opmars nie en dat hierdie getuie baie skrikkerig was en nie met hart en siel deelgeneem het nie en gevlug het by die eerste geleentheid omdat hy gevrees het die polisie is daar. (Vol. 307 p.17632 paragraaf 2).

Hy verleen bevestiging van die Staat se getuienis van die gebeure by die interseksie dat mense uit die steeg gehardloop het na die optog waar hy sê:  
"... Of hulle nou besig was om weg te hardloop van iets kan ek nie sê nie."

Vol. 307 p.17633.



van die hele opset vir 3 September 1984 was. Hierdie feitlike verweer wat met groot erns gestel was, het toe nie gerealiseer nie maar bevestig die besluite van 26 Augustus 1984 dat slegs verpleegsters toegelaat sou word om te gaan werk en slegs ambulanse toegelaat sou word om mense te vervoer.

Vol. 65 op p.3420.

"Mnr Bizos: U sien, wat ek aan u wil stel is dit, dat daar was van vroeg die oggend groepies op die straat. Daar was ook jongmense wat na ander persone wat werk toe wou gaan gegaan het en probeer het om hulle te keer om nie werk toe te gaan nie. Het u sulke verslae gekry? -- Daar was rapporteer dat mense intimideer word om nie werk toe te gaan nie."

Dan weer op p.3422

"Ek wil dit aan u stel dat u manne besig was om die persone wat probeer het om die ander mense te oorreed om aan die optog deel te neem en nie werk toe te gaan nie, hulle is uiteen gejaag en hulle is aangerand in omstandighede waar hulle nie die reg gehad het om dit te doen nie. -- Weer eens, ek betwyfel dit."

- (4) Die ware doel agter die beplande wegbly en opmars op 3 September 1984 word ook oopgevelek deur die bewese feite wat nie deur die Verdediging weerlê is of kon word nie. Enkele voorbeelde word aangehaal:

Sharpeville

Nag tussen 2 en 3 September 1984 - Raadslid  
Dhlamini se huis aangeval.

Vol. 49 p.2472. Sien ook vol. 69 pp.3664 en  
3368.

- . Padversperrings by drankwinkels van Raad, Padversperrings op roete vanaf Boipatong na Sharpeville en Polisie voertuie gedurende nag met klippe gegooi. Alles gedurende nag tussen 2 en 3 September 1984.  
Vol. 70 pp.3708 en 3711.
- . Oggend 3 September 1984 - 7h20 padversperrings in Seisostraat en Polisie voertuig met klippe gegooi; 7h30 padversperrings in ander strate.  
Vol. 70 pp.3726-28 en Vol. 63 p.3360.
- . Raadslid S Mofokeng se huis - Klipaanval tussen 8h00 en 9h00.  
Vol. 72 p.3831.
- . Raadslid Sekobane se huis om 7h00 met klippe aangeval en huis en motor aan brand gestee.  
Vol. 72 p.3851.
- . 3.9.1984 om 6h05 - Aanvalle op busse en polisievoertuie.  
Vol. 63 p.3360.
- . P Nhlapo, wat vir die verdediging getuig het, bevestig dat daar in Sharpeville al van 6h00 n "groot geraas" was, dat hy kinders in

verskillende rigtings sien hardloop het, en dat tussen 8h00 en 9h00 die "deurmekaarspul" vererger het - hy sou toe hoë rookkolomme gesien het van plekke wat brand.

Vol. 334 pp.19080-1.

### Sebokeng

- . 3.9.84 om 6h00 - Raadslid Ceaser Motjeane se huis word aangeval - Gebied 11.  
Vol. 48 p.2398.
- . 3.9.84 om 7h10 - Gebied 13 - Raad se werks-winkels aangeval.  
Vol. p.3736. Sien ook p.3754.
- . 3.9.84 tussen 7h00 en 8h00 - Gebied 11 - Raadslid Mahlatsi se huis aangeval met klippe en afgebrand.  
Vol. 71 p.3820.
- . 3.9.84 tussen 8h00 en 9h00 - Gebied 7 - Teachers Training College en Raadslid Nkwane se huis gebrand.  
Vol. 72 p.3853.
- . 3.9.84 vanaf 6h00 - Polisie voertuie en busse met klippe gegooi - veral naby busstoppe.  
Vol. 63 p.3359.

- . 3.9.84 om 7h00 - mense begin paaie versper naby busterminus.  
8h00 - Polisie aangeval (naby B.P. Garage) asook busse met passasiers.  
Na 8h00 - grondpad op pad na biersaal in Gebied 12 versper.
- . Om 9h00 - Gebied 12 - polisie aangeval met klippe. Biersaal aangeval.  
Vol. 69pp.3653/60.

h Getuie van die verdediging bevestig dat tussen 8h00 en 9h00 was daar padversperrings op die roete wat die opmars gevolg het in die omgewing van BP Garage wat beman was deur opstandige jeugdige.  
Vol. 362 pp.20836 - 20838.

#### Bophelong

- . 2.9.84 om 22h00 - Administrasiekantore aan brand gestee en h werknemer van die Administrasie aangeval met petrolbom.  
Vol. 69 p.3697.
- . Nag 2-3.9.84 - Padversperrings in die gebied.  
Vol. 70 p.3708 en 3711.  
Vol. 64 p.3398.

- . 2.9.84 om 19h30 - Padversperrings in hoofstraat - groepe wat polisie aanval 'n drankwinkel aangeval - Gemeenskapsaal en huis aangeval.  
Vol. 68 pp.3570/3573.
- . 2.9.84 om 19h45 - Paaie versper en polisie aangeval voor middernag - Huis en biersaal aangeval.  
Vol. 68 pp.3612/3618.

#### Boipatong

- . Nag 2-3.9.84 - Padversperrings gesien na middernag.  
Vol. 70 pp.3708 en 3711.  
Vol. 64 p.3398.
- . 3.9.84 om 7h00 - Passasiersbus by Gemeenskapsaal aangeval met klippe.  
Vol. 72 p.3846.
- . 3.9.84 om 9h00 - Aanvalle op voertuie.  
Vol. 64 p.3372.
- . 3.9.84om 6h10 - Paaie versper in woongebied.  
Vol. 69 p.3671.



Evaton

- . 3.9.84 om 10h00 - 11h00 - kantore Evaton  
aangeval deur groot groep met klippe -  
Plakkate Asinamali.  
Vol. 70 pp.3768-3769.
  
- . 3.9.84 om 7h00 - Small Farms - paaie versper.  
Vol. 72 p.3846.
  
- . 3.9.84 om 10h30 - Paaie versper en polisie  
aangeval. Biersaal afgebrand.  
  
Om 11h20 - Raadslid Diphoko se woning aangeval.  
Vol. 68 pp.3592-3595.
  
- . Nag tussen 2 en 3.9.84 - Padversperrings en  
polisie aangeval.  
Vol. 69 pp.3625-3626.

Dit is ons respekvolle betoog dat niemand aan hierdie Agbare Hof met oortuiging kan argumenteer dat die 3de September 1984 nie met intimidasie, geweld en voorbereiding vir geweld begin het nie en ook dat dit nie oor die hele woongebied so begin het nie. Dit gebeur alles na die intensiewe organisasie en opsweping deur die aktiviste vir geweld oor die hele gebied.

- (5) Die polisie wat so gerieflik beskuldig word deur die Verdediging vir alles wat plaasgevind het in die Vaal, het moeilikheid verwag op die 3de. Die bevelvoerder van die Veiligheidspolisie op Vereeniging het van hulle kant af redelike stappe geneem om dit af te weer en een van die organiseerders vir geweld, te wete, beskuldigde 3 omdat hy gereken was as 'n invloedryke predikant in die gebied genader om sy invloed te gebruik om die situasie te ontloot. Hierdie Agbare Hof is vertrouwd met sy weiering om enigiets aan die situasie te doen en sy belaglike voorstel dat waar daar klipgooiery uitbreek, moet die Polisie ook met klippe teruggooi. 'n Man wat so te koop geloop het met sy godsdienst en strewe na vrede het homself bewys as 'n blatante leuenaar en dat hy hoegenaamd nie belang gestel het om konfrontasie met die owerhede te voorkom nie.

Wat belangrik is, is dat hyself in samewerking met die organisasies in die Vaal die massas opgesweep het teen die owerhede. In die onderhoud met Harris word dit deur beskuldigde 3 en Hlubi self bevestig dat hulle saamgewerk het met ander organisasies. Ook die koerant waarop die verdediging so ernstig gesteun het om hul verweer in die Hof te bewys, het die deelname van ander organisasies bevestig. Dit is ook 'n feit dat beskuldigde 1 aan die opswepery deelgeneem het as

verteenwoordiger van AZASM, beskuldigde 2 as  
 verteenwoordiger van AZAPO en beskuldigde 16 as  
 verteenwoordiger van SCA en S.A. Raad van Kerke.

Sien bewysstuk V31 ~~(2)~~

bewysstuk (27-39)

Die getuienis van majoor Steyn dat beskuldigde 3  
 nie bereid was om saam met die Polisie te werk om  
 moeilikheid in die woongebiede in die Vaal te  
 verhoed nie was nie betwis nie, maar in  
 werklikheid bevestig. Al hierdie getuienis  
 bevestig en versterk die feit dat die ware doel  
 van die wegbly aksie en optog, gewelddadige  
 konfrontasie was.

- (6) Die getuienis deur die Verdediging aangebied, het  
 almal probeer om hierdie Agbare Hof te oortuig dat  
 die skoolgaande jeug nie sou deelneem aan die  
 wegbly-aksie en opmars nie. Die leuen hierin word  
 bevestig deur die feit dat beskuldigde 5 op beide  
 vergaderings van ERPA en VCA op 26 Augustus 1984  
 spesifiek die boodskap tuisgebring het dat die  
 jeug met die ander inwoners in die Vaal saam is in  
 die stryd teen die verhoogde huur, Raadslede en  
 Raadstelsel. Niemand kon of wou aan hierdie  
 Agbare Hof vertel van hoedat die jeug sou help  
 nie. Al wat hulle gesê het was dat die jeug nie  
 sou deelneem nie.

Die rede vir dié poging om die jeug te distansieer van die gebeure van 3 September 1984 is die hoë waarde wat geheg word aan die militantheid van die jeug.

In die dokumentêre getuienis en videos kry die Hof oorvloedige bewys van die groot waarde wat deur UDF en sy geaffilieerdes heg aan die militantheid van die jeug en hulle bereidwilligheid om aktief tot die stryd oor te gaan teen die owerhede.

In bewysstuk CA21 wat in besit was van Verdedigings-  
getuie S Vilakazi word aan die Hof 'n beeld gebied van die ANC se hoë premie op die vermoë en potensiaal in die stryd. Ons haal slegs gedeeltes aan uit wat Wehle Nhlapo Nasionale hoof van die jeug te sê het onder die opskrif:

"The Youth is the task force of the people."

Op p.4:

"What are the aspirations of the youth? One of the most important is to ensure that we remove that racist regime in South Africa. The way towards that is defined in action oriented campaigns which will enable the youth to play their part inside South Africa within the framework of the broad democratic movement that has emerged inside the country. The ANC youth inside the country has to give direction for the overall participation of the youth, in all their formations in all the struggles that are waged by the people."

en op p.6:

"They should participate in all community actions that are being launched by our people and the economic struggles that we are waging in the factories. These are two sides of the same coin. We have got to wage the struggle in all these fronts."

en verder aan:

"We must know that we are part and parcel of our people. We have a role to play as the youth in the various formations in which we are found. We must fight against false theories about the youth or students being the vanguard and all such things".

Bewysstuk CA.21 en vergelyk die laaste stelling met C.

Sien ook C.22.

Dit is ons respekvolle betoog dat daar direk beplan was deur die organiseerders en VCA aktiviste om die jeug ten volle te betrek in alle aksie vir die 3de September 1984 en daarom het beskuldigde 5 spesifiek die boodskap van deelname deur die jeug op die vergadering oorgedra. Vol. 318 p.18243 en p.18245.

Dit is ook sekerlik so dat Esau Raditsela beskuldigde 5 en die ander aktiewe leiers op die vergadering wou gebruik maak van die militantheid en gereedheid vir aktiewe strydoering. Dat dit werklik en doelbewus gedoen was, word bevestig deur die VCA kennisgewings wat Esau Raditsela uitgestuur het waarin by herhaling beklemtoon was dat die "kinders" oral in die Vaal deel gehad het in die besluite wat geneem was op die verskillende vergaderings in die Vaal en dat hulle gereken word as integrale deel vir wat op die 3de September 1984 beplan word.

Sien bewysstuk

Hoedat hierdie beplanning vir die aanwending van die militante jeug gerealiseer het, word bewys deur hul dade op die 3de.

1. Jeugdiges verhoed en intimideer werkers om nie te gaan werk die oggend van die 3de nie.
2. Jeugdiges is verantwoordelik vir klipaanvalle op busse die oggend van die 3de.
3. Jeugdiges is verantwoordelik vir aanvalle met klippe teen die Polisie vroeg die 3de.
4. Jeugdiges is betrokke in padblokkades in die woongebied. Let in hierdie verband op na die Verdediging se getuie wat getuig het oor die militante jeugdiges by die padblokkades naby die BP Garage.
5. Jeugdiges was betrokke in aanvalle op geboue en persone van Raadslede en Raadseiendom. Bevestiging vir gebeure in Sharpeville bv. deur getuie P Nlapo deur die Verdediging geroep.  
Vol. 334 pp. 19080-19081.

Dit is ons respekvolle betoog dat die ware feite van wat werklik gebeur het, die leuenagtigheid van al die Verdedigingsgetuies wat voorgegee het dat veral die skoolgaande jeug nie in die gebeure van die 3de September 1984 betrek was nie, vals was en dat hulle die Hof wou mislei.

Dit alles bevestig die ware doel van die wegbly-aksie en opmars en die algehele beplanning vir die 3de September was gewelddadige konfrontasie ter uitvoering van die kampanje teen Swart Plaaslike Besture van die ANC/UDF en geaffilieerdes.

h Feit oor die jeugdige deelname wat oorweging verg is die menigte getuies wat gevra was om h oordeel te vel oor die ouderdomme van jeugdiges by die verskillende ~~by~~ ooreenkomste bv. die opmars vanaf Small Farms wat uit duisende mense bestaan het. Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie getuies onmoontlik h betroubare skatting kon maak van die ouderdomme onder sulke groot skares.

9. Dit wat ons wil noem die Masenya-insident op die vergadering van 26 Augustus 1984, betoog ons respekvol, het ook besondere betekenis en lewer bewys van die ware doel van die aktiwiteite vir die 3de.

Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie gebeure geoordeel moet word nie in isolasie nie, maar met inagneming van die feite hierbo uiteengesit. Die volgende word ter oorweging gegee.

1. Dit is gemenesaak dat Masenya op die vergadering verhoed was om sy saak te stel.

2. Dit is gemenesaak dat h vrou die oorsaak van die insident was.
  
3. Dit is gemenesaak dat die gehoor baie oproerig geraak het nadat die vrou hulle aandag daarop gevestig het dat hy voorheen te doene gehad het met Raadslede en die raadstelsel. Dat hulle hom dinge toegesnou het.
  
4. Verskeie getuies van die Verdediging het bevestig dat die gehoor kwaad was vir raadslede en die raadstelsel. Hulle was so oproerig dat dit twee persone geverg het om hulle tot bedaring te bring. Masenya self het getuig dat die vergadering baie oproerig was.  
Vol. 12 p.608 en p.610.

Hierdie besondere insident beklemtoon twee uiters belangrike feite.

- (1) Die feit dat die sprekers op hierdie vergadering daarin geslaag het om die gehoor tot so h mate op te sweep het dat toe h moontlike ondersteuner van die raadslede en raadstelsel identifiseer was in hul midde was, het hulle tot uitbarsting gekom.
  
- (2) Die tweede feit bevestig nogmaals hoedat die verweer van die Verdediging oor wat die vrou, Masenya en gehoor sou gesê het, nie gerealiseer het nie.



Die eerste feit is selfverduidelikend en behoef geen verdere betoog of bewys nie. Oor die tweede feit wil ons graag die volgende ter oorweging aanbied:

1. Die getuienis van Masenya was dat hy 'n vraag gevra het en wat beantwoord was en toe hy iets verder wou sê, was hy in die rede geval deur die vrou (Maria Dhlamini) die skare oproerig geraak het en hy vir sy verbondenheid met die raadslede met ~~die~~ dood gedreig was.

Vol. 12 p.601.

2. Die verweer wat aan hom gestel was, het die volgende punte behels:

(a) "And did you say, 'I fully agree with the previous speakers in condemning the new rental increase of R5.90'"

Wat hy ontken het.

(b) "... I want to put to you that those are your words and that you said 'I also want to say something about the Councillors' ..."

(c) "... and the moment you mentioned the word Councillors a Mrs Maria Dlamini stood up and appealed to the chair about you".

(d) "Now do you recall that she said to the Chairman that you the speaker had to first dissociate yourself with the Councillors".  
Vol. 13 pp. 624-5.

3. Masenya se getuienis is dat hy nog nie gepraat het nie toe hy gestop was. Dat toe hy onderbreek was het die gehoor oproerig en kwaad geword en ook dat Masenya met die dood gedreig was omdat hy gekoppel was aan Raadslede. Hy was ook gevloek.

Vol. 41 pp.1949-1950.

4. In kruisondervraging was die spesifieke verweer in hooftrekke herhaal.

"No it is disputed, I am sorry I should put it specifically, that the audience did not, neither the audience nor the women said that he must be killed but that he should renounce the council system, before he would be allowed to speak." Vol. 43 p.2068.

Tog is daar 'n belangrike afwyking - hy moes die raadstelsel verwerp voordat hy toegelaat word om te praat.

5. Beskuldigde no. 10 se getuienis bring die eerste ernstige afwykings.
- (a) Maria Dhlamini het hom onderbreek en haar tot die voorsitter gewend.
- (b) Sy het 'n beroep op die voorsitter gedoen om vir Masenya te vra dat hy moet praat oor die huur-vraagstuk, hoe dit hom affekteer en om nie die Raadslede hoegenaamd te noem nie omdat sy bang was dat Masenya een van daardie persone is wat na vergaderings gereël deur die mense kom en daar sleg praat van ander terwyl hy gekoppel is aan daardie mense van wie hy sleg praat. Sy het gesê sy sê dit omdat sy bewus was dat Masenya 'n aktiewe ondersteuner van die raadslede was en deelge-

neem het in die raadstruktuur op plaaslike vlak en daarom doen sy n beroep op die voorsitter om Masenya te versoek om sy toespraak te beperk tot die huur-vraagstuk en nie te praat oor raadslede nie.

Vol. 160 pp.7894-7895.

6. Beskuldigde 8 wat saam met beskuldigde 10 by dieselfde tafel gesit het en moes gehoor het wat beskuldigde 10 gehoor het se getuienis is die volgende:

(a) Masenya het gesê hy stem saam met die mense se insig omtrent die huur as inwoner van gebied 7, en die probleme wat ondervind word in die gebied.

(b) Masenya toe begin het om iets te sê oor raadslede wat hy nie kon hoor nie.

(c) Maria het hom toe onderbreek en gesê dat hy sy standpunt t.o.v. die raadslede moet stel voordat hy enigiets sleg sê of sleg praat van die raadslede. Hyself moet homself disassosieer van die raadslede omdat hy in 1983 gestaan het as kandidaat vir verkiesing op die Raad. Gevolglik kon Masenya nie praat nie omdat oproerigheid uitgebreek het.

Vol. 170 pp.8765-8766.

(d) Gedurende kruisondervraging brei hy uit en weerspreek homself ook as hy getuig dat Masenya wel oor die raadslede gepraat het en gesê het dat hy die raadslede blameer het vir die huurverhogings.

Vol. 176 p.9048.

(e) Sy storie verander ook en word uitgebrei oor wat Maria toe sou gesê het. Sy het gesê hy moet nou sê aan watter kant van die draad hy is veral daar hy nou die raadslede blameer. Verder het sy gesê daar was toe van die gehoor mense wat hierdie vroumens ondersteun het deur te sê bv. dat Masenya moet sy standpunt aan die vergadering verduidelik, wat sy standpunt is alvorens hy iets verder kan sê.

Vol. 176 p.9048.

(d) Die bewering dat die vrou Maria haar op die voorsitter beroep het word deur beskuldigde 8 synde die tersaaklike voorsitter, weerspreek en het hy getuig dat hy nie weet of sy n beroep op hom gedoen het of sy Masenya direk aangespreek het nie omdat die geraas was te groot.

Vol. 176 p.9048.

7. Mevrouw Oliphant wie ook saam met beskuldigdes 8 en 10 voor op die verhoog gesit het se weergawe van die gebeure verskil ook drasties van die gestelde verweer en getuienis.

(a) Sy het getuig dat sy hom die eerste keer gesien het was toe hy opgestaan het en iets gesê het oor die raadslede. Dit bevestig die getuienis van Masenya dat hy slegs een keer daar opgestaan het om h vraag te vra en daarna te praat.

Vol. 328 p.18780.

(b) Sy kon nie onthou wat hy oor die raadslede gesê het nie, toe hy gestop was deur h vrou.

Vol. 328 p.18780.

(c) Die vrou het hom gestop deur te sê dat hy Masenya moet stilbly omdat hy vroeër gestaan het as kandidaat in die raadsverkiesings.

Nadat hy nie geslaag het om verkies te word nie, het hy nou gekom om homself met die massas en gemeenskap te identifiseer.

Vol. 328 pp.18780-18781.

8. Beskuldigde 5 wat ook op die verhoog was se getuienis was deur Masenya se woorde aan te haal:

(a) "Ek praat hier as inwoner van Gebied 7.

Hierdie verhoging op huur pla my baie.

Hierdie raadslede ..."

Vol. 210 p.11082.

(b) Maria het gesê Masenya moet nie toegelaat word om te praat nie. Sy het gesê Masenya het gestaan as kandidaat in November 1983 en "As dit nou nie duidelik gemaak word op hierdie huidige oomblik of hy nog in samewerking is met raadslede of nie, moet hy nie toegelaat word om te praat nie."

Vol. 210 p.11082.

9. Getuie Khahla Nomane se getuienis was dat Masenya gesê het dat hy nie saamstem met die metode wat gevolg was om die huur te verhoog nie.

h Vrou sou toe gesê het hy moet nie toegelaat word om te praat nie omdat hyself gestaan het in die verkiesing as h kandidaat.

Vol. 318 p.18194.

10. Getuie Zulu deur die Verdediging geroep, het bevestig dat Masenya niks gesê het toe hy gestop was om te praat nie omdat hy h raadslid was.

Vol. 320 p.18311.

11. Verdedigings getuie Mgudlwa het getuig dat Masenya iets gesê het wat hy nie kon hoor nie. h Vrou het toe gesê dat die man nie mag praat nie omdat hy

deelgeneem het aan raadsverkiesings as kandidaat. Toe het die vergadering oproerig geword. Die mense was kwaad.

Vol. 322 pp.18417-18418 en pp.18462-18463.

12. Verdedigingsgetuie Nyembe het die getuienis van Masenya bevestig dat hy nog niks gesê het toe hy verhoed was om te praat nie.

Vol. 327 p.18680.

h Vrou het toe gesê dié man was betrokke in die sake van die raadslede en vandag wil hy hierdie vergadering toespreek. Voordat hy iets kan sê moet hy sy posisie duidelik maak. Onmiddellik het die vergadering oproerig geword.

Vol. 327 p.18680 en p.18726 en p.18728.

Direk hierna kry ons h voorbeeld waar h vraag op h foutiewe feit aan die getuie gevra word nl. of Masenya toe dadelik die saal verlaat het. Sy getuienis was dat hy gaan sit het en ongeveer 5 minute later nadat die betrokke vrou uitgegaan het, opgestaan en uitgegaan het.

Vol. 327 p.18681.

Dit is ons respekvolle betoog dat die getuienis wat die Verdediging aangebied het nie die verweer wat aan die getuies vir die Staat gestel was ondersteun nie. Sekerlik kan die verdediging nie die Agbare Hof vra om die getuienis

van die Staat onbetroubaar te bevind nie waar hulle gekruis-  
vra was op grond van 'n gestelde verweer wat onwaar is nie.  
Dit is ook opmerklik hoedat daar werklike wesentlike ver-  
skille is in die getuienis gelewer deur die verdedigings-  
getuies en het ook selfs die Staat se getuienis gestaaf.

Dit is ook ons respekvolle betoog dat die verweer en verde-  
digingsgetuies soos voor hierdie Agbare Hof voorgelê 'n  
poging was om weg te kom van die aanstigting tot geweld-  
pleging en dat die verweer en getuienis nie hierin geslaag  
het nie. Al die getuies het altyd probeer om hierdie Hof te  
probeer oortuig dat Masenya wel 'n geleentheid gebied was om  
te praat. Dit kan al die getuies onthou en het uit hul pad  
gegaan om dit te benadruk hoewel van hulle se getuies baie  
swak was in kruisondervraging.

Dit is ons respekvolle betoog dat dit baie hoog onwaarskyn-  
lik is dat met die organiseerders se aanstigting teen  
Raadslede en die Raadstelsel, en die bewese woede teen die  
Raadslede en Raadstelsel aan Masenya 'n geleentheid  
gebied was om te praat soos hy getuig het.

Dit is gevolglik ons respekvolle betoog dat die Staat se  
getuienis aanvaar word as korrek en dat hierdie Agbare Hof  
aanvaar dat die volgende wel op die vergadering gesê was:

(1) Masenya gedreig was dat hy gedood sou word omdat  
hy gekoppel was aan die raadslede en -stelsel.

(2) Dat die eiendomme van raadslede aan die brand  
gesteek of gebrand moet word.

Vol. 12 p.601 en 603.



Dit word bevestig deur die werklikheid van die gebeure op 3 September 1984.

- (3) Dat mense wat sou gaan werk op 3 September 1984 of die verhoogde huur sou betaal, staan gevaar om beseer of gedood te word.

Vol. 12 p.601.

Dit word ook deur die werklike gebeure op 3 September bevestig dat busse wat werkers vervoer het met klippe gegooi was en werkers deur jeuggroepe verhoed was om te gaan werk.

- (4) Dat Kabi wel die mense aangestig het om drasties teen die raadslede op te tree en veral dat raads-lid Diphoko gedood moes word.

Vol.            p.

Ook word bevestig deur die werklikheid van die 3de September 1984 toe Diphoko wel vermoor was gedurende die onluste deur die massas.

### 3 September 1984 - Small Farms

#### Inleiding

Dit is ons respekvolle betoog dat die keuse van die 3de September 1984 as die dag waarop die organisasies in Vaal die massas in die Vaal gemobiliseer het vir verenigde aksie teen die owerhede nie toevallig was nie, maar dit was die dag waarop die eerste sitting van die nuwe drie-kamer parlement plaasgevind het.

*See in hoofstuk 00. dit is die geval*

Dit is ook baie duidelik dat die organisasies in die Vaal dit beplan het om te verseker dat groot menigtes mense versamel word. Dit word bevestig deur die kennisgewings deur Esau Raditsela namens VCA uitgestuur om die mense bymekaar te bring. n Baie belangrike feit wat deur die kennisgewings openbaar word, is die feit dat daarin niks gemeld word van die opmars nie. Dit is betekenisvol in die sin dat die organiseerders ook neutrale mense wou betrek, eers almal bymekaar wou kry en dan sou hulle daarvandaan gelei en betrek word.

Sien bewysstuk AN15(1).

Hierin het hulle ook goed geslaag as gelet word op die aantal getuies wat die verdediging geroep het wat nie aan politieke aktiwiteite deelgeneem het, aan geen van die organisasies in die Vaal behoort het nie en bloot net opgedaag het by die versamel plekke op 3 September 1984.

Dit is gemenesaak dat die VCA aktiviste op 2 September 1984 n gesamentlike vergadering gehou het om die aktiwiteite vir die 3de September 1984 te beplan. Dit was mense oor die hele gebied wat daar versamel het. Dit is ons respekvolle betoog dat die beskuldigdes in hierdie Hof die gewelddadige aard van hul beplande aksie probeer verbloem het deur te beweer dat n petisie opgetrek word vir oorlewering. Ons sê dit was n set vir die volgende redes:

- (1) Dit was eers na die verskeie vergaderings wat op die 26ste Augustus 1984 gehou was dat n petisie genoem was behalwe vir Sharpeville.

- (2) Die petisie wat in Sharpeville ter sprake was, het nooit gerealiseer nie en die getuienis daarvoor aangebied was so weersprekend dat dit nie geglo kan word nie.
- (3) Die petisie wat die tweede bespreek was, het ook nooit gerealiseer en was nooit by hierdie Agbare Hof ingehandig nie.
- (4) Selfs nie eers op die 9de September 1984 tydens die vergaderings tussen die owerhede en verteenwoordigers van die gemeenskap het enige van hierdie petisies ter sprake gekom of was dit oorhandig nie. Selfs nie eers waar beskuldigde 3 persoonlik teenwoordig was nie.
- (5) Kort na die uitbreek van die geweld het Esau en Dorcas Raditsela met die hulp van aktiviste in UDF uit die land gevlug en hy was die persoon wat in besit sou gewees het van die petisie.

#### Oggend van 3 September 1984

##### 1.

Die gebeure te Small Farms se Roomse Kerk moet beoordeel word aan die hand van gebeure vroeg die oggend in Sebokeng.

1. Raadslid Ceaser Motjeane se huis in gebied 11 was reeds om 6h00 vir die eerste keer aangeval. Die getuienis was nie weerlê nie.

2. Raad se werksinkels in gebied 13, was reeds om 7h10 aangeval. Hierdie getuienis was nie weerlê nie.
3. Raadslid Mahlalsi se huis in gebied 11 reeds tussen 7h00 en 8h00 aangeval en afgebrand. Die getuienis was nie weerlê nie.
4. Teachers Training College en raadslid Nkiwane se huis albei tussen 8h00 en 9h00 in gebied 7 aangeval en aan die brand gestek. Die getuienis is nie weerlê nie.
5. Vanaf 6h00 was polisie voertuie en busse met klippe gegooi veral naby busstoppe. Die getuienis is nie weerlê nie.
6. Vanaf 7h00 begin inwoners paaie versper naby busstop naby BP Garage. Om 8h00 word polisie en busse met passasiers aangeval met klippe. Die getuienis was nie weerlê nie maar wesentlik gestaaf deur 'n verdedigingsgetuie wat bevestig dat daar padversperrings was by BP Garage wat beman was deur vyandige jeugdige.
7. Grondpad vanaf BP Garage na biersaal in gebied 12 was na 8h00 versper. Die getuienis was nie weerlê nie.
8. Paaie versper om 7h00 in Small Farms. Hierdie getuienis was nie weerlê nie.

9. Gedurende nag van 2-3 September 1984 en in Evaton is daar padversperrings en word polisie aangeval met klippe. Hierdie getuienis was nie weerlê nie.
10. Dan is daar ook die stelling van die Verdediging aan Brigadier Viljoen dat in Sebokeng het groepe jeugdige by busstoppe mense probeer verhoed om te gaan werk en is hulle deur die Polisie met sambokke .....

Die stellings was soos volg:

"U sien, wat ek aan u wil stel is dit, dat daar was van vroeg die oggend groepies op die straat. Daar was ook jongmense wat na ander persone wat werk toe wou gaan, gegaan het en probeer het om hulle te keer om nie werk toe te gaan nie.

....  
Ek wil aan u stel dat vroeg die oggend voor sonsopkoms die patrolliewaens besig was om sulke groepe uiteen te jaag. Verstaan u wat ek bedoel met groepe. Daar sal 'n klein groep van mense wees. Party sal probeer - party was van plan om werk toe te gaan en party was besig om hulle te probeer oortuig dat hulle nie werk toe moet gaan nie en hulle is almal uiteen gejaag met sambokke.

....  
Ek wil aan u stel dat u manne besig was om die persone wat probeer het om die ander mense te oorreed om aan die optog deel te neem en nie werk toe te gaan nie, hulle is uiteen gejaag en hulle is aangerand in omstandighede waar hulle nie die reg gehad het om dit te doen nie."  
Vol. 65 pp. 3420, 3421 en 3422.

Die verweer wat algemeen aangebied was, was dat dit daar in en by die kerk deur Esau Raditsela sowel as beskuldigde 8 en 17 verkondig was dat dit 'n vreedsame opmars moet wees en dat "marshalls" aangestel was om die mars te beheer wat moes toesien dat alles vreedsaam verloop. Ook dat daar geen konfrontasie met die Polisie moet wees nie.

*Nie van die begin af was Esau wou gestel dat seker was dat*

Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie verweer 'n blatante leuen was en ons vra hierdie Agbare Hof om dit in geheel te verwerp as vals en onwaar. Daar is verskeie aspekte wat die valsheid van hierdie verweer bevestig:

1. Hierbo is alreeds uitgewys hoedat in die Evaton/Sebokeng omgewing reeds al sedert die vorige nag geteister was met voorbereidings vir geweld met padblokkades, intimidasie en geweldpleging. Tewens dit is uitgewys hoedat geweld en voorbereidings vir geweld in die hele Vaal gebied voorgekom het. Kan enigiemand met alle eerlikheid kom beweer dat hulle in 'n gebied geteister met geweld 'n vreedsame optog wou hou na die intensiewe opsweping van die gemeenskap.
2. 'n Ander aspek wat hierdie verweer die nek inslaan is die weergawes van die beskuldigdes se verweer wat aan die Staat se getuies gestel was, maar wat nooit gerealiseer het nie en waarna in die getuienis hieronder verwys word.
3. 'n Ander aspek is die wesentlike weersprekings in die getuienis van die verdediging oor wat plaasgevind het by die Roomse Kerk die oggend van die 3de September 1984.

Getuie IC.8 het getuig van die vergadering op 2 September 1984 in die Anglikaanse Kerk te Sharpeville. Dit is die kerk van beskuldigde (3). Die volgende blyk daar te gebeur het:

- (1) Dat dit n vergadering was van die organisasies in die Vaal wat COSAS, AZAPO en VCA ingesluit het. By die deur van die lokaal waar die vergadering gehou was, was VCA se kennisgewing van die wegbly-aksie op die 3de September 1984 en die byeenkoms by die Roomse Kerk te Small Farms.

Vol. 16 pp.769-770

Sien ook bewysstuk AN15(2).

In die verband word ook verwys na beskuldigde 3 en Hlubi se gesprek met verdedigingsgetuie Harris soos beliggaam in bewysstuk V31A en die bewysstuk ingehandig deur die Verdediging bewysstuk .....

- (2) Beskuldigde 3 het in sy toespraak gesê Mahlatsi het by sy laaste stasie gekom. Hy het ook gesê "away with the councillors" en dat hulle die volgende dag gaan marsjeer na Houtkop toe.

Vol. 16 pp.771-772.

Beskuldigde 2 het ook n toespraak gelewer waarin hy gesê het dat daar die 3de September 1984 gaan daar n wegbly-aksie wees en dat huishuur nie betaal word nie. Toe het hy geskreeu "Mabafe" wat beteken "laat hulle doodgaan". Toe hy dit geskreeu het was hy besig om te praat van die huishuur en raadslede en die gehoor het baie emosioneel geword.

Vol. 16 p.773.

Kehla Mthemba van AZAPO het ook 'n toespraak gelewer waarin hy gepraat het oor die huur en die wegbly op Maandag 3 September 1984. Hy het die gehoor aangemoedig om deel te neem aan die wegbly aksie en opmars en dat ingeval hulle arresteer word of ander moeilikhede ondervind, sal AZAPO hulle help en verdediging verskaf.

Vol. 16 p.773a.

Die vergadering het dan ook 'n resolusie aanvaar dat daar die 3de September 1984 'n opmars gaan wees en dat die mense op die 3de September 1984 naby die Anglikaanse Kerk en die ander in Seisostraat sou aansluit by die mars.

Vol. 16 p.773a.

Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie getuienis van IC.8 waar en korrek is en dat dit grootliks gestaaf word deur die werklikheid van die gebeure op die 3de September 1984. In hierdie verband wil ons graag die volgende uitwys:

- (1) In Sharpeville is daar reeds vanaf die nag, tussen 2 en 3 September 1984, voorbereidings getref vir geweld, deur paaie te versper. Geweldpleging het reeds plaasgevind deurdat die Polisie aangeval is met klippe, en is busse en eiendomme van Raadslede reeds van vroeg oggend aangeval en vernietig.

In die verband bevestig die verdediging se getuie P Nhlapo hierdie getuienis dat daar



alreeds vanaf 6h00 oproer in Sharpeville  
plaasgevind het.

Vol. 334 pp.19080-19081.

- (2) In die res van die woongebiede in die Vaal waar veral VCA die organisasie en opsweping gedoen het, het identiese aksie uitgebreek soos ook hierbo saamgevat was. Die teikens was ook deurgaans die Polisie, raadslede en hul eiendom.
- (3) n Betekenisvolle feit wat bewys was, is die feit dat beskuldigde nr. 2 wat so n belangrike rol gespeel het met die opsweping van die gemeenskap in Sharpeville saam met beskuldigde no. 3, gaan aansluit by en hom vereenselwig met die aktiwiteite van VCA te Small Farms die oggend van 3 September 1984.  
Vol. 16 p.774.

#### 4.

Volgens getuies IC.8 en Mahlatsi deur die Staat geroep het die volgende by die Roomse Kerk Small Farms gebeur:

1. Getuie Mahlatsi, beskuldigde 8 en Ephraim Dibate (aldrie lede van gebied 3 se gebiedskomitee) het saam tussen 8h00 en 8h30 na die betrokke kerk gegaan.  
Vol. 41 p.1959.

2. Dit is gemenesaak dat daar om en by 9h00 n kort vergadering gehou was in die saal aldaar.
3. Toe Mahlatsi en beskuldigde 8 daar aangekom het, het hulle vir Esau Raditsela en beskuldigde 17 daar aange-tref. Esau het toe gesê hulle wag vir mense en skool-kindere (COSAS) om te arriveer.

Vol. 41 p.1960.

Hierdie getuienis was nie weerlê nie, maar in wese erken deur die verdediging - sien infra.

4. Toe die jongelinge - ouderdomme gestel tussen 19 en 21 jaar - daar arriveer het en nie geklee was in skooluni-forms, het Esau vier van hulle geneem en is hulle weg om kartonne en materiaal vir die maak van pamflette te gaan haal.

Vol. 41 pp.1960-1961.

Hierdie getuienis was nie in kruisondervraging aangeval nie, maar in wese bevestig. Dit is eers wanneer die verdediging getuig het dat daar n teenstydige weergawe aangebied word. Dit word ook hieronder bespreek.

5. Mahlatsi, beskuldigde 8, beskuldigde 15, beskuldigde 17 en Dibate het daar gewag. Esau Raditsela en die jeugdige het later teruggekeer met stukke karton en

merkpenne. Die jeugdige het begin om die plakkate te skryf terwyl Esau hulle voorgesê het wat om daarop te skryf.

Vol. 41 p.1962.

Ook hierdie getuienis was nie betwis in kruisondervraging nie, maar in wese erken. Eers toe die verdedigingsgetuies getuig het, was 'n teenstrydige weergawe te berde gebring en wat hieronder bespreek word.

6. Daar het alreeds 'n groot aantal mense vergader en Esau Raditsela het hulle versoek om in die saal in te gaan en wat hulle gedoen het. Die saal was vol mense en voor die ingang het baie mense gestaan.

Vol. 41 p.1963.

Hierdie getuienis dat die saal vol was en dat mense buite by die deur saamgedrom het word bevestig deur getuie IC.8 wat weens die feit dat die saal vol was toe hy en beskuldigde 2 daar arriveer het, moes deur druk om die platvorm te bereik.

Vol. 16 p.775.

7. Mahlatsi het getuig Esau en die mense wat hom gehelp het met die maak van die pamflette, is toe in die saal in met die plakkate.

Vol. 41 p.1963.

Hierdie getuienis word in wese gestaaf deur IC.8 se getuienis dat toe hy en beskuldigde 2 na die platvorm gegaan het was Esau Raditsela, beskuldigde 8, beskuldigde 15 en beskuldigde 17 by die platvorm.

Vol. 16 pp.776-777.

Ook hierdie getuienis was in 'n groot mate bevestig deur die Verdediging wat beweer het dat Esau, beskuldigde 8 en beskuldigde 17 op die verhoog was en daar gepraat het.

8. Mahlatsi het getuig dat omdat daar so baie mense was kon hy nie in die lokaal inkom nie en moes naby die deur van die lokaal staan tussen die mense daar.

Vol. 41 p.1963.

Verskeie van die getuies deur die verdediging geroep het bevestig dat mense voor die deur van die lokaal saamgedrom het terwyl Esau Raditsela die mense binne in die lokaal toegesprek het.

9. Die mense wat binne in die saal was, het vryheidsliedere gesing volgens die getuienis van beide Mahlatsi en IC.8.

Vol. 41 p.1964 en vol. 16 p.775.

Oor hierdie feit is daar weersprekende getuienis deur die Verdediging se getuies aangebied. Sommiges het beweer dat daar geen vryheidsliedere gesing was nie terwyl ander sê daar was.

10. Dit is reeds genoem dat Mahlatsi getuig het dat Esau Raditsela en die ander in die lokaal in gegaan het met die plakkate. Hierdie getuienis van hom was nie betwis in kruisondervraging nie.

Vol. 41 p.1963.

Hierdie getuienis was bevestig deurgetuie IC.8 dat hy verskeie plakkate in die saal opgemerk het. Dit was handgemaakte plakkate. Daarop het bewoordings soos "Kill Mahlatsi and brothers" en "Away with high rents".

Vol. 16 p.776.

11. Vanwaar getuie Mahlatsi gestaan het buite die deur van die lokaal kon hy hoor dat Esau Raditsela die mense toespreek en dat hy die volgende gesê het:

(1) As die mense die saal verlaat gaan die opmars begin.

- (2) Die mense moet die mars vorm deur in rye te staan.
- (3) Plakkaatdraers moet plek inneem aan die voerpunt van die mars.
- (4) Dat hulle vandaar sou gaan na die huise van die raadslede om die plakkate daar te vertoon sodat hulle bedank. As hulle nie bedank nie moet hulle gedood word en hul eiendom moet aan die brand gestee word.

Vol. 41 pp.1964-1965.

Dit is belangrik dat 'n dokument getiteld "Vaal Case Study" en gehou was deur UDF in hulle kantore waar dit gevind was, bevestiging tot 'n groot mate verleen aan die getuienis van Mahlatsi. Die volgende twee dele wat van wesentlike belang is word aangehaal wat UDF se betrokkenheid bevestig, die verskillende organisasies in die Vaal se samewerking en die staving vir Mahlatsi word aangehaal:

Sheet 2 p.1:

"Opposition to rent increases

Opposition however when it did come, came in the form of organized and legal resistance. Resident and union organizations such as The Vaal Civic Association, the Sharpeville Anti-Rent Committee, the Vaal Women's Organisation, COSAS, AZAPO, the United Democratic Front and various local trade unions such as the Orange Vaal General Workers Union, Engineering and Allied Workers Union.

....  
On Monday morning (3.9.84) the people met in Sebokeng and decided to march to the Houtkop administration offices. A decision to invite the Lekoa Town Councilors to join them was also taken." (Ons onderstreping) Bewysstuk AN.8.

Ook 'n dokument uitgegee deur UDF, geaffilieerdes en aktiewe ondersteuners van UDF getiteld "Repression in a time of reform" word identiese bevestiging gevind:

Op p.24

"The Vaal Civic Association, the Sharpeville Anti-Rent Committee, the Vaal Women's Organisation, COSAS, AZAPO, United Democratic Front and various local trade unions, such as the Orange Vaal General Workers Union and Engineering and Allied Workers Union, came together to oppose the increases.

They called meetings during August, .....

en op p.25

"2 000 Sebokeng residents decided to march to the Houtkop Administration offices and invite the Lekoa Town Councillors to join them.

On their way to the Administration Board offices they stopped at the home of councillor Caesar Motjeane and asked him to join them. Instead he allegedly opened fire on the crowd, hitting two people.

The actions provoked the crowd to retaliate in self-defence. He became a casualty in the violence that was to follow."  
Bewysstuk W60.

*False  
inform.  
led to  
the  
war.*

*"Fact"*

*"Fiction"*

Getuie IC.8 het ook die getuienis van Mahlatsi grootliks gestaaf en volgens hom sou Esau die volgende gesê het:

- (1) Dit is nou tyd, ons marsjeer nou na Houtkop toe.
- (2) "We are going to kill Mahlatsi and brothers".
- (3) Huise en eiendom van die raadslede moet vernietig word.
- (4) Eiendomme van die Polisie moet vernietig word.

(5) Eiendomme van die Vaal Transport Korporasie moet vernietig word.

(6) Eiendomme van die gewone inwoners moet nie aan geraak word nie.

Vol. 16 p.777.

Dit is ons respekvolle betoog dat die getuienis van die twee staatsgetuies mekaar nie weerspreek nie, maar mekaar aanvul. Getuie Mahlatsi het buite die lokaal gestaan tussen ander mense vanwaar hy geluister het na Esau. Volgens hom was daar 'n geraas en hoewel hy gesê het dat hy alles gehoor het, is dit tog moontlik dat hy nie alles so goed gehoor het as getuie IC.8 wat in die onmiddellike omgewing van Esau Raditsela was nie.

#### 5.

Gedurende kruisondervraging het 'n klompie belangrike feite aan die lig gekom wat die getuienis van die Staat versterk en bevestig.

1. Mahlatsi het bevestig dat hy, beskuldigde 8 en E Dibate die oggend deur Evaton moes loop na die bymekaarkomplek te Small Farms.

Vol. 42 p.2025.

IC.8 en beskuldigde 2 het vanaf gebied 3 gekom om aan te sluit by die groep by die Roomse Kerk, Small Farms.

Vol. 16 p.728 en vol. 21 p.998.



Die feit dat hierdie gebiede toe alreeds geteister was deur oproerigheid en geweld is sterk bevestiging vir hul getuienis dat Esau geweld aangemoedig het.

2. Mahlatsi het bevestig dat Esau Raditsela gevlug het na die onluste in die Vaal.

Vol. 42 pp.2027-2028.

Dit word ook bevestig deur IC.8 en dan blyk dit dat hy landuit gevlug het.

Vol. 21 p.990.

Alleen staande beteken die feit dat Esau uit die land uit gevlug het sekerlik nie veel nie, maar ons respekvolle betoog is dat as dit beoordeel word in die samehang met al die ander feite dat dit die gewig kry om die kameel se rug te breek. Die vraag kom natuurlik op dat as alles so vreedsaam beplan en gedoen was, hoekom het hy dan uit die land uit gevlug.

3. Die verweer wat nie gerealiseer het nie, maar wat drasties verander het. Dit word vervolgens volledig behandel.

#### 6.

Dit is ons respekvolle betoog dat daar aan Mahlatsi en aan IC.8 verweere gestel was wat nie gerealiseer het nie, maar wat drasties verander het. Dit was so ingrypend van aard dat met respek gesê kan word dat die twee Staatsgetuies se

geloofwaardigheid getoets was aan die hand van 'n valse verweer oor hierdie aspek van die getuienis.

Dit kan ook nie aanvaar word dat 'n Advokaat met die ondervinding en aansien van mnr. Bizos doelbewus sulke foutiewe stellings aan die Staat se getuies sou maak het nie. Die enigste redelike afleiding wat dus maak kan word is dat hy wel die verweer wat die beskuldigdes aan hom verskaf het aan die getuies gestel het. Dit word ook bevestig deurdat basies dieselfde stellings aan die twee getuies maak was. As dit wel die geval was beteken dit dan dat die Verdediging se verweer willekeurig verander het soos die verhoor gevorder het. Dit op sigself ondersteun die korrektheid van die Staat se getuienis en bevestig die Staatsgetuies se betroubaarheid en geloofwaardigheid.

Dit is ook ons respekvolle betoog dat hierdie Agbare Hof nie met oortuiging en in alle erns gevra kan word om die getuienis van IC.8 en Mahlatsi te verwerp as onbetroubaar en ongeloofwaardig wanneer die basis van die kruisondervraging vals is nie. Ons wil graag die Agbare Hof se aandag op die volgende vestig:

1. Dit was aan Mahlatsi gestel dat dit nie deur een van die beskuldigdes onthou kan word dat Esau Raditsela weggegaan het saam met kinders om kartonne te haal nie, maar dat hulle saamstem met getuie dat kartonne gebring was en dat plakkate maak was.

Vol. 43 p.2085.

Dit was ook gestel dat die plakkate gemaak was deur verskillende persone, beide volwassenes en jeugdiges en in die vierkant, die parkeerplek.

Vol. 43 p.2086.

Aan getuie IC.8 was dit gestel dat die "people" die plakkate gemaak het. Dit word dan so gekwalifiseer.

"Did you not see some of them, I do nor want to suggest that all of them were doing it, but did you not see some of them preparing placards?"

Vol. 21 p.1009.

Dit was nooit aan die getuies gestel dat beskuldigdes 8 en 9 die plakkate geskryf het nie terwyl Esau die kartonne gesny het en twee ander persone die kartonne geskeur het nie. Verder was dit ook nie gestel dat die kartonne en merkpenne reeds daar was nie. Tog is dit die getuienis wat deur beskuldigde 8 gelewer was. Dit is ook belangrik om kennis daarvan te neem dat beskuldigde 8 en Mahlatsi saam daar arriveer het.

Vol. 171 p.8809.

Ook beskuldigde 9 het getuig dat beskuldigde 8 plakkate geskryf het, maar dan is daar 'n ernstige afwyking waar hy getuig het dat hy nie saam met beskuldigde 8 die plakkate geskryf het nie, maar elders diens gedoen het - by die hek. Sy getuienis was dat dit beskuldigde 15 was wat vir beskuldigde 8 gehelp het om die plakkate te skryf. Dit blyk ook volgens die manier waarop mnr

Bizos sy getuienis gelei het asof hy nie juis kan skryf nie.

Vol. 180 pp.9282-9283.

Beskuldigde 15 het nie getuienis afgelê nie.

Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie hele kwessie van die skryf van die plakkate belangrik is en weereens die Staat se getuies bevestig dat daarop geskryf was dat raadslede gedood moet word.

2. Die tweede en uiters belangrike stelling aan die Staat se getuies gemaak, raak die wese daarvan of dit 'n gewelddadige opmars sou wees of nie.

Dit was gestel aan Mahlatsi dat Esau Raditsela aan die mense daar gesê het om hulself te bewapen met nat lappe vir gebruik wanneer die Polisie traanrook gebruik - die nat lappe sou hulle dan gehelp het.

Vol. 43 pp.2085-2086.

Die getuie se antwoord is belangrik want hy bied in 'n mate bevestiging hiervoor want hy het getuig dat hy opgemerk het dat mense het lappe gaan natmaak. Dit was toe nie betwis of aangeval in kruisondervraging nie.

Vol. 43 p.2087.

Mnr Bizos het met groot erns herbevestig dat Esau Raditsela wel so gesê het.

"Now you see these things that you say he did not say I am putting to you that that is what Mr Raditsela said and ...".  
Vol. 43 p.2087.

*They were  
training to  
evade a  
confrontation*

Aan getuie IC.8 was h identiese verweer gestel dat Esau Raditsela aan die gehoor sou gesê het dat hulle nat lappe by hulle moes hou vir beskerming wanneer die Polisie traanrook na hulle gooi.

Vol. 21 p.1000.

Die feit dat dit die beskuldigdes se verweer was dat hulle voorsiening moes maak vir beskerming teen traanrook bevestig dat voorsorg getref word vir konfrontasie met die polisie en weerspreek terseldertyd bewerings van h vreedsame optog.

3. Dit was aan Mahlatsi gestel dat daar net 200 mense in die saal was toe Raditsela hulle toegesprek het. Getuie het getuig die saal was vol. Hy het geskat tussen 500 en 600 mense.

Vol. 43 p.2088.

Net so was dit aan IC.8 gestel dat daar net ongeveer 200 mense was. IC.8 het dit ontken en bevestig dat die saal vol was.

Vol. 21 p.1000.

Ook hierdie weergawe van die verweer het nooit gereali-seer nie. Ook hier was daar weersprekings in die

getuienis van die Verdediging. Party het getuig dat die saal nie vol was nie en andere het weer getuig dat die saal wel vol was.

Wat egter eienaardig opval is die feit dat daar al gedurende die kruisondervraging van IC.8 'n weersprekende weergawe aan hom gestel was toe dit betwis was dat hy in die saal ingegaan het.

"... I am going to put to you that you did not go into the hall. That you and Oupa, accused no. 2, went up to the door of the hall but you could not get in".

Die getuie se antwoord was dat hy en beskuldigde 2 deurgedruk het tot by die verhoog.

Vol. 21 p.1009.

'n Mens kan verstaan dat beskuldigde 2 in die lig van sy ontkenning van samewerking met VCA hierdie houding sou inneem dat hy nie by die verhoog uitgekom het nie.

Sien in die verband hoedat hy heftig beaam het dat hy nie aan die optog sou deelgeneem het nie as VCA of UDF daardeur bevorder kon word nie.

Vol. 220 p.11691.

Dat beskuldigde 2 blatante leuens vertel het en pertinent hierdie Agbare Hof mislei het word deur die volgende bewysstukke openbaar en bevestig:

Bewysstuk W60 p.24.

Bewysstuk AN8 Sheet 2.

en veral bewysstuk W9 op p.16.

Beskuldigde 2 se getuienis was dan ook dat hy en IC.8 nie in die saal kon ingaan nie weens die baie mense by die deur.

Vol. 220 p.11687.

Hoedat beskuldigde doelbewuste leuens aan die Agbare Hof vertel het, blyk uit die getuienis wat hy die volgende dag gelewer het toe hy sy getuienis in hoofvoortgesit het en toe weer 'n totale botsende weergawe gegee het oor wat van IC.8 geword het daar by die vergadering.

"Mr Bizos: ... Did any of the persons that accompanied you to Small Farms join the march with you or did you join it alone" ... I think so, I am not sure, because since our arrival there, that was the last time I was aware of their presence as to where to find them exactly. So, therefore I am not in a position to tell exactly where they were at the time when I saw them.

Court: So, the rest of the day you did not see them in the march? ... That is so.

This is now Duke and Sekhenekhe and IC.8 -- Yes".  
Vol. 221 p.11693.

7.

IC.8 sowel as Mahlatsi het onder kruisondervraging ontken dat beskuldigdes 8 en 17 na Esau Raditsela die mense daar buite die saal toegespreek het. IC.8 het bevestig dat Esau hulle toegespreek en kortliks herhaal het wat hy in die saal gesê het. Aan Mahlatsi was gestel dat beskuldigdes 15 en 17 buite toegespreek het.

Vol. 21 p.1011

Vol. 43 p.2088.

Dit is ons respekvolle betoog dat die twee Staatsgetuies se weergawe korrek is en dat beskuldigdes (8) en (17) nie die mense toegesprek het nie.

1. Die aard van hulle beweerde toesprake sou indruis teen hulle ware doel, soos hierbo volledig uiteengesit is en was daar nie nodig vir hulle om toesprake te lewer.
2. Van die getuies deur die Verdediging geroep, het die getuienis van die Staat bevestig dat slegs Esau Raditsela kortliks die mense buite toegesprek het.
3. Die wesentlike weersprekings in die getuienis van die Verdediging oor hierdie deel van die getuienis plaas hulle geloofwaardigheid sterk in geskil terwyl dit nie gesê kan word van die Staat se getuienis nie.

Dit is ons respekvolle betoog dat na die geheel van ons betoog gestaaf deur bewysplase soos hierbo uiteengesit in hierdie hele hoofstuk dat dit alles bewys en bevestig dat die Staat se getuies die waarheid getuig het en versoek ons hierdie Agbare Hof om hulle getuienis te aanvaar as waar en betroubaar en dat dit die feite waaroor hulle getuig het bewys.



3 September 1984 - Die Mars

1.

Die getuienis van die Staat oor die gebeure wat verband hou met die optog, die gebeure in die omgewing van die interseksie en Caesar Motjeane se huis, poskantoor en Hunters Garage bring die volgende aan die lig:

1. Getuie IC.8 het getuig dat die Mars gelei was deur Esau Raditsela, beskuldigde 2, beskuldigde 8, beskuldigde 13 en beskuldigde 17.

Vol. 17 p.780.

Dit is so dat IC.8 deur beskuldigde 13 aangesê was om op te tree as "marshall".

Vol. 17 p.780.

Getuie Mahlatsi het bevestig dat Esau Raditsela en beskuldigde 17 deel gevorm het van die persone wat die opmars aan die voerpunt gelei het.

Vol. 41 p.1967

2. Dit is gemenesaak dat die plakkaatdraers ook aan die voerpunt van die optog was.

3. Getuie IC.8 het getuig dat terwyl die opmars beweeg het, het die mense wat daaraan deelgeneem het vryheidsliedere gesing - o.a. Siyaya Epitoli.

Vol. 17 p.782.

Dit word bevestig deur Mahlatsi dat hulle Siyaya  
Epitoli gesing het.  
Vol. 41 p.1967.

4. IC.8 het getuig dat op hulle roete het mense vrywillig  
by die optog aangesluit. Verder het lede van die optog  
ook mense wat nie vrywillig wou aansluit nie gedwing om  
by die opmars aan te sluit.  
Vol. 17 pp.782-783.

Mahlatsi het hierdie getuienis ook bevestig.  
Vol. 41 pp.1967 en 1968.

5. IC.8 het getuig dat toe hulle by die kaartjieskantore  
van VTC verby gegaan het, het lede van die opmars die  
opmars verlaat, die deur van die kaartjieskantore  
oopgebreek, twee stoele daaruit verwyder en in die  
straat gebreek. Toe dit gedoen was, het die ander  
persone nog in die opmars hul vreugde uitgedruk deur  
die skreeu van slagspreuke.  
Vol. 17 pp.783-784.

Mahlatsi wat redelik aan die voerpunt van die opmars  
was, het dit nie waargeneem nie. Dit is verstaanbaar  
in die lig van IC.8 se getuienis dat terwyl die groep  
weggebreek het, het die opmars voortgegaan en nie  
gestop nie.

Vol. 41 p.1969 en  
Vol. 17 p.784.

6. IC.8 het getuig dat hy gaan staan het om te kyk na hierdie groep. Terwyl hy gestaan het, het hy gehoor iemand skreeu: "Daar is 'n hond". Die persoon was lid van 'n groepie persone wat die <sup>w</sup> interaksie <sup>Sekur</sup> by gebied 11 gestaan het.

Vol. 17 pp.785-786.

Mahlatsi het bevestig dat nadat die voerpunt van die opmars by die BP Garage gegaan het en die voerpunt waar hy was naby die laan was wat uit gebied 11 kom, het hy opgemerk dat uit die laan uit gebied 11 daar 'n klompie mense uitgekom het wat opgemerk het: "Die honde van Raadslede is besig om te skiet hier". Na dit kon hulle skote daar hoor.

Vol. 41 p.1969.

Mahlatsi het verder getuig dat nadat dit gebeur het, het Esau Raditsela hardop gesê: "Kom julle laat ons gaan" (bewoording soos later reggestel). Mahlatsi het op hierdie stadium besluit om die opmars te verlaat en om weg te hardloop. Die laaste wat hy opgemerk het was dat die voerpunt van die opmars gehardloop het in die rigting waar geskiet was. Hulle het in die laan op gehardloop as vanwaar die klompie mense gekom het.

Vol. 41 p.1969-1970.

Hierdie getuienis word wesentlik bevestig deur IC.8 wat getuig het dat toe hy die aanmerking van hond gehoor het, het hy en 'n klomp van hulle soontoe gehaas. Daar

voor het hulle gevind die mense is besig om dinge te breek - vensters. Die mense het gesê: "Dit is die hond se eiendom" verwysende na die huis wat hulle breek. Die ruite is stukkend gegooi.

Vol. 786.

7. Die getuie IC.8 het gehoor daar word skote gevuur vanaf die huis wat die skare daar met klippe aangeval het.

Vol. 17 p.786.

8. Toe die skote gevuur was, het die skare van ongeveer 1 000 mense na 'n hoek van die perseel waaruit gevuur was en die perseel langsaan gegaan en die omheiningsdraad opgelig en toegang gekry na Caesar se huis.

Vol. 17 p.786.

9. IC.8 het gemerk dat 'n jongeling 'n plastiese houer by hom gehad het. Hulle het toe op die perseel aangrensende aan Caesar s'n gestaan. Die jongeling het ook 'n lang stok gehad en het die een punt met 'n lap toegedraai. Hy het hierdie punt in die houer gedoop en toe aan die brand gestee. Die skietery vanaf Caesar se huis het ondertussen opgehou. Die stok met brandende punt is aan iemand anders oorhandig en lg. het daarmee deur die gebreekte venster die gordyne in Caesar se huis aan die brand gestee en het die huis begin brand.

Vol. 17pp.787-788.

10. Die jongman met die houer het ook Caesar se perseel binne gegaan en die inhoud van die houer oor die kombi in die garage gegooi. 'n Bakkie was parkeer langs die huis op die perseel en daaroor was ook van die inhoud van die houer gegooi. Vanaf die agterkant van Caesar se perseel het mense oor die draad geklim en in sy perseel gekom.  
Vol. 17 p.788.
  
11. Die jongman met die houer het beide voertuie toe daar waar hulle gestaan het, aan die brand gestee. Daar was toe baie mense op die perseel van Caesar en getuie het waargeneem dat hulle 'n persoon fisies by die kombuisdeur uittrek.  
Vol. 17 p.788.
  
12. Dit was gedoen deur so baie persone dat IC.8 nie kon sien wie die persoon was nie. Hulle het die persoon getrek na die kant waar IC.8 geskuil het en daar het hulle die persoon doodgemaak. Die persone was gewapen met klippe, ysters en een het 'n jagmes gehad waarmee hy die persoon gestee het.  
Vol. 17 p.788.
  
13. Daar was 'n samedromming van 'n groot aantal mense en hulle het hulle blydskap vertoon deur te ululeer. I.C.8 het 'n opmerking gemaak dat hierdie persoon nie op hierdie manier gedood moes gewees het nie waarop een van die omstanders hom ook met die dood gedreig het en het hy daar padgegee.  
Vol. 17 p.789.

*Daar*

206  
82  
2.5.5: 17001

14. IC.8 het vir beskuldigdes 5 en 13 daar op die toneel opgemerk. Verder het hy opgemerk dat beskuldigde 2 sien sit skuins regoor Caesar se huis.

(1) Toe die persoon wat doodgemaak is uit die huis uitgetrek was, het beskuldigdes 5 en 13 gestaan by die draadheining tussen die twee persele. Hulle het net gestaan en kyk in rigting van Caesar se huis.

(2) Beskuldigde 2 het net op 'n voorwerp gesit en het toe niks gedoen nie en net gekyk na Caesar se brandende huis.

Vol. 17 pp.779-791.

15. Die groep het later die plek verlaat en is terug na die hoofstraat en weer aangesluit by die mars. 'n Groot deel van die mense het blykbaar nie die optog verlaat nie, maar aangehou marsjeer.

Vol. 17 pp.791-792.

16. Toe hulle verby die poskantoor gegaan het wou lede van die optog die poskantoor met klippe aanval. IC.8 en 'n onbekende persoon het hulle gekeer deur hulle attent te maak daarop dat ook hulle briewe binne in die poskantoor is. Verder is aan hulle gesê dat hulle soek net die polisie, VTC en die Administrasie. Die groep het geluister en is terug in die optog in.

Vol. 17 p.792.

17. Die optog het voortgegaan tot in die nabyheid van Hunters Garage waar die Polisie hulle voorgekeer het. Hulle wou nog voortgaan en die mars het waar hulle die Polisie teëgekom het nie gestop nie maar voort gemarsjeer. 'n Helikopter het traanrook tussen hulle in die optog gegooi. Daarna het Polisie na hulle begin skiet met rubberkoeëls. Twee persone naby IC.8 was getref en IC.8 het gevlug en in 'n nabygeleë perseel gaan skuil en is later na sy neef se huis in gebied 13.  
Vol. 17 p.793.
18. Getuie Alinah Mogatla wat skuins oorkant Caeser Motjeane se huis, reg langs die steeg gewoon het, het getuig dat op die oggend van 3 September 1984 net na 6h00 wakker geword het as gevolg van 'n geraas buite die perseel.  
Vol. 48 p.2399.
- Haar getuienis word gestaaf deur haar eggenoot Petrus Mogatla wat saam met haar was en ook getuig het.  
Vol. 31 pp.1450-1451.
19. Sy en haar man het deur die venster gekyk en gesien dat jeugdige klippe gooi na Caeser se huis en dat Caeser na hulle skiet. Die aanvallers van Caeser se huis was in die straat en op getuie se perseel en ook in die steeg. Daar was baie.  
Vol. 48 pp.2399-2400.

Haar getuienis word deur haar eggenoot Petrus Mogatla gestaaf.

Vol. 31 pp.1451-1452.

20. Beide Caesar en sy lyfwag Phineas Matibidi was buite die huis op die perseel vanwaar hulle albei op die skare gevuur het.

Vol. 48 p.2401.

Dit word bevestig deur getuie Petrus Mogatla.

Vol. 31 p.1453.

21. Op 'n stadium het die aanvallers weggehardloop en na 'n tyd weer teruggekom. Dan is klippe gegooi en hardloop hulle weg.

Vol. 48 p.2401.

Petrus bevestig dat die klipgooiers weggehardloop het en na 'n tyd terugkeer, klippe gooi, weer weg hardloop en dan terugkeer en klippe gooi.

Vol. 31 pp.1453-1454.

22. Die onluste Polisie het op die toneel verskyn. Die klipgooiers was weg en dit was stil toe sy waargeneem het dat die Polisie met Caesar praat. Na 'n tyd is die Polisie weer weg.

Vol. 48 pp.2401-2402.



Petrus bevestig dat die Polisie op die toneel verskyn het en dat die klipgooiers verdwyn het. Dat die Polisie na 'n tyd weer vertrek het.

Vol. 31 p.1454.

23. 'n Ruk nadat die Polisie die toneel verlaat het, het daar weer 'n groep mense opgedaag. Hulle het met die steeg opgekom en sy het waargeneem dat van hulle plakkate dra. Daar was baie mense, die straat was vol. Daar was ook mense in die steeg en ook mense op die perseel. Hierdie 2de groep het ook Caesar se huis aangeval met klippe en daar is gevuur op hulle. Die eerste keer dat sy plakkate opgemerk het, was met hierdie tweede geleentheid.

Vol. 48 pp.2402-2404.

Petrus bevestig dat daar vir 'n tweede keer 'n groep mense met die steeg langs opgedaag het 'n ruk na die Polisie vertrek het. Daar was toe plakkate by hulle en hulle het ook Caesar se huis aangeval met klippe en hy bevestig dat daar skote gevuur was vanaf Caesar se huis. Dit was baie mense. Ook hy het die plakkate hierdie tweede keer vir die eerste maal gesien.

Vol. 31 pp.1454-1456.

Die getuienis van IC.8 word deur hierdie getuienis op belangrike aspekte gestaaf wat betref fynere detail.

- (1) 'n Groot groep kom met die steeg op vanaf rigting van die interseksie.

(2) Nou is daar ook plakkate.

(3) Die huis van Caeser word met klippe aangeval.

(4) Daar word vanaf die huis van Caeser op die aanvallers gevuur.

24. In die voorvalle na die vertrek van die Polisie was 'n kind beseer. Die kind was na haar huis gebring deur persone wat sy nie gesien het nie.

Vol. 48 p.2404.

Petrus bevestig haar getuienis dat 'n kind in die geveg daar buite gewond was deur 'n vuurwapen en deur 'n groep persone na hulle huis gebring was. Dit het om ± 9h00 gebeur.

Vol. 31 p.1456.

Die tyd wat die getuie skat om ongeveer 9h00 bied ook belangrike staving vir die getuienis van IC.8.

25. Petrus het verder getuig dat hy bang was en nie die hele tyd gekyk het nie. Op 'n stadium het hy deur die venster geloer toe hy gehoor het dat Caeser se huis brand. Hy het gesien Caeser se huis brand. Die aanvallers was steeds daar. Hulle was toe op soek na Caeser wat volgens die aanvallers verdwyn het.

Vol. 31 p.1457.

Ook getuie Alinah Mogatla het getuig dat sy bang was. Op 'n stadfium het sy geloer en gesien Caesar se huis brand.

Vol. 48 p.2406.

26. Petrus het gehoor van die aanvallers sê daar is 'n mens wat brand. Hy het later gekyk en gesien die lyk van Matipidi het gelê naby die hek van die perseel langsaan Caesar s'n. Die liggaam was aan die brand. Daar was nog aanvallers wat na die huis van Caesar gekyk het.
- Vol. 31 p.1458.

Alinah bevestig hierdie getuienis grootliks.

Vol. 48 p.2407.

27. Petrus getuig dat die lyk van Caesar omtrent die 4de huis van syne af, aan die oorkant van die pad van Caesar se perseel, in die perseel gelê het. Daar het 'n plakkaat 'n endjie van die lyk skuins regop gestaan. Getuie het nie gaan kyk nie en kan nie sê wat daarop gestaan het nie.

Vol. 31 p.1459.

Dit word bevestig deur Alinah.

Vol. 48 p.2406.

28. Petrus het getuig dat Caesar se kombi en motor in die garage aan die brand gesteeek was en dat Caesar se

bakkie op die perseel langs die huis aan die brand gesteeek was. (Dit word bevestig deur Alinah. Vol. 48 p.2406)

Vol. 31 p.1460.

29. Bewysstuk A20, die verslag van die regsgeneeskundige lykskouing en wat deur die verdediging erken is, lewer belangrike bevestiging van die getuienis van IC.8 te wete -

(1) Die steekwond.

(2) Die verskeie kneuswonde (ingedrewe skedel) wat stompgeweld bevestig.

2.

Onder kruisondervraging het die twee getuies IC.8 en Mahlatsi, nieteenstaande deurtastende en langdurige kruisondervraging het hulle hul uitstekend van hul taak gekwyt en nie wesentlik afgewyk van hulle getuienis in hoof nie. Graag wil ons egter hierdie Agbare Hof verwys na die volgende insidente.

1. Oor die opstel van die optog was die volgende gestel wat klaarblyklik nie die waarheid was nie en nie as maatstaf gebruik kan word as maatstaf om hul geloofwaardigheid te toets nie.

(a) Aan IC.8:

"Because I am going to put to you that there were three people that were organising the front of the proposed march, accused 9, the Reverend Jacob Mahlatsi and, Mr Modise Mthombeni." (ons onderstreping).

en dan weer

"were they arranging the vanguard, die voorlopers of the march? -- That I do not know. All I know is who were the leaders.

Yes how did you see one, that is acc. 9 or other of these three persons calling upon the people that had made makeshift placards to come to the front?"

Vol. 21 pp.1018 en 1019.

- (b) Aan getuie Mahlatsi word dit nooit gestel dat hy en die ander twee persone die voorpunt van die optog georganiseer het nie maar h totaal botsende weergawe word gestel.

"Would it be correct to say that Modise Mthombeni, accused no. 9, that is Tebello Ephraim Ramakgula, and you were put at the head of the march behind the young placard carriers -- I was not put there."

Vol. 43 p.2090.

- (c) Die getuienis van die Verdediging het die volgende botsende weergawes gebied:

- (1) Dat niemand vir beskuldigde 9, Mahlatsi en vir Mthombeni op die voorpunt van die optog geplaas het nie maar dat hulle vrywillig aangebied het om die mars te lei en stellings self gaan inneem het.

Vol. 171 pp.8817-8818 en vol. 177 p.9125 en veral p...

- (2) Beskuldigde 9 se getuienis was dat Esau vir vrywilligers gevra het om die optog te lei en dat die genoemde 3 persone toe aangebied het om die optog te lei.

Vol. 180 p.9285 en vol. 184 p.9540 en veral p.9541.

- (3) Beskuldigde 2 se getuienis was dat een persoon daar georganiseer het en die plakkaat-

draers uitgeroep het om posisie in te neem op die perseel.

Vol. 220 p.11690.

- (4) Beskuldigde 2) bevestig dat niemand anders behalwe die plakkaatdraers uitgeroep of aangesê was om die voorhoede van die optog te vorm nie.

Vol. 227 p.12064.

- (5) Beskuldigde 2 ontken onder kruisondervraging dat enige persoon daar op die perseel, hetsy aan spesifieke persone of in die algemeen enige persone daar teenwoordig aangesê of genooi het om die optog te lei nie.

Vol. 227 p.12068.

Sien verder die opsomming van die getuienis infra.

2. Aan Mahlatsi was die volgende gestel aangaande Esau Raditsela en beskuldigde 8:

- (a) "I am going to put to you that he (Esau Raditsela) was not in the front but that he was the sort of marshall who remained behind to see to it that people got off in the correct way".

Vol. 43 p.2091.

Dit is beslis nie die waarheid nie.

- (b) "I am going to put to you that he (accused no. 8), together with Esau Raditsela, was not in the front.

Court: Where were they?

Bizos: Towards the back My Lord -- I do not agree. ...

"I am going to put to you that on the contrary accused no. 8, Nkopane, and Raditsela actually

stayed towards the back in order to see to it that people did not lag behind -- No I do not agree with that."  
Vol. 43 p.2092.

Dit word pertinent deur beskuldigde 8 weerspreek.  
Vol. 171 pp.882 en 8827-8828.

Die verskeie verskillende weergawes hieroor kom hieronder duidelik en opmerklik voor.

3. Dit was nie deur die Verdediging betwis in kruisondervraging dat die VTC se kaartjieskantoor beskadig was nie, maar dit op 'n later geleentheid die dag beskadig was.

"I am going to put to you that your evidence in that regard is false, there was damage, listen to me for a moment, there was damage to that property during the afternoon by a group of youths and not at the march at all."  
Vol. 21 p.1022.

Dit is tog betekenisvol dat die getuie IC.8 se getuienis minstens korrek erken was in soverre as wat die skade aan die betrokke kaartjieskantoor betref. Hy is ook korrek dat dit in die nabyheid van die BP Garage gebeur het en op die roete soos gevolg deur die optog.

Snaaks genoeg het die Verdediging se bron nooit getuig dat die kaartjieskantoor eers die middag beskadig sou gewees het.

Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie insident wel plaasgevind het soos deur die Staat se getuies getuig was.

4. Dit is ons respekvolle betoog dat die interseksie naby die huis van wyle Caesar Motjeane van kardinale belang

in hierdie saak geword het. Soos ons gesien het volgens die Staat se weergawe is dit ons betoog dat die volgende daar gebeur het:

- (1) Mense wat daar by die huis van Ceaser aanvalle geloods het, het daarvandaan gevlug deur die steeg na die interseksie toe.
- (2) Op daardie stadium was die voorpunt van die optog pas verby Fawla se bushalte, minder as 100 meters weg van die interseksie.
- (3) Hierdie groep wat daar uit die steeg uitgekom het, het met die voorpunt van die optog kontak gemaak en Esau Raditsele wat die optog gelei het, het toe minstens die voorste deel in die steeg opgelei na Caesar se huis en dit aangeval.
- (4) Party van die mense in die optog soos getuie Mahlatsi en die Verdediging se getuie ..... wat gesien het dat moeilikheid kom, het die optog verlaat en weggevlug.
- (5) Die Staat betwis en ontken dat daar 'n groot groep van 300 mense was wat met die hoofpad vanaf die rigting van die poskantoor die interseksie genader het en by die optog aangesluit het.

Die Verdediging aan die anderkant wil die Hof oortuig:

- (1) Dat niemand in die optog bewus geraak het van die gebeure by Caesar se huis nie.

*Handwritten notes:*  
 Die Verdediging wil die Hof oortuig dat niemand in die optog bewus geraak het van die gebeure by Caesar se huis nie.



- (2) Dat niemand die optog verlaat en in die steeg opgegaan het nie.
- (3) Dat daar op of by die interseksie 'n groot groep mense by die optog aangesluit het wat die deurmekaar spul daar veroorsaak het.
- (4) Dat nadat hierdie groep aangesluit het, het die optog normaal voortgegaan op hul roete.

Dit is ons respekvolle betoog dat die Staat se weergawe die korrekte beeld uitdra en die verweer soos uiteengesit vals is en 'n poging is van die beskuldigdes om skuld vir die gebeure te ontduik.

Ter ondersteuning van die Staat se weergawe word die volgende ter oorweging aangebied:

- (1) Beide die Staat se getuies het baie oortuigend en beslis ontken dat daar 'n groot groep van 300 mense vanaf die rigting van die poskantoor met die hoofpad (die teerpad) die tersaaklike interseksie genader het nie.
- (2) Beide getuies het getuig dat 'n deel ten minste van die optog onder leiding van Esau Raditsela in die steeg op beweeg het. Minstens het die getuie IC.8 saam agter Esau aan die steeg in beweeg na Caesar se huis wat aangeval was. Hy identifiseer ook drie van die beskuldigdes wat ook daarheen in die steeg op beweeg het - beskuldigdes 2, 5 en 13.

- (3) Getuie IC.8 het geen rede om valse getuienis te lewer om hulle te impliseer nie. As hy wel valse getuienis wou lewer, was daar geen rede hoegenaamd waarom hy dan nie meer van die beskuldigdes of al die beskuldigdes wat aan die optog deelgeneem het nie ook by die aanval by Caesar en die moorde daar betrek het nie.
- (4) Getuie IC.8 se getuienis se betroubaarheid word verder versterk deur die fynere puntjies van wat daar werklik gebeur het en waarvan hy alleen kennis kon gedra het omdat hy persoonlik daar was en dit waargeneem het.
- (5) Die waarheid van IC.8 sowel as Mahlatsi se getuienis word ook aansienlik versterk deur die Verdediging se onsuksesvolle poging om Esau Raditsela wat die Verdediging self beskryf as die persoon in beheer, weg te neem van die voorpunt van die mars.
- (6) Dit is egter die ongeloofwaardigheid en valsheid van die verweer oor die gebeure by die interseksie wat die getuienis van IC.8 bo enige verdenking hoegenaamd plaas. Dit word direk hierna afsonderlik behandel.
5. By die behandeling van die gebeure by die interseksie wil ons graag die volgende onder die Agbare Hof se aandag bring:
- Dit was aan IC.8 gestel dat -

- (a) soos die optog gevorder het, het groepe aangesluit.

"Do you recall that as the march was proceeding along people were joining it, both individually and in small or larger groups?"  
Vol. 22 p.1031.

- (b) dan word 'n stelling gemaak omtrent die regterkant van die pad in die interseksie.

"Now are you able to admit or deny in the circumstances that there was also a fearly large group on right hand side". Hieroor was die getuie nie seker nie.  
Vol. 22 p.1036.

- (c) daar ook 'n groep in die hoofpad was.

"And would you also say neutral that there was a group, there was a group on the road if you had taken a right turn, no towards the stadium, opposite the stadium."  
Vol. 22 p.1036.

"And at this bus, or beyond the bus terminus would you be able to admit or deny that there was a group of approximately 300 moving towards the march as it was approaching the base of the Y. .... in the road they were approaching the front of the march."

Getuie het nie die groep opgemerk nie.  
Vol. 22 p.1037.

- (d) nadat die skets bewysstuk AAQ5 beskikbaar was, hierdie belangrike stelling:

"Now are you in a position to either admit or deny that before the march reached the bottom of the Y there was a group of persons in the lane and in front of the late Ceaser Motjeane's house?"

Die getuie herhaal sy vorige getuienis dat toe hulle die laan na Caesar se huis genader het, het hy 'n groep mense in die omgewing van die laan - dit was +20 mense en in die laan was 'n klompie mense.  
Vol. 22 p.1043.

Getuie kon nie sien wat voor Caesar se huis aangaan nie.

Dan herhaal die getuie dat die groep persone in die straat was aan linkerkant op grondpad.  
Vol. 22 p.1045.

Getuie bevestig dan dat die enigste mense wat ooit met die voorpunt van die optog uitgekom het, is die groep van +20 waarna hy verwys het.  
Vol. 22 p.1045.

Getuie bevestig dan dat daar uit gebied 12 en vanaf die regterkant nie mense aangesluit het vir sover hy weet nie.  
Vol. 22 p.1045.

(e) verduidelik mnr Bizos wat die Verdediging is.

"Yes, our evidence, let me put it specifically, will be that there was a group of approximately 300 who were waiting to join the march and they came to the intersection and joined the march in front of the march from the righthand side."  
Vol. 22 p.1046.

en verder

"Yes, we put it specifically that a group of approximately 300 came and joined the procession at the intersection at the front of the march at the intersection."

en verder

"No we say they were on the street and they joined the front of the march as the march was entering the intersection."

Nadat hierdie verweer so volledig aan die Hof uiteengesit was, het die getuie baie beslis en

seker dit totaal verwerp dat daar 'n groep van 300 was wat by die opmars wou aansluit of aangesluit het.

Vol. 22 pp.1046-1047.

- (f) meer besonderhede word dan verskaf in die volgende stelling van die verweer:

"You were supposed to have seen them but I am putting to you that I do not know whether you saw them or not but they were there not as a tightly formed group but spread over the unmade pavements and over the road, they were apparently waiting near the intersection to apparently join at the intersection.

Vol. 22 p.1047.

Die getuie het nogmaals dit verwerp as onwaar.

- (g) nog inligting word verskaf dat interseksie volmense was.

"Because I am going to put to you that this intersection was full of people as the procession was approaching the intersection."

Vol. 22 p.1048.

Die getuie in sy ontkenning gee dan 'n antwoord wat mnr Bizos nie aanstaan nie en wat apart behandel word.

Vol. 22 p.1048.

- (h) daar is 'n baie belangrike aspek wat die Verdediging openbaar.

"And what I am going to put to you that because of this rumour, because of the Police presence, because of the late Caesar Motjeane's shooting early in the morning his immediate neighbourhood was, to use the expression, up in arms against him? And the lane, or passage, the lane or passage and the road in front of his house were full of people before the march entered the intersection."

Vol. 22 p.1052.

Hierdie getuie bevestig dan ook dat die persoon wat gesê het "Here is a dog" was deel van die groep wat naby die steeg was en wat hy vroeër supra gesê het die groep van die interseksie was wat by die voerpunt van die optog gekom het.  
Vol. 22 p.1052.

- (i) oor die sg. aansluiting self was die volgende gestel:

"Because I am going to put to you, I am going to put to you that as soon as this march entered the intersection the orderliness of the march, the orderliness of the march was lost in front because differnt groups came and joined the march in the front?"  
Vol. 22 p.1054.

- (j) die volgende stelling is insiggewend:

"Yes, because what had been the vanguard of the march up to the time that it was approaching the intersection was no longer the vanguard because of the people from the left and the right and the lane that had come into the intersection, so that there was confusion in that intersection as the march was approaching the intersection."  
Vol. 22 p.1055.

en verder

"Now before the front rank of the procession entered the intersection I am going to put to you that there was general confusion in the intersection, because of the different groups that had come to the intersection from different directions. What do you say to that?"  
Vol. 22 p.1068.

en ook

"... did the people who were in the intersection also sing when they formed in groups in order to join the procession?"  
Vol. 22 p.1069.

(k) by die BP Garage het 'n groep aangesluit.

"No I am not talking only about the group that you say you saw at the intersection. Let me take you back to the garage, to the BP Garage. Just listen to me for a short while and I will try and describe what was happening. At the garage for instance would there be a group of ten, fifteen, twenty people waiting for the procession to come?"

Getuie het saamgestem dat daar groepe mense rondgemaak het.

Vol. 22 p.1069.

(l) in die interseksie was daar honderde mense.

"And I am going to put to you that as the procession proceeded towards the intersection there were, by the time the front rank of the organised procession had reached the intersection, hundreds of people in front of them? -- I do not agree.

You do not agree with that. And that this intersection, by the time the front rank, or what was the front rank at Small Farms, with the poster carriers reached the intersection there was almost a mass meeting of people in this intersection? -- I still maintain that the only group of people I saw is the one I have already mentioned to the Court."

Vol. 22 p.1070.

(m) rook was opmerklik sigbaar.

"Right. Now the evidence will be that whilst the vanguard of the march was coming into the intersection, and may I explain when I say vanguard the original vanguard of the march

Court: That is now the leaders?

Mr Bizos The leaders, the planned leaders from the beginning. Was coming into the intersection, smoke was apparent from the direction of the late Caesar Motjeane's house."

Getuie se antwoord was dat daar eers rook was nadat die voordeel van die optog by Caesar se huis was.

Vol. 22 p.1074.

en dan word erken deel van die optog is in die steeg op.

"and I am going to put to you that the smoke, the movement of people in the lane and the noise that was coming from the late Motjeane's house induced people out of curiosity to go towards it to see what was happening?

Getuie bevestig dit kon gebeur het maar alleen nadat hulle Caesar se huis aan die brand gestee het.

Vol. 22 p.1074.

(n) daar sou 'n nuwe voerpunt van die optog gevorm het.

"The people in front, the new vanguard, the new vanguard of the marchers, that is the people that had joined the head of the original people, had already taken the turn, or had followed the tarred road past the lane (sien supra paragraaf m) when the smoke first appeared."

Getuie herhaal dat die rook ontstaan het eers nadat hulle alreeds by Caesar se huis was.

Vol. 22 pp.1074-1075.

Samevattend uit al hierdie aanhalings van wat die Verdediging is in 'n poging om IC.8 se getuienis te weerlê dat daar nie 'n groot groep by die interseksie aangesluit het nie en die feit dat daar wel 'n groot deel van die optog se voorhoede na Caesar se huis is om die aanval daar verder te voer, kom die volgende verwarrende beeld op die voorgrond:

(1) Daar was 'n redelike groot groep aan die regterkant van die pad by die interseksie (nie die groep wat vanaf Poskantoor aangekom het nie).



- (2) Daar was n groep in die pad anderkant die interseksie, +300 groot en het aangekom en beweeg vanaf die rigting van die poskantoor na die interseksie.
- (3) Daar was, voor die optog die interseksie bereik het, groepe persone in die laan by die interseksie asook voor Caesar se huis.
- (4) Dit was nadruklik gestel dat dit die verdediging se getuienis sal wees dat n groot groep van +300 mense het vir die optog gewag en hulle het na die interseksie gekom en aangesluit by die voerpunt van die optog terwyl die voerpunt van die optog die interseksie binne gegaan het. Hulle was in die pad vanaf regs. Hulle het die nuwe voerpunt gevorm.
- (5) Dan is daar weer n ander variasie, te wete dat die groot groep van 300 nie n hegte groep was nie, maar versprei was oor die sypaadjies en pad en het blykbaar gewag naby die interseksie om by die optog aan te sluit.
- (6) Dan is die verweer se weergawe weer dat hierdie interseksie vol mense was toe die optog dit genader het.
- (7) Die verweer was ook dat weens n gerug dat Caesar n kind geskiet het en Polisie teenwoordigheid by sy

huis, het dit sy bure die harnas in gejaag teen hom en was die laan en pad voor sy huis vol mense (sy bure) net voor die optog die interseksie ingegaan het.

- (8) Die verweer was ook dat net toe die optog die interseksie ingegaan het, was die ordelikheid van die optog se voorhoede verbreek omdat verskillende groepe gekom het om by die voerpunt van die optog aan te sluit. Dat die oorspronklike voerpunt toe dit die interseksie genader het, was nie meer die voerpunt nie omdat die mense van die linkerkant, van die regterkant en vanaf die steeg het almal in die interseksie ingekom en was daar algehele wanorde in die interseksie.
- (9) Nog 'n variasie van die verweer was dat toe die voerpunt van die optog die interseksie bereik het, was daar honderde mense voor hulle in die interseksie. Dit was soos volg benadruk - dat toe die aanvanklike voerpunt van die optog die interseksie bereik het, was daar as't ware 'n massa-vergadering van mense.
- (10) 'n Weergawe van die verweer was ook dat die getuienis van die Verdediging sal wees dat terwyl die voerpunt van die optog die interseksie binne gegaan het, was rook waarneembaar in rigting van Caeser se huis en dit, die beweging van mense in

die laan en die geraas in die rigting van Caesar  
 het mense van die mars genoop om in die laan op te  
gaan na Caesar se plek.

(11) Dan is daar 'n variasie dat die nuwe voorpunt van  
die optog was reeds gevorm deur die nuwe aankome-  
 linge en dit het alreeds na regs die roete gevolg  
 toe die rook by Caesar se huis vir die eerste keer  
 opgemerk was.

(12) 'n Baie belangrike waarneming is dat die Verdediging  
 glad nie een van die persone van die sg. groepe  
 wat daar sou aangesluit het by die optog geroep  
 het as 'n getuie nie.

6. Die hantering van die insident by die interseksie in  
 die kruisondervraging van Mahlatsi het die volgende aan  
 die lig gebring:

(a) Dit was aan Mahlatsi gestel dat nadat hulle by  
 Fawla bushalte verby was het beskuldigde 9 opge-  
 merk dat hy verdwyn het. Dit was klaarblyklik nog  
 voor die insident by die bushalte.

"Now you see accused no. 9, the gentleman there  
 that was in front with you, will say that he lost  
 you at about that spot."

Die getuie het her-bevestig dat hy tot op daardie  
 stadium nie van posisie verander het nie en dat

beskuldigde 9 nie saam met hom geloop het nie maar op 'n ander plek.

Vol. 43 p.2096.

Ons kritiek met respek, oor hierdie stelling is dat dit nie die waarheid is nie. Dit is absoluut ondenkbaar hoedat 'n persoon sommer so kan verdwyn, volgens die bewering van die Verdediging, dat dit 'n rustige ordelike optog is. Daar was op daardie stadium hoegenaamd geen rede vir Mahlatsi om te verdwyn vanaf die optog nie.

- (b) Dit was aan Mahlatsi gestel dat 'n groep wat plakkate by hulle gehad het, by die FAWLA bushalte by die optog aangesluit het. Die groep het uit gebied 12 gekom en nie vanaf die teenoorgestelde rigting nie. Hierdie groep het ook nie die voorhoede van die optog oorgeneem nie.

Vol. 43 pp.2096-2098.

Ook IC.8 het hierdie feit of van hierdie groep wat aangesluit het bevestig. Dis in nabyheid van BP Garage.

Vol. 22 p.1069.

Dit is insiggewend dat hier 'n groep by die optog aansluit waar daar volgens die Staat se getuienis en volgens 'n Verdedigingsgetuie kort te vore die volgende plaasgevind het:

- (1) Daar was padversperrings oor die betrokke pad.
- (2) Daar was vyandige Swart jeugdiges by betrokke volgens beide die Staat en Verdediging se getuienis oor daardie aspek. Die jeugdiges het die Polisie aangeval met klippe en by FAWLA busstop was beskadigde busse.
- (3) Toe beide die getuies die toneel daar verlaat het was daardie vyandige jeugdiges nog in daardie omgewing en dit kort voor die optog daar gekom het.

Die enigste redelike afleiding is dus dat dit hierdie jeugdiges is wat by die optog aangesluit het.

- (c) Mahlatsi brei uit onder kruisondervraging en bevestig dat daar 'n groep van +16 was. Toe hy hulle vir die eerste keer gesien het, het hulle uit die laan gehardloop gekom en van hulle het gesê dat die "Dogs are shooting from this side." Vol. 43 pp.2098-2100 en vol. 44 p.2124.

In gedagte word gehou dat IC.8 nie hierdie insident van die begin af gesien het nie. Hy het gekyk na wat gebeur met die eiendom van VTC en het eers gekyk na wat voor aangaan toe hy vir eerste keer die verwysing na "Dog" gehoor het.

- (d) Nadat hy die skote gehoor het en nadat die groep gemeld het van die honde van raadslede wat skiet het Esau Raditsela gesê hulle moet gaan. Onmiddellik daarna het Mahlatsi weggehardloop.  
Vol. 43 pp.2101-2102.

Die wat Esau gevolg het, het in die steeg opgegaan.

Vol. 43 pp.2103.

Dit is ons respekvolle betoog dat IC.8 en Mahlatsi mekaar wesentlik steun. Dit is 'n ontwyfelbare feit dat daar skietery by Caeser se huis was en dat 'n deel ten minste van die voorhoede van die optog in die steeg opgegaan het na Caeser se plek vir ander redes as die nuuskierigheid soos deur die Verdediging gestel het aan IC.8.

- (e) Dit is opmerklik dat die verweer van die aansluiting van veral die groot groep van 300 mense nie met Mahlatsi <sup>verweer</sup> behandel was nie en hierdie basiese verweer nie minstens aan hom gestel was nie. Dit kan sekerlik nie 'n ander variasie wees dat die groep wat met die plakkate in die nabyheid van BP Garage en wat daar aangesluit het, die 300 kan wees nie.

## 3.

Dit is wanneer die getuienis wat deur die Verdediging aangebied was ontleed word dat dit duidelik uitkom hoe onbetroubaar die gestelde verwerre werklik was, hoe onbetroubaar en ongehoofwaardig die getuienis van die verdediging is en hoe hulle mekaar wesentlik weerspreek.

1. Beskuldigde no. 8 het getuig dat die leiers van die opmars deur die hek gegaan het en vandaar die plakkaat-draers geroep het om uit te kom en agter hulle in te val. Daarna het hulle die liggaam van die optog se mense geroep om agter die plakkaat-draers in te val. Tydens hierdie gebeure het die marshalls hulle plekke ingeneem. Die leiers was beskuldigde 9, Eerwaarde Mahlatsi en Modise Mthombeni.

Vol. 171 pp.8817-8818.

In kruisondervraging het hy getuig dat die drie persone op hul eie aangebied het dat hulle die leiers van die optog sou wees. Dit bots met die reeds aangehaalde verweer wat gestel was.

Vol. 177 p.9125.

Hierdie hele konsep dat hierdie drie genoemde persone die leiers van die optog was, strook net nie met die werklikheid en die waarskynlikhede nie. Dit was die Verdediging se weergawe dat die organiseerders van die optog aanvaar het dat hulle in botsing gaan kom met die Polisie en het

Esau Raditsela dit sterk beklemtoon dat die opmars moet voortgaan terwyl die leiers van die optog sou pleit by die Polisie om hulle te laat voortgaan. Dus sou die leiers van die optog in 'n posisie gewees het waar hulle met die Polisie kon onderhandel - aan die voerpunt - as hulle deur die Polisie gestop word.

In sy getuienis het beskuldigde 8 getuig dat dit so is dat die leiers van die optog met die Polisie sou onderhandel.

Vol. 171 p.8815.

Volgens die weergawe van die Verdediging was die leiers dan die persone supra genoem. Toe die Polisie wel ontmoet was, het hierdie leiers toe in werklikheid nie met die Polisie gaan onderhandel nie. Hierdie botsing was aan beskuldigde gestel en toe kom hy met 'n botsende weergawe dat dit nie die leiers is wat sou onderhandel nie, maar die organiseerders waaronder hy homself en Esau Raditsela insluit. Ons respekvolle betoog is dat hierdie anamalie in die Verdediging se weergawe die Staat se getuienis dat Esau Raditsela, beskuldigde 2, beskuldigde 8, beskuldigde 13 en beskuldigde 17 in werklikheid gelei het. Verder ook dat beskuldigde 8 vir homself en Esau Raditsela probeer weghou van die voerpunt van die optog 'n berekende set is omdat hulle probeer voorgee dat die optog se lede nie onder leiding van Esau deelgeneem het aan die aanval by Caesar se huis nie.

Vol. 178 pp.9151-9153.



Beskuldigde 9

Sy getuienis verskil dat hy beweer dat hulle as leiers en die plakkaatdraers deurmekaar geloop het en dat hulle nie alleen heel voor was met die plakkaatdraers agter hulle nie.

Vol. 180 p.9285.

Wanneer beskuldigde 9 pertinent gekonfronteer word in kruisondervraging of hy en die ander twee die leiers was van die optog, ontken hy dit heftig en het hulle maar net daar geloop.

"Dis h'n halwe waarheid, nie net onder sy toesig nie, want u van die VCA, Reverend Mahlatsi volgens u nou, en die derde persoon van die VCA het voor geloop - Ja u is reg. Julle het die ding gelei? - NEE NEE NEE. Ons het nie die ding gelei nie. Ons het daar voor gestap."  
Vol. 182 p.9389.

In sy getuienis onder kruisondervraging kom beskuldigde 9 met h'n ander variasie te voorskyn en dan sou die plakkaatdraers heel voor geloop het. Hulle was gevolg deur Mahlatsi as enkellopend tussen die plakkaatdraers en die lyf van die optog wat agter Mahlatsi gevolg het. Beskuldigde 9 en Mthombeni was beide aan die kant van die optog as toesighouers - blykbaar Marshalls. Agter hulle was geen plakkate nie maar hy was slegs in die nabyheid van die plakkaatdraers.

Vol. 184 pp.9543 en 9544.

Wat beskuldigde 9 hier getuig het kan ook vergelyk word met sy botsende weergawe van hoe die groep van 300 mense aangesluit het daar by die interseksie.

Beskuldigde 9 wyk ook af as hy getuig dat almal van hulle die plakkaatdraers na vore geroep het. Hy kan nie sê wie dit eerste gedoen het nie. Die optog is op die perseel gevorm.

Vol. 184 p.9547.

Beskuldigde 2 bevestig nie die ander verdedigingsgetuies of die gestelde verwere nie want hy sê dat hy slegs gehoor het dat die plakkaatdraers uitgeroep was om posisie te gaan inneem op die perseel. Oor wie die leiers van die optog sou wees weet hy niks. Volgens hom was die plakkaatdraers die leiers want hulle het heel voor geloop.

Vol. 227 p.12065.

Dit is opmerklik hoedat mnr Bizos beskuldigde 2 op hierdie aspek probeer help het. Die Staat het 'n direkte, duidelik vraag aan die getuie waarmee baie beslis geen fout gevind kan word nie oor 'n aspek wat pertinent in geskil was en is toe mnr Bizos beswaar gemaak het en 'n hele relaas en antwoorde verskaf dat daar leiers was van die optog.

Toe die vraag eindelik beantwoord word, is die getuie se antwoord dat hy aanvaar het dat die plakkaatdraers die leiers was want hulle het heel voor geloop.

Vol. 227 pp.12065-12066.

Die Hof het nie lank na hierdie voorval nie verdaag tot die volgende oggend.

Dit is opmerklik dat na die hervatting en voortsetting van die kruisondervraging hoedat beskuldigde 2 se kennis ondertussen merkwaardig verander het en selfs bekend is met sy vorige weergawe.

"Die voerpunt van ons optog was die plakkaatdraers, maar daar was wel ander mense gewees wat voor die voerpunt van ons beweeg het wat die optog beheer het."  
Vol. 228 p.12070.

Waar die plakkaatdraers aanvanklik heel voor was en die optog gelei het, is daar nou skielik, nie leiers nie maar beheerders wat in elk geval ook lynreg bots met bv. beskuldigde 9 en beskuldigde 8 se getuienis.

Beskuldigde 2 ontken ook dat enigiemand daar 'n uitnodiging gerig het of opdrag gegee het dat persone die optog moes lei.

Vol. 227 p.12068.

Later onder kruisondervraging verander sy storie dat daar "beheerders" voor die plakkaatdraers geloop het.

"En julle plakkaatdraers was nog die voerpunt die heelyd van julle opmars? - Ek sal so sê, ja. Soos ek nou net gepraat het, het ek vir die Hof laat verstaan dat hy met hierdie plakkaat daar gemerk waar ons punt was. Waar ek die plakkaatdraers gesien het, het ek geweet dit is die voerpunt van ons optog.

... was daar niemand voor hulle in die optog nie. Is dit reg? Ek sê ek het nie gesien nie. Ek weet nie of daar mense voor die plakkaatdraers was of nie."

Vol. 228 p.12073.

Dit blyk uit die getuienis duidelik dat beskuldigde 5 se getuienis dat hy eers laat by die optog aangesluit het, vals is. Blykbaar was dit deur die Verdediging as

206:  
10815.13  
+ 17.13

belangrik beskou dat hy kommentaar lewer oor wat op die plakkate geskryf was en dan kom hy met n totaal nuwe variasie voor die dag wat nog deur geen ander getuie geopper was nie en ook lynreg bots met al die getuienis.

- (1) Hoewel hy as n gewone lid by die optog aangesluit het, word hy een of ander tyd n "marshall" maar tog verrig hy geen pligte as sulks nie.

Vol. 206 p.10818.

- (2) "Mr Bizos: As you were marching along 50 or 60 meters from the front, did you ever get an opportunity to see the placards that were being held in front of the march?  
Yes I did see some of them.

...  
How did you come to see them? -- How I happened to see that was when the march was taking a turn. For instance if the march stopped to re-arrange it. Now the people up front would look back talking to others there, holding their placards in my direction, then I would see them. Some were marching with the placard facing back and not to where we were going to."

Vol. 206 p.10818.

- (3) Verdere ongerymdhede en weersprekings word ingedeel onder die verskillende hoof ter vergelyking van die getuienis en verwere gestel.

Die kaartjies kantore van VTC was beskuldig die betrokke dag en wat deur die Verdediging erken was, maar beskuldigde 5 kom met n blatante leuen om te sê dat VTC se kantoor is baie ver weg vanaf die roete wat die optog gevolg het. Die beskuldigde kaartjies kantoor is by die FAWLA terminus en die optog is daar verby.

Vgl. Vol. 206 p.10818.

*That is a point well taken*

*The VTC office is not the ticket office*

Beskuldigde 5 se weergawe oor wie die optog gelei het bevestig die Staat se betoog met respek dat hy valse getuienis sou gelewer het.

Volgens hom was Modise Mthombeni en getuie heel voor die optog. 'n Mens wonder hoe hy dit 500 meter ver kon waarneem as hy by die optog aan die agter punt aangesluit het. Hy kan selfs 2 plakkaatdraers op 500 meters van agter erken.

Vol. 206 p.10820.

CF p 10817

He had moved up to  
+ 50-60 paces

Hy probeer om vir Esau Ralitsele weg te kry van die leiers van die optog en is sy getuienis dat hy Esau nie onder die leiers gesien het nie. Die eerste keer toe hy Esau gesien het was na hulle by die poskantoor gedraai het en toe was Esau 40 na 50 meter voor hom in die optog.

Vol. 206 p.10821.

Hy was op daardie stadium toe 150 tot 200 meter vanaf die voerpunt van die optog.

Vol. 206 p.10821.

'n Klein endjie verder toe die voerpunt van die mars 100 meter verby Hunters Garage was, was hyself ook reeds verby Hunters Garage.

Vol. 207 p.10847.

Beskuldigde 13

Dit is ons respekvolle betoog dat beskuldigde 13 aan hierdie Agbare Hof valse getuienis gelewer het. Die rede is voor die hand liggend omdat hy ook probeer om die leiers van die optog en waarvan hy een was te verbloem en verder ook die valse beeld dat daar by die interseksie n groot groep by die optog probeer bevestig. Ook sy getuienis word gekenmerk deur botsende weergawes.

- (1) Toe hy by die kerk arriveer het, was die optog alreeds klaar opgestel op die vierkant.

Vol. 243 p.12970.

- (2) Beskuldigde 13 getuig dat op hierdie stadium het beskuldigde 9 nog steeds diens gedoen by die hek en het hulle verbied om in te gaan omdat die optog gereed is om te vertrek. Dit bots met heelwat weergawes van die Verdediging bv. dat beskuldigde 8 die hek verlaat het en saam met Esau en beskuldigde 17 toesprake gemaak het, dat gevra was vir vrywilligers om die optog te lei, of dat die leiers gesê was om te lei of dat die leiers uitgegaan en die plakkaatdraers geroep het en toe die lede van die optog.

Vol. 243 p.12970.

- (3) Beskuldigde (13) kan net vier plakkate se inhoud onthou. Hy het nie al die plakkate gesien nie en

tog maak hy direkte stelling dat IC.8 leuens vertel  
 het omtrent die plakkaat omtrent Mahlatsi.  
 Vol. 243 p.12970.

- (4) Beskuldigde (13) se getuienis oor geen padversperrings  
 op die roete nie word weerspreek deur die  
 verdedigingsgetuie Raboroka soos gestaaf deur die  
 polisiegetuie t.o.v. padversperrings by die BP  
 Garage en FAWLA bushalte.

Vol. 243 p.12971

- (5) Beskuldigde (13) se weergawe dat geen kaartjies  
 kantore van VTC beskadig was nie word in 'n groot  
 mate weerlê deur die erkenning van die Verdediging  
 dat dit wel gebeur het maar op 'n later geleentheid.

Vol. 243 p.12971.

- (6) Beskuldigde (13) se bewering dat hy nie geweet het van  
 Caesar of waar sy huis was, is niksseggend want Esau  
 Raditsela het hulle gelei.

Vol. 243 p.12971.

- (7) Beskuldigde (13) beweer dat hy in die deel van die  
 optog was wat nog nie eers BP Garage bereik het nie  
 toe die voerpunt daarvan die interseksie genader het  
 toe hy die rook van die brandende huis van Caesar  
 opgemerk het. Dit weer bots wesentlik met die  
 stellings gemaak deur die Verdediging en verskeie  
 ander verdedigingsgetuies se getuienis.

Vol. 243 p.12972.

- (8) Beskuldigde 13 se getuienis was dat hy die derde of vierde persoon was vanaf die regterkant van die optog en vandaar het hy opgemerk dat daar 'n groep van + 200 mense was wat in die teenoorgestelde rigting as hulle, hul optog genader het.  
Vol. 243 pp.12973.
- Hy kan nie sê of hulle in 'n optog was nie en al wat hy kan sê is dat hulle in 'n groep was. Hulle het plakkate gehad.  
Vol. 243 p.12974.
- (9) Dit is opmerklik dat hy nie vir die Hof vertel wat toe gebeur het nie behalwe vir breë algemene stelling dat die groep deel van hul optog geword het binne twee minute.  
Vol. 243 p.12974.
- (10) In kruisondervraging vererger beskuldigde 13 die teenwoordigheid van beskuldigde 9 in dat hy nie in die perseel was nie want terwyl hy op pad was na die hek, het hy waargeneem hoedat beskuldigde 9 die mense by die hek gereguleer het dat hulle moes ingaan in die perseel in.  
Vol. 244 p.12987.
- (11) Onder kruisondervraging kry ons 'n ernstige variasie en tog terselfdertyd 'n poging om die valse beeld van die leiers van die ptoog te bevestig. So getuig hy



dat beskuldigde (9) saam met 2 persone wat daar opgetree het as "marshalls" lei die optog uit die perseel uit. Die plakkaatdraers was agter die drie en agter hulle die lyf van die optog.

Vol. 244 pp.12987-12988.

- (12) 'n Besonder ernstig afwyking in die getuienis van die Verdediging word gekry as beskuldigde 13 getuig dat hy bewus geword het van Esau Raditsela se teenwoordigheid toe hy daar uitgegaan het en diens gedoen het as een van die "Marshalls" voordat beskuldigde (13) aangesluit het by die optog.

Vol. 244 p.12990.

Dan bevestig hy weer dat hy vir die eerste keer van Esau bewus geword het voor hyself by die optog aangesluit het en daarna het hy Esau nie weer gesien nie. Hy bevestig dit twee keer.

Vol. 244 pp.12990.

Dit was nadat die agterpunt van die optog daar by hom verby is dat hy toe by die optog aangesluit het.

Vol. 244 p.12990.

Dan verander sy getuienis en weerspreek hy homself dat hy Esau wel voor dit gesien het. Dit was toe beskuldigde 8 hulle by die hek genader het en gesê het hulle moet wag, het hy Esau op die perseel gesien waar hy na verskillende punte gegaan het waar die optog opgestel was.

Vol. 244 p.12991.

(13) Tydens kruisondervraging het beskuldigde 13 getuig dat hy beskuldigde 17 nie opgemerk het by die optog nie. Dit is net logies volgens die Verdediging se weergawe dat as hy vir Esau Raditsela gesien het moes hy ook vir beskuldigde 8 en beskuldigde 17 gesien het. Wat nog meer insiggewend word, is sy getuienis dat hy nie vir beskuldigde 8 by die optog gesien het nie.

Vol. 244 p.12991.

(14) In kruisondervraging weerspreek beskuldigde 13 homself en sy getuienis dat die groep van vooraf die voorpunt van die optog genader het. Dit is opvallend hoedat die beweging van hierdie beweerde groep soveel probleme vir die verdediging se getuienis gebaar het. Dit geld ook vir beskuldigde 13 waar hulle aangekom het na hulle toe is hy nou onder kruisondervraging nie instaat om te sê wat die groep gedoen het nie. Al wat hy nou kan sê is dat hy bewus geword het van die klomp mense op daardie punt. Nou het dit vir hom net gelyk asof hulle vanaf die teenoorgestelde rigting gekom het.

Vol. 244 p.12993.

As hy spesifiek gevra word of hulle geloop het, ontwyk hy dit en sê daar was beweging. As hy hieroor gevra word, sê hy die beweging wat hy gesien het is die swaai-beweging van plakgate.

Vol. 244 p.12993.

(15) Wannneer die getuie direk gevra word of hy mense in die interseksie self waargeneem het wat nie deel was van die optog was nie, ontwyk hy die vraag en vertel van die mense in die optog en van toeskouers langs die pad en voor hulle by die interseksie gekom het. Vol. 244 p.12996.

Dan sê hy dat met die ingang van die interseksie was daar mense in die interseksie net om homself dadelik weer te weerspreek en te sê dat dit moeilik is om vir die Hof te sê of daar mense rond beweeg het of wat die posisie was en wat hom betref, is dit logies dat daar sou toeskouers gewees het. Dit is moeilik te verstaan hoekom hy so gesukkel het in die lig van die Verdediging se feitlike stelling dat daar in die interseksie honderde mense was.

Vol. 244 p.12996.

Hy kon nooit op geen stadium vertel of daar enige mense in die steeg self was nie.

Vol. 244 pp.12999-13000.

Dan verander sy weergawe omtrent die groep (300 mense). Die een oomblik is hulle regs van die interseksie en dan weer het hy van hulle bewus geword terwyl hulle in die interseksie was.

Vol. 244 p.13001.

Pitso Ratibisi

1. Hierdie getuie het slegs vir beskuldigde no. 8 gesien - blykbaar besig om plakkate te maak.  
Vol. 306 p.17573.
2. 'n Belangrike botsende weergawe van sy getuienis is dat Esau hom sou versoek het om die saal oop te sluit, Esau en die mense daar ingegaan het en Esau die mense toegesprek het. Dit bots met die vorige weergawe dat die saal oop was, die mense daar vergader was en Esau later na die saal is.  
Vol. 306 p.17572.
3. Eienaardig genoeg verskaf hierdie getuie bevestiging van die Staatsgetuienis dat Esau nie die enigste persoon was wat in die saal gepraat het nie.  
Vol. 306 p.17575.
4. Ook word 'n mate van bevestiging gevind dat hy nie kan onthou of Esau die enigste spreker was buite die saal nie. Hy dink beskuldigde 8 het buite gepraat.  
Vol. 306 p.17575.
5. Hy lewer botsende getuienis t.o.v. ander Verdedigingsgetuienis nl. dat die plakkaatdraers die voorpunt van die optog gevorm het en die enigste leiers was.  
Vol. 306 p.17578 en vol. 307 pp.17626-628.
6. Hy lewer getuienis dat terwyl die optog vertrek het, het hy Esau en iemand anders agter gebly en gesorg

vir die toesluit van die saal. Hyself het daarna vir Esau agter gelaat by die saal terwyl hyself aangesluit het by die optog nadat hy daarheen gegaan het. Op daardie stadium was die optog reeds in die teerstraat.

Vol. 306 pp.17578 en 9.

Verdedigingsgetuie M N Maphalla verskil weer van die ander verdedigingsgetuies in die volgende opsigte:

- (i) Dat slegs twee persone, 'n vreemdeling en beskuldigde 17, die mense buite die kerk toegesprek het voor die optog begin het:
- (ii) Die vreemdeling (Esau) het gesê dat as die Polisie hulle voorkeer sal hy met die Polisie gaan praat.

Vol. 320 p.18336 en p.18361.

Hierdie getuie bevestig dat die volgende beskuldigdes deelgeneem het aan die opmars nl. beskuldigdes 17 en 9.

Vol. 320 p.18339.

- (iii) Hy het ook getuig dat beskuldigde 9 die optog opgestel het contra vorige getuienis dat beskuldigde 9 by die hek diens sou gedoen het.

Vol. 320 pp.18339 en pp.18362-18363.

(iv) Hy het ook getuig dat beskuldigde 9 die optog opgestel het deur eers die plakkaatdraers aan die voerpunt te plaas voor die hek as die leiers van die optog en daarna die ander mense agter die leidende plakkaatdraers. Plakkaatdraers was nie jonk nie.

Vol. 320 p.18363.

Hy weet nie van enige leiers wat uitgewys was om die optog aan die voerpunt, anders as die plakkaatdraers, te lei nie.

Vol. 320 p.18364.

Die praatwerk sou gedoen word deur VCA leiers.

Vol. 320 p.18364.

Hy het niemand gesien plek inneem voor die plakkaatdraers nie.

Vol. 320 p.18365.

Verdedigingsgetuie Nyembe het getuig dat beide die twee persone wat in die saal gepraat het, het ook buite die saal gepraat.

Vol. 327 pp.18691-18692.

Direk daarna verander haar getuienis in hoof dat dit drie persone was (dieselfde drie persone as wat binne en buite die saal gepraat het).

Verder identifiseer sy ook vir beskuldigde (17) en sê hy het ook buite die saal gepraat.

Vol. 327 pp.18691-693. Sien ook vol. 328 pp.18747-18748.

Dan sê sy een van die persone wat buite gepraat het, is een van die manne wat op 'n vergadering Hlanganani Masebenzi begin sing het voordat hy 'n toespraak begin hou het. (Dit was soos bekend beskuldigde 2)). Sy sê dat hy ook moontlik een van die persone is wat binne in die saal gepraat het.

Vol. 327 pp.18693-4.

Sy getuig dat hulle as lede van die optog self posisies ingeneem het asook die plakkaatdraers.

Vol. 327 pp.18694-5.

Volgens die getuie is daar by die kerk niks gesê oor die leiers wie die optog sou wees nie en weet sy ook niks van leiers af nie. Sy sou slegs plakkaatdraers gesien het tot voor aan die optog.

Vol. 328 pp.18750-751.

Verdedigingsgetuie Martha Oliphant beweer dat Esau en twee ander persone binne in die saal toesprake gelewer het.

Vol. 328 p.18788.

Volgens haar het Esau en beskuldigdes 8 en 17 buite die saal die mense toegespreek.

Vol. 328 p.18789.

Verdedigingsgetuie M Oliphant het getuig dat Eerwaarde Mahlatsi en die plakkaatdraers die optog gelei het.

Vol. 328 p.18791.

In kruisondervraging verander haar getuienis heelwat en sê sy dat toe sy uit die lokaal uitkom, was die plakkaatdraers reeds by die hek opgestel en die optog agter hulle. Sy ontken dat die mense nader geroep was om deur Esau en die ander toegespreek te word. Sy beweer dat die optog toegespreek was deur die persone terwyl die optog reeds opgestel was.

Vol. 330 p.1870.

Verder getuig sy dat sy nie gesien het dat enige ander persone voor die plakkaatdraers as leiers posisie ingeneem het nie. Toe sy pertinent gevra was of sy op enige stadium van die optogleiers gesien het, het sy bevestig dat sy nooit gesien het dat enige leiers as leiers posisie voor ingeneem het nie.

Vol. 330 p.18892.

Sy verander ook haar getuienis in hoof deur te sê dat die lyf van die optog was opgestel binne die



kerkperseel terwyl die plakkaatdraers buite die perseel opgestel was. Hiermee weerspreek sy haar vorige getuienis dat die plakkaatdraers en Mahlatsi nadat die mense uit die kerk gekom het na die hek gehaas het om buite stelling in te neem.

Vol. 330 p.18873.

2. Beskuldigde 8 het ook getuig dat hy, beskuldigde (17) en Esau Raditsela agter gebly het nadat die optog vertrek het om toe te sien dat almal weg is en om die saal te sluit.,

Vol. 171 p.8819.

Daarna het hy en Esau Raditsela in die middel van die prosesie marshall werk gaan doen. Esau was h endjie voor beskuldigde 8. Beskuldigde 17 was ook in die middel.

Vol. 171 p.8821.

Toe die groep van voor wat by die interseksie by die optog aangesluit het, het Esau Raditsela, Ephraim Dibathe en ouerige mans in sy omgewing gehelp om die optog te beheer.

Vol. 171 p.8827-8828.

Hy getuig ook dat Esau Raditsela ongeveer 6 meter voor hom marshall werk gedoen het vir die hele tyd behalwe vir "some time" of "at some stage" wat Esau

daar tussen die mense op die voerpunt wat aangesluit het was en hy hom nie kon sien nie.

Vol. 171 p.8829.

Daar is ook 'n teenstrydige weergawe op p.8830.

Hierdie getuienis dat hulle (hy en Esau) diens gedoen het in die middel van die optog bots met die weergawe van die verweer aan Mahlatsi dat hulle aan die agterpunt van die optog hul werk gedoen het. Dit was reeds aangehaal.

Wanneer beskuldigde 8 oor die bewegings van Esau gekruisvra word, ontwyk hy vrae en weerspreek hom wesentlik. Hy wil hoegenaamd nie toegee dat Esau na die voerpunt is nie en weerspreek sy getuienis hierbo dat Esau daar by die deurmekaarspul was.

Vol. 178 pp.9146-9148.

#### Beskuldigde 9

Hy weerspreek beskuldigde 8 se getuienis wesentlik en getuig dat Esau by die voerpunt van die optog teenwoordig was in die interseksie toe die (300) groep aangesluit het.

Vol. 180 p.9292.

Hy getuig ook dat hy niks daarvan weet dat Esau en andere moes agterbly om te sluit of toe te sien dat niemand agterbly nie.

Vol. 184 p.9546.

Beskuldigde 2

Hy het getuig dat hy nie weet wat van Esau Raditsela  
geword het nadat hy die mense buite die lokaal toege-  
spreek het nie.

Vol. 227 p.12064.

Verdedigingsgetuie Ratibisi~~e~~ het getuig dat hyself, Esau  
en iemand anders agter gebly het, terwyl die optog  
vertrek het. Daarna sou hy Esau agter gelaat het by die  
saal terwyl hy agter die optog aangegaan het en toe  
daarby aangesluit het.

Vol. 360 pp.17578-17579.

Wat besonder belangrik is en wat die Staatsgetuies  
bevestig is sy getuienis dat beskuldigde no. 8 glad nie  
saam met hom agter gebly het nie en ook nie beskuldigde  
no. 17 nie.

Vol. 307 p.17630.

Ratibisi getuig ook dat beskuldigde no. 8 of Esau  
Raditsela nie by die agterpunt van die mars aangesluit  
het om aldaar marshall-werk te doen nie. Hy het hulle  
nooit daar opgemerk nie.

Vol. 307 pp.17631-632.

Getuie Maphalla het nooit gesien waar Esau diens gedoen  
het as "marshall" nie.

Vol. 320 p.18367.

Verdedigingsgetuie Martha Oliphant getuig dat Esau Raditsela nadat hy buite die kerk gepraat het saam met die optog vertrek het vanaf die kerkperseel en posisie ingeneem het in die onmiddellike omgewing waar sy geloop het in die optog.

Vol. 330 p.p.18874-875.

Verder sê sy dat Esau op 'n stadium na die vertrek van die optog heeltemal verdwyn het. Wat beskuldigde 17 aanbetref het sy nie opgelet waar hy hom bevind het nie. Hy was in iedere geval nie naby Esau aan die agterpunt van die optog nie. Eweneens kan sy nie sê wat van beskuldigde no 8 geword het nie. Hy was ook nie in die omgewing van Esau nie.

Vol. 330 pp.18875-6.

3. Beskuldigde 8 het getuig dat behalwe vir klein groepies net een groot groep mense by die optog aangesluit het. Hierdie groep het die tersaaklike interseksie genader vanaf die teenoorgestelde rigting as die van die optog - dus vanuit die rigting van die poskantoor. Daarna het hulle gestop waar die kurwe is na regs by die interseksie en vir die optog gewag om hulle te bereik.

Vol. 171 pp.8826-8828.

Hierdie groep het plakkate by hulle gehad.

Vol. 171 p.8833.

Onder kruisondervraging het hy bevestig dat hierdie groep van + 300 te voorskyn gekom, hulle was opgestel in 'n ordelike optog wat vorentoe beweeg het en het op die middel van die teervlak beweeg.

Die botsings met die gestelde weergawes van die Verdediging se verwere supra gemeld, is selfverduidelikend.

Vol. 177 p.9131 p.9132 en Vol. 178 p.9136.

Dan weerspreek beskuldigde 8 homself op 'n baie belangrike punt en wat ook al die gestelde verwere geheel ontnem en verwerp wanneer hy getuig dat die voorpunt van die optog het al die swenk na regs in die interseksie geneem toe hy die "300 groep" gewaar het wat nog aankom.

Vol. 177 p.9133.

Op 'n vraag van die Agbare Hof of hy 'n groterige groep wat van links af by die optog aangesluit het, gesien het, bied hy geen antwoord nie.

Vol. 177 p.9133.

Die enigste massa mense waaroor hy kan getuig wat by die interseksie was, is die reeds genoemde groep van 300.

Dit bots met gestelde verwere.

Vol. 117 p.9134 en Vol. 178 pp.9137-9138.

Wanneer die beskuldigde 8 gevra word omtrent die feite van die verweer dat daar honderde mense in die interseksie sou gewees het, stem hy saam dat dit korrek is en

sê dit is omdat dit was toe die mense aangesluit het. Hy neem nie in ag die stelling dat dit nog was voordat die voerpunt die interseksie bereik het nie.

Vol. 178 pp.9144-9145.

Beskuldigde 9/wat volgens eie getuienis op die voerpunt was.

Sy getuienis was dat daar baie mense by die interseksie was - party in die pad en party op sypaadjies. Hy verkies om hulle eerder as baie mense te beskryf eerder as groepe. Hy skat die getal op ± 200.

Vol. 180 p.9291.

Daar was 'n aantal op die sypaadjie en ander wat plakkate gehad het, het hulle van vooraf genader en dit het vir hom voorgekom asof hulle ook in 'n optog was.

Vol. 180 p.9291.

Beskuldigde (9) kon nie aan die Hof sê of daar ander groepe in die interseksie was nie.

Vol. 180 p.9293.

Beskuldigde 9 se getuienis was dat die (300) groep is die enigste groep wat by die interseksie by die optog aangesluit het.

Vol. 184 p.9551.

Die groep het nooit stilgestaan nie, net stadiger geloop en toe omgedraai in dieselfde rigting beweeg as die optog - in hulle spore omgedraai.

Vol. 184 p.9551.

Beskuldigde 2

Hy het slegs die (300) groep waargeneem by die interseksie toe hulle die optog ontmoet het. Hy kon nie sê of hulle stilgestaan of beweeg het nie.

Vol. 221 p.11697.

Beskuldigde 5 se getuienis was dat daar by die tersaaklike interseksie meer as een groepe mense was toe die optog die interseksie genader het. Dit was groepe van verskillende grotes.

- (1) Daar was 'n groot groep wat hy opgemerk het in die nabyheid van die interseksie. Hoewel hy tevore getuig het dat hy 50 tot 60 meter van die voerpunt was (p.10818) en selfs die skrif op plakkate kon lees, kan hy nou skielik nie sê of die groep beweeg het of dit gestaan het nie.

Vol. 206 p.10822.

- (2) Dan sê hy hulle het daarna gewag vir die optog vir 'n rukkie en wat hy toe waargeneem het was "the head of our march met with them which means they joined and the march proceeded".

Vol. 206 pp.10822-10823.

- (3) Onder kruisondervraging verander sy storie drasties en is daar nie meer groepe mense nie maar net die een groot groep en 'n paar mense apart van die groot groep wat hy beskryf.

Vol. 211 p.11155.

*Ch. Lewis 26.27*

- (4) Volgens sy waarneming het die groot groep stilgestaan en van die mense in die groep het selfs rondgeloop. Dan het hulle ook iets soos plakkate rondgeswaai. Voorheen kon hy plakkate maklik lees op 50-60 meter maar nou kan hy groot plakkate nie eers identifiseer nie op 80-100 meter.

Vol. 211 pp.11156 en 11158.

- (5) Dan vertel hy hoedat die hele optog tot stilstand gekom het net toe dit gebied 7 uitgegaan het wat deur geen ander getuie bevestig word nie.

Vol. 211 p.11158.

- (6) Hy ontken dat toe die voerpunt van die optog die interseksie genader het, daar groepe mense was op die linkerbaan - die pad na die stadion toe.

Vol. 211 p.11158.

- (7) Hy getuig dan dat toe die optog se voerpunt die interseksie genader het was daar mense op die interseksie self en dan kwalifiseer hy dit dat dit die groot groep (300 groep) was.

Vol. 211 p.11160.



Hierdie groep was in die interseksie tot regoor die steeg waar hulle gestaan het.

Vol. 211 p.11160-11161.

- (8) Dan verander sy getuienis weer en het hierdie 300 groep wat in die interseksie en voor die ingang van die steeg gestaan het met die plakkate glad nie beweeg nie.

Vol. 211 p.11162.

- (9) Hy erken dat hy hoegenaamd nie vir die Hof kan sê vanwaar hierdie 300 groep wat daar gestaan het, gekom het nie.

Vol. 211 p.11162.

- (10) Wanneer hy pertinent gevra word hoedat hierdie groot groep van 300 mense met die optog verenig het, is sy antwoord dat hy nie presies gesien het hoedat hulle infiltreer het in die optog nie maar wat hy sê gebeur het is dat hulle voerpunt by die optog se voerpunt aangesluit het. Of hulle die voerpunt oorgeneem het en of hulle mekaar kans gegee het om te infiltreer kan hy nie sê nie.

Vol. 211 pp.11165-11166.

Verdedigingsgetuie M N Maphalla getuig dat toe hy die BP Garage nader, het hy 'n hegte groep voor opgemerk. Die pas na die optog het afgeneem. Daarna het hierdie groep blykbaar aangesluit en die pas het weer toegeneem en toe

eers het die optog se voorhoede by die interseksie gekom en die draai na regs geneem. Die implikasie is duidelik dat hierdie kompakte groep aangesluit het tussen die BP Garage en die interseksie.

Vol. 320 pp.18341-43.

In kruisverhoor het getuie se storie verander toe die kompakte groep aangesluit het en het die optog daar tot stilstand gekom en het groepe mense aangesluit.

Vol. 320 p.18367.

Getuie vir die Verdediging Nyembe getuig dat die pas van die optog afgeneem het in die omgewing van die BP Garage en later het sy opgemerk dat mense weer by die mars aangesluit het.

Vol. 327 p.18696.

Haar getuienis was verder dat hierdie mense aangesluit het onderkant Fowler bushalte en dat dié mense gekom het vanuit die rigting van die stadium om by die optog aan te sluit. Dit was nie baie mense nie. Sy bevestig nogmaals op 'n vraag van die Agbare Hof dat hierdie mense vanaf die linkerkant gekom het en by die optog aangesluit het. Sy kon nie sien of hulle enigiets gedra het nie. Sy beklemtoon dat hierdie mense aangesluit het net voordat die optog die swenk na regs geneem het wat toe hulle die swenk na regs neem was hulle reeds deel van die optog.

Vol. 327 pp.18696-7.

In kruisondervraging is haar weergawe weer dat dié groep wat van links gekom het 'n groot groep was ± 150-160 persone.

Vol. 328 pp.18754-55.

Dan is sy nie heeltemal seker vanwaar hierdie groot groep gekom het nie en sê sy dit is ook moontlik dat hulle uit die steeg vanaf Ceaser se huis kon gekom het.

Vol. 238 p.18576.

Verdedigingsgetuie M Oliphant getuig dat vandat die optog vertrek het vanaf die kerk totdat hulle voorgekeer was deur die Polisie die optog se pas nooit verander het nie maar dieselfde gebly het. Selfs nie eers by die interseksie het enige iets gebeur om die pas van die optog te verander nie.

Vol. 328 p.18793.

In kruisondervraging het sy toegegee dat dit net moontlik is dat daar by die steeg mense kon uitgekome het na die optog toe en daarna saam met die voorste deel van die optog weer in die steeg kon verdwyn het.

Vol. 330 p.18878.

4. Beskuldigde 8 getuig verder dat toe hy by die FAWLA-bushalte gekom het, het hy daar 'n groep mense aan weerskante van die pad opgemerk. Hulle het net daar rondgegaan en op en af beweeg. Dit was vir hom opmerklik dat iets gebeur het omdat die mense daar so rondmaal.

Hoewel hy hierdie waarnemings reeds  $\pm$  100 meter van die interseksie af maak lewer hy dan baie eienaardige getuienis en sê dat deur vanaf die kurwe te kyk na aanleiding van die eienaardige gedrag toe hy by die bushalte was, na gebied 11 se rigting (wat voorheen voor hom was) het hy rook opgemerk. Die rook was 'n kort endjie van die teerpad af in die gebied 11 kant van die pad.  
Vol. 171 pp.8828.

Onder kruisondervraging verander sy storie heeltemal en nou sê hy dat hy by BP Garage en bushalte (FAWLA) was toe hy die rook gesien het en op daardie stadium was die voerpunt van die optog nog nie verby die interseksie s draai nie. Dit was ook nog voor die 300 groep infiltreer het.  
Vol. 178 p.9149.

#### Beskuldigde 9

Beskuldigde 9se getuienis wat bots met die van beskuldigde 8 en die gestelde verwere was dat terwyl hulle in die voerpunt van die optog nog die interseksie genader het, het hy rook opgemerk maar weet nie waar dit vandaan gekom het nie. Hierdie rook was aan sy linkerkant in gebied 11.  
Vol. 180 p.9294.

Beskuldigde 2

Beskuldigde 2 bevestig die Staat se getuienis dat toe hulle die BP Garage genader het, het daar 'n groep van ongeveer 50 by die optog aangesluit. Hulle het gekom uit moontlik gebiede 12 en Small Farms.

Vol. 221 p.11696.

Beskuldigde 2 het terwyl hy in die omgewing van die BP Garage was die rook opgemerk in die rigting waar Caesar se huis geleë was (later vasgestel). Die voerpunt van die optog was toe by FAWLA busstop. Hy het geen skote gehoor nie.

Vol. 221 p.11700.

Hy getuig verder dat niemand van die optog dit verlaat het en in die steeg opgegaan het nie.

Vol. 221 p.11700.

Beskuldigde 2 het verder getuig dat dit glad nie so is dat die rook by Caesar se huis eers sigbaar geword het toe die optog se voerpunt die interseksie binne gegaan het of verby die steeg beweeg het nie.

Vol. 228 pp.12077-12078.

Beskuldigde 5 se getuienis was soos reeds elders uitgewys dat hy gevorder het tot 50 tot 60 meter (p.10818) van die voerpunt van die optog. Toe hy ongeveer in die nabyheid

van die BP Garage was het hy die rook opgemerk aan sy linkerkant en anderkant FAWLA bushalte. Die rook was voor hulle.

Vol. 211 p.11154.

Getuie M N Maphalla deur die Verdediging geroep weet niks van mense aan weerskante van die pad op die interseksie nie.

Vol. 320 pp.18371-18372.

5. Beskuldigde 8 het getuig dat die groep wat daar by die interseksie by die optog aangesluit het, aangesluit het deur vanaf agter die oorspronklike leiers en plakkaatdraers van die optog in die middel van die lyf van die optog geinfiltreer.

Vol. 171 p.8829.

Onder kruisondervraging verander sy storie dat hulle infiltreer het van direk agter die optog se leiers af. Hulle het nie as 'n klomp daar aangesluit nie maar het sommer gemeng met die mense van die optog.

Vol. 178 p.9139.

Hierdie mense het deel van die optog geword deurdat die marshalls hulle gehelp het om te meng.

Vol. 178 p.9140.

Beskuldigde 9 - op die voorpunt.

Toe die voorpunt van die optog en die optog wat aankom naby mekaar gekom het, het die aankomende optog in hul spore omgedraai asof hulle 'n nuwe voorhoede vir die optog wou vorm. Hulle het toe na die mense gegaan en gesê hulle kan aansluit by die optog en nie die optog oorneem nie. Die groep het agter die leiers van die optog ingeval.

Vol. 180 p.9291.

Hy getuig ook dat die optog nie nuwe leiers gekry het nie.

Vol. 1809 pp.9292-9293.

Dit is opmerklik hoedat beskuldigde 9 die vrae oor hoedat die mense aangesluit het, wie of watter groepe daar op die interseksie ontwyk het deur heeltemal af te dwaal en ander antwoorde te gee wat nie op die interseksie betrekking het nie toe van die verwere wat mnr Bizos aan IC.8 gestel het met hom opgeneem was.

Vol. 184 pp.9552-9558.

Beskuldigde 2 het getuig dat hy die aansluiting van die 300-groep by die optog, waargeneem het - die aansluiting van die voorpunte.

Vol. 228 p.12070.

Toe hy gevra word om dit te beskryf was sy getuienis dat hy nie weet hoedat 'n groot groep van 300 mense by hulle

optog ingepas was nie. Wat hy wel bevestig is dat hulle plakkaatdraers het aangehou vooruit beweeg.

Vol. 228 p.12073.

Volgens hom was die groep van 300 op die teeroppervlakte van die pad.

Vol. 228 pp.12073-12074.

Beskuldigde 2 se weergawe was ook dat daar op die interseksie slegs klein klompies mense aan die kante van die pad was. Volgens hom blote toeskouers.

Vol. 228 p.12074.

Beskuldigde 2 vertel dan 'n heeltemal nuwe weergawe van hoe die 300-groep aangesluit het. Hoe moeilik hy dit vind om hierdie storie sinvol saam te flans blyk uit sy getuienis.

(1) Eers sou die ou leiers weer op die voorpunt uitgekóm het net voor hulle die draai geneem het poskantoor toe en hy kan nie sê hoe ver vanaf die poskantoor hulle was nie.

(2) Tussen die interseksie en die poskantoor was daar 'n ent van die roete waar die oorspronklike leiers nie die leiers van die optog was nie en al wat hy nie kan sê nie is, by watter punt hulle nie die leiers was nie.



(3) Dit was naby 'n "bus shelter" dat die oorspronklike leiers weer die leiers van die optog was. Dit was toe hy met Louis Vilakazi gepraat het (dit was nadat hy wat in die middel van die oorspronklike optog was, ook alreeds tot 4 huise verby die interseksie was).

(4) Hierdie punt ("bus shelter") wys hy op Bewysstuk AAR1 uit as hul pad tussen die interseksie en die poskantoor.

Vol. 228 p.12078-12079

Beskuldigde 2 sê dan verder die 300 groep was voor hul plakkaatdraers van die optog. Dan weet hy nie hoe hulle aangesluit het nie, maar hulle was aan die voerpunt van hulle optog en vandaar het vermenging plaasgevind. Op watter stadium die 300 groep omgedraai het om steeds voor hul plakkaatdraers te wees en daar toe integrasie plaasgevind het tot hul leiers weer op die voerpunt gekom het kan hy nie beskryf nie.

Vol. 228 pp.12079-12080.

Getuie M N Maphala het in kruisondervraging getuig die optog het net daar tot stilstand gekom en groepe mense het aangesluit. Toe hy gevra was om te verduidelik omtrent die groepe was dit skeilik een

groep wat voor die optog se plakkaatdraers was. Hy weet nie of hierdie groep plakkate gehad het nie. Vol. 320 pp.18367-18368.

Sy getuienis was dat toe die aansluiting van die twee groepe plaasgevind het, het die mense in verskillende rigtings gekyk wat vir hom duidelik was dat hulle toe aangesluit het. Dit het alles gebeur voordat hulle optog die interseksie bereik het. Vol. 321 pp.18370-18371.

As hy verder oor die metode van aansluiting gevra word is sy bewering dat mense moontlik agteruit geloop het toe hulle aangesluit het. Vol. 321 p.18371.

Getuie het ook erken dat hy glad nie geweet het van waar af hierdie groep wat daar aangesluit het, gekom het nie. Vol. 321 p.18295.

6. Beskuldigde 8 het getuig dat hy niks geweet of agtergekom het van die gebeure by Caesar se huis nie. Vol. 171 p.8831.

Beskuldigde 9 het ook getuig dat hy niks agter gekom het wat by Caesar Motjeane se huis gebeur het nie. Vol. 180 p.9294.

Hy het ook geen skote gehoor nie.

Vol. 180 p.9295.

Beskuldigde 2 Voor hy verby die steeg gegaan het, het hy niks geweet van gebeure by Caesar se huis.

Vol. 221 p.11700.

Getuie Ratibisi deur die Verdediging geroep het tog iets so eienaardigs by die interseksie opgemerk dat hy gevlug het en dat die volgende daar gesê was:

"There is nothing happening, you need not be scared. The Police are not going to do anything so just keep calm."

Vol. 306 p.17581.

Verdedigingsgetuie M N Maphalla se getuienis was dat hy niks op die interseksie opgemerk het nie en ook geen rook opgemerk het in die rigting van Ceasar se huis nie.

Vol. 320 p.18344.

Verdedigingsgetuie Nyembe het getuig dat terwyl sy die interseksie genader het, het sy niks buitengewoons in die omgewing van die interseksie opgemerk nie en ook geen rook nie, maar terwyl sy besig was om by die interseksie verby te gaan het sy bewus geword van rook in die rigting van Ceasar se huis.

Vol. 327 pp.18697-698.

In kruisverhoor bevestig sy dat sy die rook in die rigting van Ceasar se huis opgemerk het en brei uit deur daarop te wys dat die voerpunt van die optog op daardie

stadium reeds ver verby die interseksie was. Die geaardheid van die rook was sodanig dat dit maklik opmerklik was.

Vol. 328 pp.18752-3.

Toe die mense aangesluit het by die voerpunt van die optog in die omgewing van die interseksie het sy geen rook daar gesien nie.

Vol. 328 p.18757.

7. Beskuldigde 8 het getuig dat mense in die laan (wat na Caesar se huis lei) op en af geloop het. Hulle was nie van die optog afkomstig nie. Die mense in die laan het vinnig beweeg.

Vol. 171 pp.8832-8833.

Dan verwater sy getuienis heeltemal en getuig hy dat hy nie voordat hyself by die laan gekom het kon sien of daar mense in die laan was nie. Dit bots weer geheel en al met die data van die verwere gestel soos supra handel.

Vol. 178 p.9142.

Dan kom hy met 'n groter botsing met sy eie getuienis en die gestelde verwere dat persone in 2's en 3's gestaan het wat as sulks sou moes aansluit.

Vol. 178 pp.9142-9143.

Wanneer beskuldigde 8 pertinent gekonfronteer word met die gestelde verweer dat die leiers van die optog vervang

was met klein groepe wat aangesluit het en die leiers dus nie meer die leiers van die optog gevorm het nie (vol. 22 p.1069) ontwyk hy die vraag totaal.

Vol. 178 pp.9143-9144.

In kruisondervraging erken beskuldigde 8 dat van die mense wat in die interseksie gestaan het, het in die laan opgestap. Die vraag of mense in die laan opgehardloop het, het hy ontwyk en nie beantwoord nie en al wat hy na herhaalde vrae bereid was om te sê is vinnig beweeg.

Vol. 178 p.9146.

Beskuldigde 9

Beskuldigde 9 weet nie wat in die laan aangegaan het nie omdat hy na bewering nie rondgekyk het nie.

Vol. 180 p.9293.

Beskuldigde 2

Toe hy persoonlik by die interseksie arriveer het hy gesien mense hardloop in verskillende rigtings in die steeg en in die omgewing van die steeg was daar klein groepies mense.

Vol. 221 p.11698.

Nadat hy 'n ent verby die steeg was, het hy 'n persoon wat langs die pad gestaan het en wat gesien het wat daar by die steeg aangegaan het en die persoon het gerapporteer dat Caesar se huis die oggend aangeval was.

Vol. 221 p.11698.

## 4.

In die ERPA vergadering gehou op 26 Augustus 1984 het ons met respek staving vir die samewerking tussen die aktiviste in VCA en ERPA.

- (i) Kabi van ERPA het ook die VCA-vergadering van 26 Augustus 1986 bygewoon en toegesprek. Trouens hy het gereeld vorige VCA-vergaderings toegesprek.
- (ii) Beskuldigde 6 het met Esau Raditsela reëlings getref om te sorg vir geskikte sprekers op die ERPA-vergadering van 26 Augustus 1984 en het Esau toe gereël dat Rina Mokoena en beskuldigde 5 en beskuldigde 17 sou optree wat hulle toe ook gedoen het.
- (iii) Esau het ook hierdie vergadering gekoördineer en het selfs ook die vergadering toegesprek t.o.v. die UDF se MSC. Hy het ook gesorg dat die nodige vorms vir hierdie kampanje beskikbaar gestel word vir die vergadering.

Die samewerking tussen ERPA en VCA word verder bevestig deur die feit dat onder die leiding van beskuldigde 6 en Esau 'n komitee gestig is waarop beide van hulle sitting gehad het vir die uitvoering van wedersydse samewerking o.a. vir:

- (a) Om die vierings van die <sup>80 jaar fees.</sup> suksesvolle raadslede na die raadsverkiesing te verongeluk.

- (b) Die gesamentlike uitvoering en bevordering van UDF se MSC in die Vaal.
- (iv) Hulle gemeenskaplike doel word ook verder bevestig deur die feit dat ook op hierdie vergadering van ERPA was die UDF gekoördineerde kampanje teen Swart Plaaslike Besture bevorder en was die massas gemobiliseer en gepolitiseer aan die hand van knelpunte o.a. die oneerlikheid van raadslede, die huurkwessie, ens. Dié doel van hierdie mobilisasie en politisering was om die massas te aktiveer teen Raadslede en die sisteem om dit te vernietig.

## 5.

Wat die mars van 3 September 1984 betref word daar ten slotte verwys na die volgende met respek, belangrike aspekte:

1. Die aansluiting van die groot groep persone by die optog.
  - (a) Die Verdediging het wyd uiteenlopende weergawes voor hierdie hof geplaas. Daar is op enkele voorbeelde uit van die getuienis gewys (supra).
  - (b) Die Verdedigingsgetuies gee voor dat 'n groot groep van ± 300 by die hoofoptog, wat aanvanklik ± 400-900 mense behels het, aangesluit het en daarna voortbeweeg het tot in die omgewing van "Hunters Garage" waar die Polisie teëgekoms is.

- (c) Die Verdedigingsgetuies wat op plekke vanaf heel agter tot heel voor in die optog sou geloop het, het ook almal na bewering die groot groep mense opgemerk op een of ander stadium en op een of ander plek onder een of ander omstandigheid waaroor die getuies dikwels drasties, selfs skryend verskil.
- (d) Tog was nie een van hierdie getuies werklik in staat om aan hierdie hof te beskryf hoe hierdie groep aangesluit het en saamgesmelt het met die optog nie.
- (e) 'n Interessante weergawe in dié verband is die van die kerkopsigter Pitso Ratibisi. Hy sien die groep as een "which appeared to me to be facing our direction ..."  
Vol. 306 p.17581.

Wat opval is dat hy dan beskryf hoe die marshalls daardie mense in die optog moed ingepraat het en probeer kalmere het. Wat hy beskryf in die verband (by BP Garage) waar die groot groep sou aangesluit het na bewering stem verbasend ooreen met wat die ander verdedigingsgetuies in die breë plaas by Hunters Garage (met weersprekings). Die Verdedigingsgetuies het ook nie melding gemaak daarvan dat die marshalls



by BP sou opgetree het soos Ratibisi beskryf nie. Hierna hardloop hy ook weg (soos die ander sê daar gedoen is te Hunters Garage).

- (f) Hierbenewens was die Staatsgetuies, konsekwent in hul ontkenning dat daar hoegenaamd 'n groep soos beskryf aangesluit het.

Dit is die Staat se respekvolle betoog dat die hof sal bevind dat daar nie so 'n groep by die optog aangesluit het nie, maar die Staatsgetuies geloofwaardig sal bevind.

Ons wil met respek by die Agbare hof aanvoer dat die getuies vir die Verdediging soos aangevoer wanneer dit gekom het by die kardinale punte wat die skuld teen die beskuldigdes direk raak hulle geheues goed was.

Dit was opmerklik dat hulle dan slegs in staat was om 'n breë algemene weergawe te gee. Sodra hulle omtrent wesenlike aspekte om detail gevra word, is dit asof hulle toeslaan of dan is daar die geweldige weersprekings waarvan sommige hierbo aangestip is.

Die kardinale vraag wat aan die hand van die getuienis soos aangebied deur die Verdediging gevra moet word, is wat gaan die Verdediging hierdie hof vra om te aanvaar as die waarheid:

1. Gaan die hof gevra word om te glo dat die opmars vanaf die vertrek van die kerk tot waar hulle deur die Polisie voorgekeer is onbelemmerd beweeg het.

2. Sal die hof gevra word om te glo dat daar in die interseksie 'n magdom mense was wat die indruk kon skep van 'n massavergadering en hierdie mense aangesluit het by die optog.
3. Of sal die hof gevra word om te aanvaar dat vanaf die rigting van die poskantoor 'n ander optog genader het in die teerpad om by die optog aan te sluit.
4. Of dalk om te aanvaar dat daar 'n groep van ± 300 mense was wat nie 'n hegte groep gevorm het nie, maar versprei was oor die sypaadjies en die pad naby die interseksie aan die regter vleuel van die pad.
5. Of sal die hof gevra word om te aanvaar dat die groep wat aangekom het by die optog aangesluit het daar in hul spore om te draai en 'n nuwe voorhoede te vorm en dat die leiers teen die oorspronklike optog 'n paar honderd meter vanaf die interseksie eers weer daarin kon slaag om die voerpunt te bereik.
6. Of moontlik om te glo dat die ordelikheid van die optog se voorhoede by die interseksie versteur was omdat verskillende groepe daar by die optog aangesluit het en die voerpunt van die optog nie meer die voerpunt gebly het nie omdat mense vanaf die linkerkant die regterkant en vanaf die steeg aangesluit het om die nuwe voorhoede te vorm.

- 7. Of gaan die hof gevra word om te aanvaar dat die groep wat aangesluit het, agter die leiers voor en die plakkaatdraers agter hulle wat hul posisies behou het ingesypel het in die optog terwyl nie een enkele getuie van die verdediging vir die hof kon vertel hoe 'n groot groep van 300 mense infiltreer het nie.

Dit word respekvol aangevoer dat talle verdere voorbeelde uit die getuienis aangevoer kan word. Dit is onses insiens nie nodig om dit te doen nie.

Met respek word ons versoek herhaal dat die getuienis van die Staat oor die gebeure van 3 September 1986 aanvaar word en die van dié Verdediging insoverre dit daarmee in botsing is, verwerp word.

SUBA1 ① *Makati gedreig deur Esau + Joab*  
 Skuit in: "Kee" Maklatsi  
 aanvaar staat se weergawe.  
 - daar is die verskuldigde verdedigingsweergawe van Esau wat die weergawe van staat

② *Crisis van abt Esau Kadibula + van die bestuif*  
 Verd. het probeer om Esau weg te bring van die kop vd. proses.  
 Water verd. weergawe wat breë aanvaar.

③ *Die intersekse getuennis:*  
 - Sal verd via dat in dal vd optog wel in die stap op is  
 - Was daar in massa mensse in die intersekse  
 - Wat van die optog van voor, die aansluiting was

*Daar het woorde 'n groot groep aangesluit daar was - 20 mense wat met ...*